

## DEEL I.

### DIE WOORDREEKSE EN WOORDGROEPE.

#### Hoofstuk I. Die Woordreekse.

7. Ten opsigte van die gebruik van bindwoorde kan ons drie hooftiespes van woordreekse onderskei:

1. Reekse sonder bindwoorde: *manne, vroue, kinders*;
2. Reekse met bindwoorde tussen alle lede: *[en] manne en vroue en kinders*;

3. Reekse met bindwoorde alleen maar tussen party (gewoonlik die laaste twee) woorde: *manne, vroue en kinders*.

8. Die bindwoorde kan optree by reekse met alle moontlike betekenis-skakeringe; dog soms is die bindwoorde onmisbaar en soms kan hulle ontbeer word. In die reekse waar die gebruik van die bindwoorde fakultatief is, speel die musikale middele 'n voorname rol. Ons kry dan die volgende indeling:

A Reekse met fakultatiewe gebruik van bindwoorde:

9. 1. *Kopulatiewe reekse*. Die lede van die reeks word met gelykmatige aksent naas mekaar gestel. Die inwendige verhouding waarin hulle tot mekaar staan word nie uitgedruk nie. As bindwoorde kan o.a. optree: *en, (en) ook, asook, alsmede, ingelyks, dan nog, verder, buitendien, bowendien, eindelik, (en) ten laaste, daarby, eweneens, daarenbowe, of, sowel... asook, nie alleen... nie... maar ook, deels... deels, gedeeltelik... gedeeltelik, eensdeels... andersdeels, ten eerste... ten tweede... ten derde ens., nog... nog, ens.*

Vbb.: *Moedige, dappere, trouhartige held.*

*Jy kan daar met perde, beste of skape boer.*

*'n Gelaat wat getuig van lye en volharding, van kalme berusting daarby in die wil van God (Leesboek, bls. 242).*

*Nie alleen Kaffers nie, maar ook blanke.*

*Heldedade waarvoor beloning nog bewondering gevra word van die wêreld (Leesboek, bls. 242).*

10. In sommige gevalle bestaan die gelykberegtigheid van die lede alleen naar die vorm en is hulle naar die betekenis aan mekaar ondergeskik. In *wees so goed en meld my...* is 'meld' naar die betekenis afhankelik van 'wees so goed'.

11. Heel dikwels groei sulke verbindings saam tot 'n eenheidsbegrip. Vgl.: *Hy staan en praat; dit golwe en golwe; dis baie baie mooi; iets met hart en hand belowe.*

12. 2. *Belangrikheidsreekse.* Die toonshoogte styg of daal, waardeur die belangrikheid van die lede ten opsigte van mekaar uitgedruk word. Belangrike lede kry 'n hoër toon as minder belangrike en in die dalende of stygende betoningskema moet die volgorde van die lede ook ooreenkom met hul belangrikheid. In: *Kaapstad, Johannesburg, Pretoria* met stygende betoning is 'Pretoria' die voornaamste woord. Maar as ons sê: *Kaapstad en ook Pretoria het dit toegestaan* met dalende toon tussen en insluitende 'Kaapstad' en 'Pretoria,' dan is die leidende lid 'Kaapstad' tewens die belangrikste. As bindwoorde vir sulke reekse kan o.a. gebruik word: *(ja) selfs, laat staan, (en) veral, nie alleen nie... maar ook veral* en, met die nodige beweging van toonshoogte, ook die bowegenoemde kopulatiewe bindwoorde. Vb.: *Hy is nie eers teleurgesteld nie, laat staan kwaad.*

13. 3. *Temporale reekse* druk uit in watter verhouding ten opsigte van tyd die handelinge wat deur die verskillende lede aangegee word, tot mekaar staan. Die verhouding word aangegee deur die volgorde; die spreektempo is langsaam (tussen die lede word gepouseer); die toonshoogte bly gelykmatig, b.v.: *Hy het gereis na Europa, Amerika, Asië.* As bindwoorde kan gebruik word: *eers, daarna, vervolgens, toe, dan, (en) (te)gelyk, (en) gelyktydig, tevore, vroeër, voorheen, die een keer... die ander keer.* Die bindwoorde dien dan tewens tot bepaling van die handeling. Vgl.: *Hulle kom, eers die een en toe die ander; hy het stilgehou, die een keer hier, die ander keer daar; hy was predikant van die Hervormde kerk, vroeër van die Sendinggemeente in B.*

*B* Reekse waarin bindwoorde onmisbaar is. Naar die

betekenis kan hierdie reekse onderverdeel word in:

14. 1. *Disjunktiewe reekse*. Die lede weerspreek mekaar wat begripsinhoud betref; daaruit moet die hoorder 'n keuse doen. As bindwoorde tree op: *of, of... of, b.v.:*

*Wat sê jy: Ja of nee?*

*Dit was matrose, soldate of jagters.*

15. 2. *Adwersatiewe reekse* druk uit dat die samegaan van die begrippe nie verwag word nie en dat dit tog gebeur. Gebruik word gemaak van die bindwoorde: *maar, (en) desondanks, nietemin, (al)hoewel, (en) tog, ofskoon, b.v.:* *arm maar gesond, beskaaf hoewel ongeletterd; moedig ofskoon teleurgesteld.*

16. 3. *Konsessiewe reekse* druk uit dat die samegaan van die begrippe wel verwag word maar dat net een aanwesig is. Daarvoor word bindwoorde gebruik soos: *wel nie . . . . . maar (nietemin), nie . . . maar daarenteen, so (indien) nie . . . dan (tog), b.v.:* *indien nie rijk nie dan tog welvarend. Hy is nie slim nie maar daarenteen hardwerkend.*

17. 4. *Konsekutiewe reekse* gee 'n gevolg aan. Gebruik word gemaak van bindwoorde soos: *(en) dus, daarom, derhalwe, gevolglik, dientengevolge, (en) daardeur, (en) hierdeur, en dan ook, b.v.:*

*Hy is eersugtig en daarom ongelukkig.*

*Sy is sieklik en dan ook huissittend.*

18. Die reeks kan 'n onderdeel van 'n groep wees, b.v.: *die arme, ongelukkige, jonge man* en omgekeerd kan die hele reeks of van sy lede weer onderdele hê en dus die kern van 'n groep uitmaak, b.v.: *die manne, vroue en kinders op die plaas; die manne, vroue, en groot kinders.*

---

## HOOFSTUK II.

### Die Substantiefgroep en die Groep van die Substantiewiese Pronomen.

A. *Substantief + Adjektiewiese Woord* (in ruimer sin).

19. Ons onderskei drie groot vormklasse waarin hierdie verbinding voorkom.

(1) Die eerste word gevorm deur die verbinding van 'n Substantief en 'n Adjektiewiese woord, wat deur ander woorde van mekaar geskei kan word. As adjektiewiese woorde kom voor: Lidwoord, adjektiewiese Voornaamwoord en Telwoord, wat ons in die vervolg — waar nodig — in besondere sin Adjektiewiese Woorde sal noem. Deur die verbinding word die inhoud van die Substantief aangevul of voltooi. 'n Spesiale manier van voltooiing is dat die Hoof- en Onbepaalde Telwoorde die omvang of hoeveelheid van wat die Substantief aandui te kenne gee. Vbb.: 'n [*goeie*] man; sy [*hele*] vermoë; twee [*klein*] kindertjies; die tweede [*rooi*] huis in die straat. By die vraende woorde word die aanvulling of voltooiing eers deur die toegesproke persoon gegee, b.v. *watter rooi huis?* — *Die middelste.*

(2) Die tweede klas is die verbinding van 'n Substantief met 'n Adjektief wat by voorplaatsing nie van die Substantief geskei kan word nie. So 'n Adjektief sal ons — waar nodig — die Eintlike Adjektief noem. So 'n Adjektief bepaal die betekenis van die Substantief, of as hierdie verbinding in dieselfde groep as 'n verbinding van die eerste klas voorkom, van die aangevulde Substantief. Die bepaling kan op twee maniere plaasvind: (a) Die Adjektief kan 'n vaste eienskap van wat die Substantief aangee, na vore bring; dus die betekenisinhoud daarvan analiseer en spesifiseer, maar nie verander nie.

As ons b.v. sê: *die goeie Oom Koos was ook daar en daarmee 'n bekende persoon op die oog het, dan bring ons een van die eienskappe van Oom Koos naar vore, maar verander niks aan die verdere betekenis wat in die woorde 'Oom Koos' opgeslote lê nie. Die verbinding kan ook te kenne gee dat dit slegs 'n tydelike of toevallige eienskap is, soos is: hy het sy lang baard afgeskeer.* (b) Die Adjektief kan die betekenisinhoud van die Substantief vereng. Bevoorbeeld in: *Oom Koos het 'n goeie vrou getrou* word die betekenis van 'vrou' beperk tot 'n bepaalde klas vroue, n.l. die goeies. Wat die vorm betref maak die taal egter geen verskil tussen sulke betekenisklasse nie.

(3) Tussen hierdie twee groot klasse in staan bepaalde verbindings van Substantiewe met die woordjie *ou* wat volgens die betekenis, as aangevulde Substantiewe, tot die eerste klas behoort, maar die vorm van die tweede klas vertoon om redene wat deur die geskiedkundige ontwikkeling aan die hand gegee word.

(1) *Substantief + Adjektiewiese Woord* (in enger sin).

20. Hierdie verbinding kan in twee klasse verdeel word:

(a) Verbindings waarin die aksent van die adjektiewiese woord — as geen van beide woorde 'n besondere nadruk kry nie — aan die van die Substantief ondergeskik is. As adjektiewiese woorde kom voor: Lidwoorde (*die en 'n*), Besitlike Voornaamwoorde (*my, jou, sy, ons, hulle, julle, ens.*) en soms die woorde *daardie* en *hierdie*. Met die twee laatste woorde is dit veral die geval as hulle slaan op iets wat reeds bekend is. Hierdie woorde word dus in sulke gevalle feitlik verbleek tot gewone Lidwoorde. Tog bring hulle tweeledigheid mee, dat die eerste deel deur die sinsritme nog iets sterker betoon word as die tweede. *Daardie* of *hierdie* is dus as geheel aan die Subst. ondergeskik wat die aksent betrek, maar op *-die* val dieselfde nadruk as op die Lidwoorde *die en 'n*, terwyl *daar-*, *hier-* iets meer kry. Vgl.: *Gister het ons gaan loop en toe sien ons weer vir die soveelste keer daardie ou mannetjie met die rooi baard op straat.*

(b) Verbindinge waarin die adjektiewiese woord sy eie aksent behou. As adjektiewiese woorde het ons hier te doen met die Telwoorde en die orige byvoeglike Voornaamwoorde.

(a) *Subst. + Lidwoord, Besitlike Vnwd. of daardie, hierdie.*

21. Hoewel die aksent van die adjektiewiese woord aan die van die Substantief ondergeskik is, kan dit 'n nadruksaksent kry waar die verband dit eis. Vergelyk: *Ek praat nie van jou vrind nie, maar van 'n man* met *ek sien 'n man*; *dis my huis en nie jouwe nie* met *my huis is amper klaar*. Dié met aksent, word egter 'n Aanwysende Vnwd. genoem en die vorme *een, geen*, met volle klinker, Telwoorde.

22. Soos die ondergeskikte aksent aandui is die verbinding van die Subst. met die adjektiewiese woord baie eng, ondanks die groot afstand waarop hulle van mekaar kan staan. Tog is die verbinding minder eng as by 'n kompositum. Dit blyk daaruit, dat die Lidwoord of Besitlike Vnwd. as 'n belemmering gevoel word by die tot stand kom van 'n nouer eenheid. Daarvoor kom veral in aanmerking adverbiale verbindinge, wat deur 'n Preposiesie ingelei word. Dié kan in Afrikaans dikwels met of sonder Lidwoord of Pronomen Possessivum voorkom. Vergelyk: *Dit was toe die boer met graansak agter rug, vee aan die horing, van die een deur naar die ander moes loop* (E. Skrywers, bls. 2); *in algemeen* (E. Skrywers, bls. 71); *in die algemeen* (Idem, bls. 74); *oor algemeen* (Boervrouw, bls. 66); *sodra die huis aan die kant is* (Duimpie II, bls. 23) naas gewoonlik (soos ook meestal in Nederlands): *aankant* (Vergelyk ook:  *iemand vankant maak*); *die jongmense groet hom van al die kante hartlik* (Misdade, bls. 110), naas dikwels: *van alkante*. In al die volgende gevalle kon daar 'n Lidwoord of Voornaamwoord gestaan het. In sommige gevalle sou dit vir die skrywer hiervan die gewenste konstruksie gewees het:

*Om 'n toestand in lewe te roep* (E. Skrywers, bls. 47).

*Het my dikwels uit grap in Portugees aangespreek*

(Idem, bls. 155).

*Wat nou en in verlede opval is die algemeenheid van talent* (Boervrouw, bls. 104).

*Dat ons vrouwvolk in geheel veel hoger staan als die van Engeland* (Boervrouw, bls. 147).

*Sake het ook nie te danig pluigeloop van begin af nie*  
(Boervrouw, bls. 1).

*Meer besonder van die groot stede* (Pers).

*Het vroukje my voor stok gehad* (Sonde, bls. 85).

*Kry ek vir jou in hande dan . . .* (Malkop, bls. 22).

*Waar hy so 'n bangbroek oplyf geloop het* (Malkop, bls. 29).

*Als ons die eers uit hart en hand laat raak* (Boervrouw, bls. 67).

*Het ons perbeer die Groot Trek in ware verhouding met die geskiedenis van ons vaderland te bring* (Boervrouw, bls. 20.)<sup>1)</sup>

'n Besonder interessante geval is 'n Infinitief voorafgegaan deur aan. Ook hier wissel die vorme met en sonder Lidwoord mekaar af. As Lidwoord tree naas *die* ook 't op. Dr. Schoonees<sup>2)</sup> vra of die vorme met *die* nie veel meer Afrikaans is as die met 't nie, dog volgens die Huisgenoot<sup>3)</sup> is 't "nog goed bekend in die Afrikaanse spreektaal van verskeie streke van ons land — veral in die Boland en die Suidelike Distrikte van die Kaapprovinsie" en ook in die Transvaal. Soos uit die volgende voorbeelde blyk, kom dit by skrywers uit Transvaal, Vrystaat en Kaapkolonie voor en gebruik dieselfde skrywer selfs aan 't en aan *die* naas mekaar.

Vergelyk:

*Om 'n mens aan lewe te hou* (Na Olikheid, bls. 36).

*Sal ek weet dat jy aan kom is* (Vergeet Nie, bls. 111).

*Als Pa kwaad word en eers aan die slane is, dan kry ek dalk ook 'n raps* (Duimpie II, bls. 17).

---

<sup>1)</sup> Vir vbb. by J. H. H. de Waal sie: Schoonees, *Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging*, bls. 130 en vir vbb. in die moderne Ndl. literatuur: Den Hertog, *Ndl. Spraakk. III*, blss. 78-80.

<sup>2)</sup> *Prosa*, bls. 243.

<sup>3)</sup> Nov. 1922.

*Dit was drie uur vóórdat die water gekook en vier uur voordat ik weer aan die slaap was (Ons Weg, bls. 30).*

*En beskouw hoe het die boom daar gesukkel en gestry om aan die groei te kom (Ons Weg, bls. 32).*

*En toen ik . . . buite op die stoep kom, was daardie nare ou koue motregentjie aan 't val (Ons Weg, bls. 31).*

*En toe gaan ek aan 't skiet aan (sic) die haan (Sonde, bls. 24).*

*Ongeveer terselfdertyd . . . was daar in Holland 'n ander teorie aan 't opkom (Ontstaan v. Afr., bls. 22).*

*Dat syn „impies” aan 't kome was (Piet Retief, bls. 79).*

23. Ook waar die adwerbiale uitdrukking nie deur 'n Preposiesie ingelei word nie, hoef daar g'n Lidwoord te staan nie. Vergelyk:

*Waar is die muis wat jy my anderdag belowe het?*  
(Duimpie II, bls. 17).

*Anderdagmôre vroeg kom die wit wolhaar hondjie*  
(Duimpie II, bls. 8).

So ook: *anderjaar, -maand; verlede jaar, week; agtermiddag* ens.

24. By party van hierdie uitdrukkinge, soos: *in algemeen, oor algemeen, in geheel, meer besonder*, is Engelse invloed voelbaar. Die meeste kan uit oeroue tye oorgeërf wees.<sup>1)</sup> So is *achter rugge* reeds Middelnederlands en gebruik Vondel ook *achter ruggh*. *In hant comen* dateer uit die Middeleeue en in moderne Nederlands bestaan nog: *in handen, op handen en tans* (< *te hands*). Ons is dit egter dâárom te doen, dat die twee vorme naas mekaar bestaan in Afrikaans; dit en die feit dat die vorme sonder Lidwoord of Voornaamwoord deurdring tot gevalle soos: *in verlede, uit grap, anderdagmôre* bewys dat die verbinding Subst. + Lidwd. (of Vnwd.) vir die Afrikaanse taalgevoel nog so los is, dat die aanwesigheid van die adjektiewiese woorde as 'n lastige naad gevoel word by die totstandkom van 'n groter of enger eenheid.

<sup>1)</sup> Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 92. m.; Van der Veen, *Taaleigen*, § 94, 3; Van Helten, *Vondel's Taal*, § 213 b-c; § 234.

25. Ook in moderne Nederlands kan die adjektiewiese woord onder soortgelyke omstandighede agterweë bly. <sup>1)</sup> 'n Treffende parallel is Afr. *na kerk*, Ndl. *naar kerk*. In Suid-Afrika waar die kerk net so 'n onmisbare bestanddeel van die samelewing is as die skool, word die Lidwoord by geen van beide woorde gebruik nie. In Nederlands word egter *naar school* maar *naar de kerk* gesê, dog Den Hertog vermeld: „Op kleine plaatsen, waar maar één kerk is, zegt men soms: *naar kerk*” en net so kom die oudhollandse *naar stad* voor „in den mond van dorpsbewoners”.

26. In Platduits kan dieselfde verskynsel waargeneem word. Vgl.: *He geht ni to Kark un to Mark; ehr de Hund Kümmt, is de Has to Holt; he störrt na Del; dat eerst Jahr seit de Bur Kantüffeln, anner Jahr seit he Weeten.* <sup>2)</sup>

27. Daarenteen word die afsonderlike bestaan van die Lidwoord nie meer gevoel in vaste uitdrukkinge, waarin dit met die Preposiesie saamgegroeï het nie. Vgl.: *ter aarde bestel, ter dood veroordeel, alles ten beste* ens. Dieselfde samesmelting kan waargeneem word in Nederlands en Duits. Vgl. Ndl. *ten onrechte* naas *te recht*, waar *ten* as gelykwaardig met *te* en dus as Preposiesie gevoel word. So kom ook dikwels in Duits *zur* en *zum* sonder betekenisonderskeid naas *zu* voor. Vgl. *zu Hause* naas *zur See, zur Seite*. In die Vrystaat kom ook nog uitdrukkinge soos: *oppén duur; voren dag, teenste aand* voor, <sup>3)</sup> wat met 'n baie uitgebreide Platduitse verskynsel ooreenkom. „Die Fähigkeit, das Verhältnisswort mit dem Geschlechtswort zusammenzuziehen, ist echt volkstümlich und im Plattdeutschen viel gebräuchlicher und ausgedehnter als im Hochdeutschen: *mit 'n stock, œwer 'n Tun, achter 'n Knick, in 'e Kark*”, <sup>4)</sup> ens. In die algemeen Afrikaanse *deuren-tyd* (< *deur den tyd*) is die Subst. ook opgeneem is die sametrekking.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Den Hertog, *Ndl. Spraakk.*, blss. 78 vlgg.

<sup>2)</sup> Meyer, *Unsere Plattdeutsche Muttersprache*, bls. 71.

<sup>3)</sup> Mededeling van Dr. D. F. Bosman.

<sup>4)</sup> Meyer, *Unsere Plattdeutsche Muttersprache*, bls. 71.

28. In sommige verbindings van 'n Substantief met 'n Werkwoord word die Lidwoord of Persoonlike Vnwd. gebruik om twee eenhede aan te dui, waar 'n mens sonder die woorde maar een eenheid sou hê. In:  *jy moet handgee*  is 'handgee' een eenheid, maar in:  *jy moet jou hand gee*  is 'jou hand' 'n eenheid en 'gee' 'n ander eenheid. Dieselfde verhouding bestaan tussen  *die pyp opsteek*  en  *pypopsteek*  en tussen  *oëknip*  en (met Prep. en Lidwd.)  *met die oë knip* . (Sie benede).

*Vorm en posiesie.*

29. Die adjektiewiese woorde het een onveranderlike vorm. Dat  *onse*  naas  *ons*  voorkom is 'n suiwer plaaslike verskeidenheid, wat nie van die sintaktiese gebruik van die woord afhang nie. In die Boland word  *ons*  gebruik, in Transvaal is  *onse*  vermoedelik die gewone vorm; in die Vrystaat kom — naar my meegedeel word — albei vorme voor. Sou die laaste die oorgangsgebied wees?

30. Die posiesie van die adjektiewiese woorde is óf onmiddellik voor die Subst., óf, soos reeds gemeld, verder naar vore en daarvan geskei deur ander Adjektiewe.

31. Die groepsverskuiwing wat kan waargeneem word in:  *die spulletjie hier was al te 'n groot grap*  (Sonde, bls. 58) kom taamlik veel voor. Reeds in die Middeleeue kom uitdrukkinge voor soos:  *si maecte alten groten huys*  en ook in Duitse dialekte is dieselfde verskuiwing bekend.

32. 'n Vorm soos  *liefste myn*  is 'n verstarde oorblyfsel uit vroeër tye.

33. Waar  *daardie*  en  *hierdie*  agter die Subst. staan, soos in:  *dis 'n man daardie wat . . .* , het dié woorde hulle gewone krag as Aanw. Vnwd. behou. (Sie benede).

34. Voor 'n reeks Adjektiewe wat op een voorwerp ens. betrekking het, staan die adjektiewiese woord maar een keer:  *'n (haar) skoon wit voorskootjie* . Waar meer as een voorwerp ens. deur die Subst. uitgedruk word, kan dit herhaal word, maar dis nie nodig nie:  *die goeie en (die) slegte kant van die saak* . Alleen waar verwarring sou kon ontstaan, word die adjektiewiese woord herhaal om die dubbele inhoud

van die Subst. aan te gee. Vgl. *die Nederlandse en Duitse gebruik met die Nederlandse en die Duitse gebruik*. Waar 'n reeks van Substantiewe op een voorwerp ens. slaan, is die herhaling van die Lidwoord of Besit. Vnwd. fakultatief: *die oorwinnaar en (die) regeerder van die land; hulle is sy houthakkers en (sy) waterdraers*. Dieselfde geld van 'n Lidwoord of Besit. Vnwd. voor 'n reeks Subst.<sup>e</sup> wat verskillende voorwerpe ens. aandui: *die vroue en (die) kinders; sy klere en (sy) skoene; sy hoofd en sy hand v'r sy volk en sy land* (Vlakte, bls. 38); *die gebulk van koeie en gelag van kinders klink op die stille aanduur* (Getrou, bls. 7).

*Opmerking by §§ 20-34.* Heel in die algemeen kom die gebruik van die Bepaalde en die Onbepaalde Lidwoord ooreen met die Nederlandse <sup>1)</sup> en die Duitse <sup>2)</sup> gebruik. Ook in Afrikaans kan albei Lidwoorde sowel 'n individualiserende as 'n generaliserende betekenis uitdruk. In besonderhede is daar sterk afwykinge van Nederlands, waarby Engelse invloede 'n belangrike rol speel. Vgl. *Die stem van gewete* (Boervrouw, bls. 57), *die praatwerk wat nege tiende van politiek uitmaak* (Boervrouw, bls. 101), *Wat 'n jammer* (Johannes van Wyk, Prosa, bls. 129), *waarvan alle Afrikaners in die stede prooi was* (Die Twede Grieta, Prosa, bls. 129), *'n plesier daarin neem* (Diere-Stories, Prosa, bls. 99) *die aand na ete* (Sonde, bls. 62).<sup>3)</sup>

In veel gevalle het Afrikaans ook die ouer Nederlandse gebruik bewaar of uitgebrei. Hieronder val veral, dat Afrikaans geen Lidwoord gebruik voor gesubstantiveerde Pronomina nie, b.v.: *Rousseau neem nou sy vrou haar hand in syne* (Getrou, bls. 8) en dat die gebruik van die Lidwoord voor gesubstantiveerde Telwoorde en voor die superlatief van Byvoeglike Naamwoorde fakultatief is, b.v.: *Sy is altyd (die) eerste (beste) in haar klas*; so ook voor die superlatief van Bywoorde: *Hy loop (die) hardste van almal*.

Daarenteen bestaan daar weinig grond vir die mening dat algemeen Afrikaans in hierdie opsig sterk beïnvloed is deur die taal van die inboorlinge.<sup>3)</sup> In diereverhale word *Jakhals*, *Wolf* ens. as eiename gebruik en kry om dié rede geen Lidwoord nie.

<sup>1)</sup> Vgl. Simons, *Lessen over 't Lidwoord* (N. Taalg. IV.)

<sup>2)</sup> Vgl. Paul, *Deutsche Gr.* IV §§ 144-5.

<sup>3)</sup> Du Toit: *Afrikaansche Studies*, blss. 101-2.  
Hesseling: *Het Negerhollands*, blss. 115-6.

Vgl.: *en toe sê Jakhals vir Wolf ... In: pompoen groei hier beter as waterlemoen*, ens., word die plantnaam tewens as stofnaam gevoel. Vgl. b.v. Ndl.: *Bloemkool groeit hier goed*. Mens en *beetje* wat alleen in die Noorde sonder Lidwoord voorkom, asook *party*, het die korter vorm te danke aan die gebruik resp. as Onbepaalde Vnwd., Bywoord en Onbepaalde Telwoord.

Die skrywer Leon Maré het hom die aardigheid aangewen om nagenoeg alles onbepaald te stel. Daardoor word af en toe 'n groter bepaaldheid verkry. Vergelyk die volgende beskrywing van Annie Bester: „'n Bruin krulkop met 'n pronkende swart strik daarop word gouw teen 'n veranda paal neergelê, 'n rooi-bruin blossie kruip oor 'n ronde gesig, wat só met krulle bedek word, dat 'n kop gouw moet agteroor swaai dat lewendige en laggende oë weer kan opkyk, om 'n pa verder aan te hoor, wat so indagtig pyp sit en uitkrap” (Nuwejaarsfees, bls. 29). Vermoedelik is dit 'n oordrywing van iets wat reeds in die omgangstaal in Transvaal in kiem aanwesig is. Ook van Bruggen skrywe: *Dan voel hy 'n koue rilling sy rugvel rimpel en stap vinnig 'n koers uit* (Veld, bls. 130). Naar my meegedeel word is die laaste uitdrukking ook in die Vrystaatse spreektaal goed bekend.

Die betekenis van die Substantiewiese Voornaamwoorde bring mee dat hulle nie 'n woordgroep met Lidwoorde en Besitlike Voornaamwoorde kan vorm nie.

**35. Geskiedkundig.** Die Bepaalde Lidwoord het ontstaan uit die Aanwysende Voornaamwoord, net soos ons nuwe Afrikaanse Aanw. Vnwde *hierdie* en *daardie* nou besig is om tot Lidwoorde te verswak <sup>1)</sup> en die Onbepaalde Lidwd. gaan terug op die Telwoord. Met die verswakking van klemtoon het dikwels gepaard gegaan 'n verlies van vokaal (vgl. *d' eerste*, *'t kind*, *'n man*). In die middeleeue het in die Nederlande die vorme *de* en *die* naas mekaar bestaan. <sup>2)</sup> Die vorm *die* het hom egter nog lank gehandhaaf en dit tree nog af en toe op in Algemeen Beskaafde Nederlands en lewe voort in sommige dialekte. In Afrikaans is die vorm met volle vokaal (net soos in: *my*, *jou*, *haar*) die enigste

---

<sup>1)</sup> Aldus Franck, *Mnl. Grammatik*, bls. 181. Behaghel (Deutsche Syntax, § 19) sê egter: „Der bestimmte Artikel stammt aus dem anaphorischen Pronomen — nicht aus dem deiktischen, wie vielfach angenommen wird.”

<sup>2)</sup> Franck, *Mnl. Grammatik*, bls. 182.

wat bly bestaan het. Sommige geleerdes wil dit egter aan vreemde invloede toeskrywe.<sup>1)</sup> In Amsterdam en die Zaanstreek was *jou* in die sewentiende eeu en daarna gebruiklik ook as daar geen nadruk op die woord geval het nie,<sup>2)</sup> en dié gebruik kom nog voor veral in Friese en Saksiese dialekte in Nederland, maar ook in Algemeen Beskaafd.

Vroeër het die Lidwoord of Besitlike Voornaamwoord die sintaktiese diens gedoen, dat dit die Substantief gehelp het by sy kasus-vorming, waardeur die verhouding van die eenheid Subst. + Lidwd. of Besit. Vnwd. tot ander eenhede in die sin kon uitgedruk word. Daarmee het gepaard gegaan 'n differensiering van die Substantiewe volgens woordgeslag. Behalwe in enkele vasstaande uitdrukkings wat uit die hoër styl geërf is soos: *kind des doods*, *brood der smarte*, *myns insiens* bestaan hierdie gebruik nie meer in Afrikaans nie. Reeds in die sewentiende eeu, toe die nedersetting aan die Kaap gestig is, was die gebruik van hierdie Lidwoorde en Voornaamwoorde om die Genitiefs- en Datiefsverhouding uit te druk in die Nederlandse spreektaal so goed as uitgestערwe en in die literêre taal was die gevoel vir die geslagsonderskeiding, altans wat die Genitief betref, verdwyn. Vgl. § 145. Hulle gebruik om die Akkusatiefsverhouding uit te druk het verdwyn saam met die Akkusatiefsvorme van die Adjektiewe en word dus daar behandel.

(b) *Subst. + Telwoord, Vraende, Aanwysende, Onbepaalde, Uitroepende, Distributiewe, Resiprokale of Versterkende Voornaamwoord.*

*Sonder Vormwoord.*

36. In hierdie verbindingsse het iedere lid 'n eie aksent.

---

<sup>1)</sup> Vgl. J. J. le Roux: *Het Lidwoord „die”* (N. Taalg. XIII.); D. C. Hesseling: *Nog eens die als Lidwoord* (N. Taalg. XIII.); D. B. Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, blss. 93-4; 110-11.

<sup>2)</sup> Vgl. Boekenooien: *De Zaanse Volkstaal* en die geskrifte van b.v. Bredero, W. D. Hooft en T. Asselijn.

In sommige gevalle is die aksent vry, d.w.s. die adjektiewiese woord en die Substantief kan met gelykmatige aksent uitgespreek word vir sover die sinsritme daar nie op inwerk nie, óf een van beide kan deur sy belangrikheid 'n sterker aksent as die ander kry; in ander gevalle is die adjektiewiese woord gebonde aan 'n sterker aksent. Ons deel die verbindings in twee groepe naar die posiesie van die woorde in, en bespreek die gevalle van vaste aksent onder die afsonderlike tiepes.

37. (α) Die vraende, uitroepende en onbepaalde Voornaamwoorde kan alleen vóór die Subst. staan. Ander Adjektiewe staan tussenin: *watter huis?* maar *watter groot huis?*

38. Die vraende Vnwd. *watter* (plat: *waffer*), b.v. *watter huis*, *watter man* ens.? uit *wat vir* (< *wat voor*), wat ook nog onsamegetrokke voorkom: *wat vir man*, het deur groepsverskuiwing ontstaan. In die vraende Vnwd. *wat vir 'n* (Lat. *qualis*) is ook die Lidwoord betrokke in die groepsverskuiwing: *wat vir 'n man?* Daarnaas kom voor: *hoe 'n man?*

39. Op dieselfde manier het die uitroepende Vnwde: *wat 'n*, *wat vir*, *wat vir 'n*, *wat se*, deur groepsverskuiwing ontstaan: *wat 'n pragstuk!*; *wat 'n mensdom!*; *wat vir ('n) lawaai!*; *wat se spektakel is dit hier!* Dieselfde geld van *hoe 'n*, wat nie alleen vraende Vnwd. is nie maar ook uitroepende. Vgl.: *hoe 'n genot!*

40. Vir onbepaalde Voornaamwoorde kan aangesien word die adjektiewiese woorde in die volgende uitdrukkinge: *sekere Mnr. Le Grange*; *ene Mnr. Retief*; *die een of ander moeilikheid*; *enige plan*; *party mense*.

(β) By die tweede groep van verbindings bestaan meer verskeidenheid:

41. Telwoorde staan gewoonlik voor die Subst., dog hoofgetalle met die funksie van ranggetalle staan daaragter, b.v.: *Tien jaar*, *baie mense* maar: *die jaar nul*, *die jaar 1920*, *hoofstuk tien*. Die woord *genoeg* kan daarvoor of onmiddellik daaragter staan: *genoeg geld* of *geld genoeg*, óf, met sterker aksent, ook verder verwyderd na agter: *en was daar plek*

*in die blad genoeg gewees, sou hij misskien...* (E. Skrywers, bls. 37).

*Opm.* Hoofgetalle kan van ouds óf as Selfst. Nwde óf as Adjektiewe opgevat word. Ons behandel dus hier die verbindings wat ooreenkom met die van Substantiewe met ander adjektiewiese woorde, en onder die verbinding Subst. + Subst. die wat deur hulle formale kenmerke daartoe behoort, soos: *twee van die kinders*. Ook onbepaalde Telwoorde kan substantiewies opgevat word en dus die verbindingstiepes van twee Substantiewe vertoon, soos: *tyds genoeg*. In dié geval word hulle ook onder die tweede groep behandel.

42. Die aanwysende Vnwde kan voor of agter die Subst. staan. *Dié* het altyd 'n sterk aksent, *daardie* en *hierdie* altyd as hulle agter die Subst. staan, b.v. *hierdie man; dié man; dis 'n man hiérdie wat vir niks stuit nie; dis 'n soort saak die wat 'n advokaat 'n kans gee om tog 'n naam te maak* (Spoke, bls. 16).

43. 'n Twede soort verbinding met *die* is sekere gevalle waar *die* nie direk op die voorgaande Subst. slaan nie, maar waar die spreker op iets anders wys of doel terwyl hy *die* sê, en dan te kenne gee, dat wat aangedui word deur die Subst., daar in betrekking mee staan. As 'n moeder b.v. sien, dat die huiskamer deurmekaar is, kan sy sê: *dis die kinders dié*. Hierdie gebruik van *die*, wat ons die deiktiese kan noem, het waarskynlik ontstaan uit die gewone terugwysende gebruik, maar dan met 'n verklarende bysin. As uitgangspunt moet ons aanneem sinne soos: *dis die kinders dié, wat dit gedoen het*, wat gepaard gegaan het met 'n aanwysende gebaar. Mettertyd is die aanwysende gebaar as duidelik genoeg gevoel en kon die verklarende bysin agterweë bly. Maar toe kon *die* gevoel word as slaande op die voorwerp waarop gewys word, i.c. 'die deurmekaar kamer', in plaas van op die voorafgaande Substantief. Vandaar 'n verskuiwing in die geleding wat meebring dat *die* die inhoud van 'n bysin verteenwoordig. Die volgende trap in die ontwikkelingsgang is dat *die* ook gebruik geword het sonder die begeleidende deiktiese gebaar. Dit moes gebeur as die betrokke voorwerp,

toestand ens. nie aanwesig was nie, maar tog bekend. As die moeder b.v. nie die deurmekaar kamer sien nie, maar enkel hoor dat dit deurmekaar is, dan kan sy ook sê: *dis die kinders-die*, wat dit gedoen het of sonder bysin: *dis die kinders-die*. In hierdie sinne kry die Subst. die klemtoon en is die aksent van *die* daaraan onderskik; die verbinding het 'n kompositum geword wat met snelle tempo uitgespreek word. Die gebruik van hierdie kompositum verskil van die gebruik van die onsamegestelde Subst. in dié opsig, dat die eerste behalwe die betekenis van die Subst. ook nog insluit 'n aanduiding van iets wat as bekend veronderstel word. Die konstruksie kom alleen na kopulatiewe Ww. voor en moet onderskei word van verbindings soos: *die kinders die het dit gedoen*, waar die tweede *die* die inhoud van die Subst. weer opneem en 'n eie aksent het, terwyl die verbinding met iets langamer tempo uitgespreek word.

44. Ook by die distributiewe *ieder* is voor- en agterplaatsing moontlik. In die laaste geval kan 'n verbale vorm tussen *ieder* en die Subst. staan, b.v. *iedere mens; die kinders sal ieder 'n stuk kry; in Holland, die Kaap en die Noordelike Unie ieder het die woord turf 'n ander betekenis* (E. Skrywers, bls. 78).

45. In die naar Engelse model gevormde resiprokale Pronomen (*die*) *een die ander* word (*die*) *een* nie as afsonderlike eenheid gevoel nie en die uitdrukking kry dus die gewone posiesie van 'n substantief-objek. Vgl.: *In die dae van spanning het gebeurtenisse snel een die ander opgevolg* (Misdade, bls. 228). In die suiwer Afrikaanse vorm van die konstruksie is die posiesie van *die een* gewoonlik voor die Subst.: *die een gebeurtenis het die ander opgevolg*. By Leungroepe is egter 'n woordorde moontlik wat saamval met die Engelse, b.v.: *en toe die mannetjies een na die ander begin te brul* (Oerwoud, bls. 57). (Vgl.: *die mense het party hiernatoe, party daarnatoe geloop*.)

Opm. Hoewel nou verouderd in Nederlands was die uitdrukking *de een den ander* = mekaar, in die sewentiende eeu goed bekend. Vgl.: *D' een d' ander volgen sy* (Bred. III, 115);

*al het welke wy . . . goedgevonden, en besloten hebben, gelyk wy de een aan de ander beloven, 't zelve . . . te onderhouden* (Valentijn, O. I. II, 2, 78 a. — 1628)<sup>1)</sup>

46. Die woorde *self* en *alleen* staan agter die Subst., dra die aksent, en vorm daar 'n kompositum mee: *die skrywer-self*; *Al ken hy maar net Engels alleen* (E. Skrywers, bls. 90). Saam betrek ook Telwoorde in die kompositum. Vgl.: *Die hele famielie saam verdien daar nie genoeg voor nie* en (met Pron.): *Hulle almaal saam is my meesters* (E. Skrywers, bls. 64).

Hierdie drie woorde kan egter ook in lossere verbinding met die Subst. staan. Dan is hulle tewens bepaling by die Werkwoord en staan voor of agter die Subst. met 'n werkwoordelike vorm tussenin; hulle belangrikheid word dan deur 'n sterk aksent naar vore gebring. Vgl.: *Self het die skrywer erken, dat . . .*; *Die skrywer het self erken, dat . . .*; (met Pronomen): *Want ek sal alles moet self uitvind* (Spoke, bls. 16); *Same het die lede daarvoor gesorg*, ens.

#### *Vorm van die adjektiewiese woord.*

47. Die adj.<sup>e</sup> woord tree op in 'n vorm wat om sintaktiese redene nie verander nie. Enkele wisselinge wat samehang met 'n ouer sintaktiese verskeidenheid, soos *enig iets* teenoor *enige man*, is gebonde aan bepaalde woorde. 'n Lewendige onderskeidingsmiddel is sulke wisselvorme nie meer nie.

#### *Met Vormwoord.*

48. Die Substantiewe kan ook deur middel van 'n vormwoord met 'n Telwoord verbind word. As bindwoord word of gebruik, b.v.: *'n man of twintig*; *'n stuk of tien*. Hierdie verbinding het 'n ander betekenis as die wat uit 'n eenvoudige bystelling bestaan. In die laaste geval word die hoeveelheidswoord in sy absolute betekenis gebruik; deur die verbinding met vormwoord word *ongeveer* die getal wat die hooftelwoord noem, bedoel. Hiermee verwant is ook die

<sup>1)</sup> Ndl. Wdb. III<sup>2</sup>, 3802.

verbinding: Subst. + of + wat, b.v. 'n dag of wat; (dit kos) 'n sieling of wat = enkele dae; enkele sielings. In sulke uitdrukkinge met wat kry die Substantief die groepsaksent en dra die verbinding die karakter van 'n kompositum. In 'n stuk of wat word die oorspronklike betekenis van 'stuk' glad nie meer gevoel nie, maar beteken die hele verbinding 'enkele'.

49. *Geskiedkundig.* As uitgangspunt van hierdie konstruksie word aangeneem sinne — soos reeds in die Middeleeue voorgekom het — waarin een as Telwoord teenoor twee gestel word: *Rust u enen dach of twee; twe daghe ocht enen* <sup>1)</sup>. By die latere uitbreiding tot hoër getalle het dan waarskynlik meegewerk die invloed van konstruksies soos: *een dag vijf zes; een stuk tien twaalf* waarvoor ook gesê word: *een dag vijf of zes*, ens. Vir hierdie verklaring pleit die feit, dat die konstruksie maar net by kleiner getalle gebruiklik is. Die Ndl. Wdb. gee voorbeelde van die gebruik van hierdie konstruksie by hoër getalle as twee uit Van Lennep, Beets, Staring en Tollens. Die algemene verbreiding in Afrikaans maak dit egter waarskynlik, dat dit ook in Nederlands baie ouer as die neëntiendie eeu is. Ook in Hoogduits is die konstruksie, alans in die volkspraak, bekend. Vgl. *ein Thaler oder sechs; ein Stück oder Zehn*. In Engels is dit algemeen met 'twee' as Telwoord: *a day or two; a word or two, ens.*

50. *Geskiedkundig.* Net soos die Lidwoorde kon die Telwoord een en 'n deel van die Aanwysende, Vraende en Onbepaalde Vnwde in die stamtaal, Nederlands, verbuig word. Dit is nie meer die geval in Afrikaans nie, behalwe in geykte terme soos: *eensklaps, deser dae, enigermate* en by die onbepaalde Vnwde, *ene (Retief)*, wat alleen in die verboë vorm bestaan. Die verloop van hierdie proses is dieselfde as by die Lidwoorde en Byv. Nwde en word onder die verbinding Subst. + Adj. behandel (Sie § 79.).

---

<sup>1)</sup> Ndl. Wdb., X, 65-66.

*Pronomen + Adjektiewiese Woord.*

51. Die Persoonlike Voornaamwoord kan verbinde word met Telwoorde, Distributiewe en Versterkende Vnwde. Al hierdie woorde moet agter die Pers. Vnwd. staan, behalwe die versterkende woorde wat tewens bepaling van die Werkwoord is. Origens is die konstruksies dieselfde as die van die ooreenkomstige verbindings met 'n Substantief, b.v.: *Julle twee moet saamgaan; dat hulle almaal skuldig gevoel* (A. B. C. bls., 58); *hulle kry ieder 'n appel; ek-self.* (Sie ook vbb. onder Subst. groep.)

*Opm.* Onder Engelse invloed is die verbinding met self besig om uit te brei tot gevalle waar geen versterking bedoel word nie, b.v. *Sien hy nie kans om homself met sukses te verweer nie, dan gaan hy eenvoudig plat lê* (Oerwoud, bls. 55); *Die Boervrouw was haarself bewus, dat sy moeder word van 'n volk* (Boervrouw, bls. 84).

52. 'n Anglisisme wat die beskaafde Afrikaanse taalgevoel nog pyn aandoen is die verbinding van 'n Pers. Vnwd. met *myself, homself* ens., b.v. *ek myself het dit gedoen.*

53. Die verbinding *ek my sigselwe* word op die oomblik nog maar skertsend gebruik. Vgl.: *ek my sigselwe, alleen, skuur maar nou teen die heining regs en netnou teen die heining links* (Sonde, bls. 36), 'n sin wat 'n goeie illustrasie gee van die neiging van die Pers. Vnwde om versterkende toevoegsels te neem. So deel Prof. de Vooy's my mee, dat ook in Nederlands skertsend gesê word: *z'n eigen zich zelve*s. J. van Bruggen laat 'n bywoner heeltemal serieu's sê: *en ek dag toe so by my sigselwe, ek sal maar so'n bietjie aanstap en gaan kyk* (Veld, bls. 23). Is dit 'n gewone konstruksie in Transvaal?

54. Net soos by die Substantiewe (§ 43), het na kopulatiewe Ww. ook by die Pronomina verbindings met die terugwysende *die* gelei tot samenstelling soos: *jý-die, hj-die, hulle-die* ens., waar *die* na iets anders heenwys. Ook hier kan ons dieselfde ontwikkelingsgang as by die Subst. aanneem, n.l.: *dis jy dié* — wat dit gedoen het > *dis jy dié*; en *dis jý-die* — wat dit gedoen het > *dis jý-die*.

*Substantief + meer as een adjektiewiese woord.*

55. In groepe met 'n reeks adje. woorde staan Lidwoorde of Voornaamwoorde voor Telwoorde: *hierdie twintig man; my een been; sy tien osse.* 'n Uitsondering vorm reekse waarin al voorkom; daar is die woordorde omgekeerd. Vgl.: *albei (altwee) my oë; al die mense; al my tyd.* Die woordorde heel die is 'n Nederlandisme. Vergelyk: *Toe deur Engeland se oorlogsverklaring aan Duitsland heel die Britse Ryk . . . die vyande van Duitsland geword het* (Pers).

56. By hoofgetalle word so 'n skynbare reeks egter gevoel as 'n groep waarin Subst. + Telwd. 'n eenheid vorm, waaraan die Lidwd. of Vnwd. ondergeskik is. In sulke gevalle word Telwoorde dus sintakties van ander Adjektiewe gedifferensiëer. As die laatste tussen Lidwd. of Vnwd. en Subst. staan, vorm Subst. + Lidwd. of Vnwd. same 'n eenheid wat deur die Adj. bepaal word, b.v.: *hierdie / vyf jaar; enige / vyf man; watter / tien hoofstukke*, maar: *die / goeie / kêrel.* Waar ranggetalle in so 'n reeks voorkom kan die groepering verskillend gevoel word. As beide rang- en hoofgetalle voorkom, word die verbinding in twee gelyke dele gegroepeer: *die eerste / tien perde; die tien / eerste perde.*

57. Die verbinding Besitlike Vnwd. + Aanw. Vnwd. voor Subst. kom nie voor nie. As ons die begrippe: *hierdie versoek en my versoek* wil samevoeg, dan maak ons gebruik van 'n Pers. Vnwd. + bindwoord, dus: *hierdie versoek van my.* 'n Konstruksie soos: *dit myn versoek* wat in boeke-Hollands bekend is, bestaan dus nie in Afrikaans nie.

58. *Wanneer sy iedere woord en daad getuig van die verandering wat plaas gevind het* (Ons Weg, bls. 384) is 'n voorbeeld van 'n slegte soort Anglisismes wat gelukkig maar min voorkom.

59. Die vorme *elk 'n, ieder 'n* vir *elke, iedere* wat veelvuldig by Langenhoven voorkom, b.v.: *elk 'n man, ieder 'n gebied* moet verklaar word uit 'n woordsplitsing wat die uitgang *a* laat samegaan met die tweede in plaas van die eerste woord, en dit dan verwar met die Lidwoord. So 'n

splitsing is nie beperk tot Oudtshoorn nie, want voor nasale het ek dit ook dikwels in die Pêrelse distrik gehoor. As die nasaalklank regtig ook voor gutturale voorkom, soos 'n mens uit die tweede voorbeeld moet aflei, is dit 'n uitbreiding deur analogie.

(2) *Substantief + Eintlike Adjektief.*

*Posiesie.*

60. Die Adjektief kan voor of agter die Substantief staan. Reël is dat dit voor staan. Agterplaatsing van die Adj. kom alleen voor in die volgende gevalle:

61. (a) 'n Reeks Byv. Nwd. deur 'n Voegwoord verbonde, kan voor, maar in literêre taal ook agter, die Subst. staan. As daar geen Voegwoord is nie, dan is agterplaatsing onmoontlik. Vbb.:

Voorplaatsing met Voegwd.: *Oue en swakke manne, jonge en sterke burgers, dappere vrouwens en klein kindertjies* (Boervrouw, bls. 140).

*Met haar sterk en besliste karakter* (Vergeet Nie, bls. 129).

Voorplaatsing sonder Voegwd.: *Sy grap was diep, ernstige waarheid* (Vergeet Nie, bls. 25).

*Maar tog so vol van ryk, rein liefde* (Vergeet Nie, bls. 32.)

Agterplaatsing met Voegwd.: *Aan hierdie meubels is heilige herinneringe vasgeknoop deur bande sterk en heg, wat die lang jare self met onsigbare hand gewewe het* (Vergeet Nie, bls. 15.)

Met dieselfde funksie as 'n tweede Adjektief kan 'n woordgroep optree:

*Die perd redeloos en met onskuldig oog beseft van oorlog soveel as sy basie bo hom* (Malkop, bls. 15.)

Die Adjektiewe kan ook gedeeltelik voor en gedeeltelik agter geplaas wees as daar maar minstens twee agter staan: *teenoor wrede vyande wit en swart* (Boervrouw, bls. 92.)

*Opm.* In 'n opeenvolging van woorde soos: *diep ernstige waarheid* differensieer die aksent tussen 'diep' as Byv. Nwd. en as Byw. As 'diep' Byv. Nwd. is, word ieder van die twee

Byv. Nwde. ongeveer ewe sterk geaksentueer; as dit Byw. is, kry dit 'n sterker aksent as 'ernstige' en word die verbinding met sneller tempo uitgespreek. In die skrif onderskei ons die twee tiepes deurdat ons in die eerste geval 'n komma tussen die twee woorde sit, en hulle in die tweede geval met 'n koppelteken verbind.

62. (b) Agterplaatsing is ook moontlik as die Adjektief nader bepaal word:

(α) deur 'n Bywoord daarvoor:

*En onder sagte snikke, noueliks hoorbaar, pers dit nou uit* (Vergeet Nie, bls. 45).

*Die goedhartigste man uit die hele kommando volkome skadeloos, kom tussen drie van Englands grimmigste soldate met gebajonette gewere, radeloos verleë aangestap* (Teleurgestel, bls. 192).

(β) deur 'n langer bepaling of voltooiing:

*Haar voorhoof warm van inspanning en ontroering* (Vergeet Nie, bls. 45).

*'n Vaal militêre muts plat van bo, met 'n blink rand van voor wat danig laag oor 'n paar blou oë afgedruk is* (Vergeet Nie, bls. 83).

*Ds. D. P. Rossouw (nou reeds wyle) het godsdienstige stukke in die „Patriot” geskrywe* (E. Skrywers, bls. 133).

(γ) By agterplaatsing kan so 'n langer bepaling of voltooiing van die Adj. aanwesig wees en tewens 'n bepaling deur 'n enkele Bywoord daarvoor:

*En die ruiter ... deftig gekleed in die volle mondering van 'n Engelse offisier* (Malkop, bls. 14).

63. (c) 'n Reeks Adjektiewe deur 'n Voegwoord verbonde kan nader bepaal wees:

*En dan die jaende ademhaling van die vos en die hoefslae, sag en dof in die sanddeuke, helder en hard oor die ruggies* (Vergeet Nie, bls. 44).

64. In sommige gevalle is by hierdie drie tiepes vóórplaatsing ook moontlik, b.v. *onder sagte, noueliks hoorbare snikke; haar van inspanning en ontroering warme voorhoof; die sagte en dowwe hoefslae in die sanddeuke, dog hetsy*

met agter- hetsy met voorplaatsing ken die gesproke taal sulke ingewikkelde konstruksies nie. In die spreektaal word daarvoor bysinne gebruik wat ingelei word met *wat*. Die literêre taal kom tot sulke samevoeginge, waarvoor die Nederlandse literatuurtaal die voorbeeld bied, deur die noodsaaklikheid om aan die eise van 'n voller en ryker geskakeerde ritmiek te voldoen, maar ook deur die behoefte aan enger verbindings. Deur 'n bysin word die adjektiewiese begrip nie so eng aan die substantiewiese verbind as deur 'n Adjektief nie; daar bly iets gebrokens in die verbinding. So 'n onderbreking werk minder hinderlik by die gesproke taal, waar die gehoor die verskillende elemente na mekaar moet opneem, as by 'n geskrewe (of gedrukte) stuk, waar die oog verskillende woorde tegelyk appersipiëer. Vandaar die verskillende neiginge by beide vorme van taaluiting, wat die een tot 'n hortende analitiese, die ander tot 'n ingewikkelde sintetiese struktuur maak.<sup>1)</sup>

65. (d) Tot gesproke sowel as geskrewe taal hoort enkele op sigself staande verbindings met agtergeplaaste Adjektief, wat aan vreemde tale ontleen is. Uit Engels het ons verbindings soos: *Goewerneur-Generaal*, *Superintendent-Generaal* gekry; uit Nederlands ken ons *State-Generaal* en 'n 'Goewerneur-Generaal' en 'n 'Kommissaris-Generaal' was amptenare wat ook deur die O. I. Kompanjie gebruik geword het; albei tale het op hulle beurt die verbindings uit Frans gekry. Uit Portugees het ons die woordskikking van die eienaam *Baai-Vals* wat, soos soveel ander geografiese name, nog daaraan herinner dat die Portugese voor die Hollanders om die Kaapse kus geseil het. Dat die omsetting tot *Valsbaai* in die laaste tyd veld wen, is wel meer aan die Engelse skool-invloede toe skrywe as aan 'n neiging tot verafrikaansing.

66. (e) Die vloekende uitroep *God almagtig*, wat 'n erfstuk is uit eedsformuliere, „seems”, volgens Sweet, „to be an imitation of the Latin order (*Deus omnipotens*)”<sup>2)</sup>

<sup>1)</sup> Vgl. Wunderlich: *Unsere Umgangssprache*, bls. 9—10 ens.

<sup>2)</sup> *New English Grammar* II, § 1785.

*Klemtoon.*

67. Die Adjektief en die Substantief het ieder 'n eie aksent, wat ongeveer ewe sterk is as geen van beide woorde besondere nadruk kry nie; al naar die bedoeling van die spreker kan die een of die ander egter die nadruksaksent kry.

*Vorm van die Adjektief.*

68. Ons kan by de Adjektiewe twee hoofvorme onderskei: (a) die grondvorm; en (b) 'n geflekteerde vorm op *-e* of *-te*. Enkele woorde soos *ou*, *kou* kan ook hierdie *-e* verloor. By agterplaatsing het die Adj: altyd die grondvorm, b.v.: *planne*, *goed* en *kwaad*, 'n *dogtertjie*, *lief* en *gesond*.

*Opm.* Ons herinner daaraan, dat grondvorme soos: *rooi*, *kwaai*, *nuut*, *jonk*, *lank* van die Nederlandse verskil.

69. By voorplaatsing val die Adjektiewe in twee klasse: (a) Adjektiewe wat uitgaan op *-e* (*te*); en (b) Adjektiewe wat in die grondvorm (d.i. sonder *-e* of *-te*) gebruik word, b.v.: 'n *gladde vent*, 'n *sagte hand* maar 'n *sterk vent*, 'n *groot hand*. Bij voorplaatsing is dit dus geen verskil in sintaktiese funksie, wat die vorm van die Adjektief bepaal nie, maar iedere Adjektief behoort uit kragte van sy fonetiese en ritmiese eienskappe tot 'n bepaalde klas. Sommige Adjektiewe (o.a. die op *s*, *r*, *l*, *u* soos: *vals*, *dor*, *heel*, *ru*) weifel egter nog tussen die twee klasse; ander verskil plaaslik, maar daaromtrent is nog weinig nagevors.

70. Behalve deur die nadruksakant kan die subjektiewe meelewe van die spreker in sy mededeling nog op twee ander maniere uitgedruk word: deur 'n toegevoegde *-e* [*-te*], wat vergelyk kan word met Ndl. *éne keer*, *éne gulden* ens., óf, in die geval van Adjektiewe met 'n tweeklank of lang vokaal in die betoonde lettergreep, deur 'n verandering in die kwantiteit van die klinker. In die laatste geval is daar twee moontlikhede: die klinker (tweeklank) word óf gerek en kry 'n tweetoppige aksent: *bāie*, óf verkort en kry dan 'n kort hoë stoottoon: *bai*. Teoreties kan hierdie klinkerverandering voorkom sowel

by agter- as by voorplaatsing van die Adjektief, b.v.: *Hy bewonder die rose, so mōōi van kleur* en: *Maar daar was vir jou bāie (bāi) mense op die dorp*, sodat met hierdie verskynsel geen sintaktiese differensiëring gepaard gaan nie. In die praktyk kom die agterplaatsing egter in die gesproke taal haas nie voor nie, sodat die verskynsel feitlik beperk is tot voorgeplaaste Adjektiewe. Van die bowestaande sin sou die gewone gesproke vorm b.v. wees: *die rose wat so mōōi van kleur is*.

71. Met betrekking tot die agtervoeging van *-e* is daar egter wel 'n sintaktiese differensiëring. Die agtergevoegde Adjektief kan naamlik nooit 'n *-e* kry nie (behalve in die leungroepe, wat afsonderlik behandel word), maar by voorvoeging kan ook dié Adjektiewe wat anders sonder *-e* gebruik word, om die nadruk so 'n *-e* neem. Voorbeelde van sulke nadruks-*e*-vorme wat wêl by voorplaatsing, maar nie by agterplaatsing voorkom nie, is:

*'n knappe meisie; arme kind.*

*Dis my of ek die flukse mooie jongkêrel sien met sy vrindelik gesig* (E. Skrywers, bls. 146).

*Opm.* Adjektiewe wat dikwels met sulke nadruk gespreek word, vertoon 'n neiging om teen die gewone klankwette in op *-e* uit te gaan as konstante vorm, ook as daar geen nadruk bedoel is nie. Voorbeelde daarvan is die bowegenoemde woorde: *knappe* en *arme*.

72. 'n Ander differensiëring tussen voor- en agtergeplaaste Adjektiewe hang saam met hulle gebruiksfeer. In die daaglikse omgang van minder geletterde mense word 'n ander en beperkter woordvoorraad gebruik as by meer ontwikkeldes, veral as hulle oor minder alledaagse onderwerpe praat. Oor sulke minder alledaagse onderwerpe het die ontwikkelde Afrikaners vroeër in Hooghollands of Engels gepraat — of probeer praat. Nou dat Afrikaans 'n kultuurtaal geword het, moet dit egter uitdrukking gee aan *alle* gedagtes en gewaarwordinge en het 'n groot aantal uitdrukkings skriftelik en vir 'n groot deel ook mondeling daarin gebruiklik geword, wat vroeër nie voorgekōm

het nie. Tog kan 'n mens in die meeste gevalle eintlik nie praat van ontlening nie, want Hooghollands was vroeër by ons 'n stylvorm van Afrikaans; wat in die laaste tyd gebeur het, is dat die ou stylvorm in Afrikaanse rigting verskuiwe het met behoud van die nodige Hollandse woorde en uitdrukkinge. Uitdrukkinge wat uit meer as een woord bestaan, word dikwels as een geheel gevoel, en gaan dan sonder formele veranderinge wat die uitgang van die Adjektief betref, in die Afrikaanse kultuurtaal oor. Daarnaas staan nog 'n aantal uitdrukkinge wat reeds eeue lank in hulle Nederlandse vorm in die Afrikaanse spreektaal geldig is. Die mees voorkomende gevalle is dat die Substantief 'n Abstraktum is of in figuurlike sin gebruik word, en verder 'n aantal taamlik vaste preposisionele wendinge. Die oorspronklike toestand is dus dat die vorm van die voorgeplaaste Adjektief in sulke gevalle wissel volgens die beginsels wat in Nederlands en nie volgens die wat in Afrikaans heers nie. Vergelyk: *op die lange duur*; *op goed geloof*; *gesond verstand*; *op staatkundig, sedelik en sielkundig gebied* (E. Skrywers, bls. 102); *die grote gros van ons bevolking* (E. Skrywers, bls. 35); *die bange toekoms* (Vergeet Nie, bls. 38).

73. As sulke uitdrukkinge baie gebruik word, kan die Adj. egter deur analogie onder die invloed kom van die massas gevalle in die spreektaal waar die Adj. aan die Afrikaanse fleksiewette gehoorsaam. Dan vind daar 'n oorgang plaas en kry ons b.v. *op nasionale gebied*, *jou gesonde verstand*, ens. Sommige uitdrukkinge leen hulle makliker as ander tot 'n verafrikaansing van vorm en die subjektiewe gevoel van die spreker (wat weer beïnvloed word b.v. deur sy vertrouwdheid met Nederlands en sy beheersing van alle vorme van Afrikaans, en deur sy neiging om deftig of plat te praat ens.) speel by dergelike oorgange 'n groot rol. By sommige skrywers heers egter die begeerte om selfs teen die taalgevoel in kunsmatig te verafrikaans, soos blyk uit die volgende gevalle uit „Vergeet Nie”:

*'n Môreoffer gewy aan rein Liefde* (bls. 49).

*Elke dag kon sy haar arme krank moeder gaan besoek* (bls. 160.)

*'n bleek afgematheid* (bls. 118).

*Word die Kakies op vry voet gestel* (bls. 165).

*Die proklamasie in streng erns uitgelees* (bls. 185).

74. By reekse-formasies behou iedere Adjektief sy eie vorm, b.v.:

*Met haar sterk en besliste karakter* (Vergeet Nie, bls. 129).

*Voordeel en geluk moes plaas maak vir die groot nasionale belang* (Vergeet Nie, bls. 23).

*Dat die Patriot plat en gebrekkige taal geskrywe het* (E. Skrywers, bls. 56).

75. Die betekenis bring egter mee, dat waar die nadruks-*e* in 'n reeks optree alle Adjektiewe in die reeks gewoonlik daaraan onderhewig is. Vergelyk: *die flukse mooie jongkêrel* (E. Skrywers, bls. 146). 'n Uitdrukking soos die volgende toon egter, dat die nadruks-*e* self ook invloed kan hê op ander Adjektiewe, selfs buiten die reeks: *Die pelgrims — ouë en swakke manne, jonge en sterke burgers, dappere vrouwens en klein kindertjies* (Boervrouw, bls. 140). Die nadruk behoort eintlik alleen by die Adjektiewe van die eerste lid van die reeks Substantiewe; deur die parallellisme gaan die *-e* egter ook oor op die twee volgende lede, maar eienaardig genoeg, het die skrywer dit by die laaste lid agterweë gelaat.

76. By Afrikaanse skrywers kan 'n mens die hopelooste verwarring omtrent die vorm van die Adjektief aantref. Dit het reeds in die vroegste dae, toe 'n begin gemaak is om Afrikaans te skrywe, die geval gewees. Vergelyk: *Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in* (Eerste Taalbeweging, bls. 38). *Dat 'n jonge mens partykeer onfersigtig is* (Idem, bls. 45). *Mar ongemerk Sluip 'hier weldra weer in ons Staat Die Brits verraad* (Idem, bls. 92).

*En Moses, maskie deur bedrog, Sal kom na jou gelukkig strand* (Idem, bls. 79).

By die vroegste skrywers, en baie van die latere, moet welas vernaamste oorsaak geld, hulle onvermoë om by die skrywe hulle eie gesproke taal noukeurig te beluister. Dit spruit in hoë mate daaruit voort dat hulle, as hulle skrywe, onwillekeurig deur die Hooghollandse vorme beïnvloed word, maar daarby kom die ritmiese eise by gedigte en die feit dat ook in ander gevalle die Adjektiewe in die geskrewe taal in velerlei verbindings voorkom wat in die daaglikse omgangstaal onbekend is. Die toegee aan sulke faktore is dikwels 'n blyk van 'n slordige gees. In die laaste tyd probeer die beste skrywers darem tog om ook in hierdie opsig suiwer Afrikaans te skrywe; 'n nuwe uitwas is dat — soos bo aangetoon — skrywers wat aan grammatiese studie doen, volgens self opgelegde reëls en teen die taalgevoel in, gaan verafrikaans.

### *Samestelling.*

77. Daar Substantief en Adjektief saam dien tot benoeming van een voorwerp, is daar 'n baie klein oorgang voor nodig om hulle in die gees te laat samegroeï tot een begrip. 'n Vreemdeling; wat êrens kuier, kan in die slaapkamer 'n beker opmerk, wat hy sal beskrywe as 'n *ërde bëker*, waar *erde* die stof aangee waarvan die beker gemaak is. Maar die huisvrou wat in die een kamer 'n *ërde-bëker* het en in 'n ander kamer 'n *porslëin-bëker*, voel nie meer die stof-aanduiende inhoud van die eerste deel van hierdie uitdrukkinge nie. Sy sien in haar gedagte twee voorwerpe — bekere — met twee andersluidende name. Vir haar het dus die oorspronklike groep (Subst. + Adj.) tot 'n samestelling (Substantief) geword. Op dieselfde manier kan iemand 'n berg sien en sê: *Kyk, daardie blôu bërg*; maar dis moontlik dat die mense wat in die omgewing woon, al so dikwels die berg op dieselfde manier beskrywe het, dat hulle nie meer die afsonderlike betekenis van die twee woorde voel nie. Vir hulle het *Blôubërg* tot 'n eienaam geword wat uit een woord bestaan.<sup>1)</sup>

<sup>1)</sup> Vgl. J. H. van den Bosch, *Over Samenstelling* (Taal en Letteren III); Van den Bosch en Meyer, *Lees- en Taalboek I*, bls. 243 vlgg.

78. Afrikaans differensiëer, net soos Nederlands, tussen die samestelling en die woordgroep deur verskillende betoning. In die woordgroep het die Adj. en Subst. ieder sy eie aksent en die spreektempo is betreklik langsaam; in die samestelling is die tempo sneller en die betoning van een van die lede is ondergeskik aan die van die ander. Opmerking verdien dat nie alleen die eintlike Adjektiewe nie, maar alle soorte adjektiewiese woorde wat 'n eie aksent het aan die oorgang kan deelneem. By die samestelling kan ons dus twee soorte betoning kry: 'n dalende en 'n stygende. Met dalende betoning word b.v. uitgespreek: *riêtdāk, riêtflûitjie, ŷsterpāal, ŷstervārĳ, plānĳulōer, mīsvlōer, kōuekōors, hēeldāg, eiebelāng, eēnkānt, ānderkānt, grōotmān, blōutōng, kristālkĳip*. Met stygende aksent: *gōuerīng*<sup>1)</sup> (my storie begin), *gōueflûit* (my storie is uit), *witseerkeēl, kwāaivrīnde*, en samestellings met wilde soos: *wildehōnd, wildeĳāt, wildehōender, wilde-ēend*. Die dalende betoning kom verreweg die meeste voor en is histories die oudste, maar ook die stygende is iets wat Afrikaans met ander Germaanse tale gemeen het. Dit kom veral veel veel voor in eiename, en nie alleen by samestellings van Adj. en Subst. nie, maar ook van Subst. en Subst. In Nederlands het ons behalwe woorde soos: *hōgepriēster, plattelānd, Noordōosten* ook name soos: *Oudegrācht, Leidschewēg, Haarlemmermēer, Schiedām, Maastricht, Maasslûis*<sup>2)</sup>; in Engels soos: *Southāampton, Newfōundland, Carlĳle*; in Duits soos: *Lichterfēlde, Heilbrōnn, Bürgemēister, Borstelmanns-wēg*.<sup>3)</sup> In die geval van komposita wat ontstaan deurdat die twee woorde veel naas mekaar te staan kom in sinne, sal die belangrikheid van die elemente vir die betekenis ongetwyfeld

<sup>1)</sup> Naar my meegedeel word het in die Vrystaat *goue kwint* (my storie begin), *goue kalf* en *goue fluit* nog nie samestellinge geword nie.

<sup>2)</sup> Vir meer Ndl. vbb. sie v. Ginneken in Leuvense Bijdragen, blss. 85—6; Jos. Schrijnen, *De Klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen* (N. Taalg. X.); Z. Stokvis en A. S. Bijl, *Opmerkingen over de klemtoon in Nederlandsche Plaats- en Straatnamen* (N. Taalg. X.).

<sup>3)</sup> Vir meer Duitse en Engelse vbb. sie Ries se bespreking van *Ferdinand Sommer, Vergleichende Syntax der Schulsprachen* (Engelische Studien 56).

'n rol speel by die vorm wat hulle aanneem; by langer komposita kan 'n mens die oorgang van newe-aksent tot hoof-aksent uit fisiologiese oorsake verklaar. By enige Afrikaanse woorde verskil die uitspraak ten opsigte van voor- of nabetonning naar plaas of individu. So kan 'n mens naas: *Bloëmfontein*, *Johánneseburg*, *Pótchefstroom* ook: *Bloemfontéin*, *Johannesbúrg*, *Potchefstroóm* te hoor kry. In die geval van *Bloemfontéin* kan ook Engelse invloed in die spel wees. Die samestelling het egter nooit, soos die woordgroep, en soos bevoorbeeld in Engels, „level stress” nie. (Ons praat hier natuurlik nie van samestellinge waarvan die lede in 'n verhouding staan wat in die woordgroep deur vormwoorde sou uitgedruk word nie, soos b.v. *speeklos* = los ten opsigte van die *speke*).

*Opm.* by §§ 77-78. Die Spellingkommissie van die S. A. Akademie het probeer om die skryfwyse van 'n deel van hierdie verbindinge te reël. In die Afrikaanse Woordelys<sup>3</sup> bls. XV, lees ons:

„Waar meer as een begrip tot 'n nouer eenheid verbind word, word die woord aaneengeskrewe òf met 'n koppelteken. Aaneen word geskrewe: — . . . . .

(d) Selfstandige naamwoorde waarvan die eerste deel die stof aandui: *ferweelbroek*, *grasdak*, *koperketel*, *silwerketting*. Egte stoflike byvoeglike naamwoorde op -e word natuurlik apart geskrewe: 'n *goue ketting*”.

Die moeilikheid is egter nie beperk tot woorde met stofaanduidende eerste deel nie: *plátvoët* staan presies net so teenoor *plát voët* as *ferwéelbroek* teenoor *ferwéel bróek*. En die -e dui gladnie aan of ons met “egte stoflike byvoeglike naamwoorde” te doen het of nie: In *gouëflúit* is “goue” deel van 'n samestelling; in 'n *goue ketting* 'n stof. Byv. Nwd. Ons kan praat van *die yster paal* en daarmee die stof aandui, waarvan die paal gemaak is, of van *die ysterpaal* en daarmee enkel die oog hê op 'n bepaalde voorwerp. Die Afrikaanse publiek het dan ook vaag gevoel, dat die reëling van die Akademie die taalgevoel geweld aandoen. Ongelukkig het dié gevoel tot uiting gekom by monde van die Pretoriase joernaliste, wat weinig insig in taalkundige kwessies aan die dag gelê het. Vandaar 'n nie-onvermaaklike pennestryd tussen die genoemde joernaliste en Prof. Smith. Die eerste wil skrywe *koper ketel* in teenstelling met *waterketel* omdat hierdie woord nie beteken 'n ‘ketel van water’ nie maar 'n ‘ketel vir water’, waarop Smith geantwoord het dat „die betekenisverband

tussen die dele van samestellinge van baie verskillende aard kan wees ('n *viskop*, b.v., is die kop *van* 'n vis, maar 'n *visvrou* is tog sekerlik nie die vrou *van* 'n vis nie).<sup>1)</sup> Tog gaan ook hy — sover ek daaruit kan wys word — uit van die verkeerde veronderstelling dat Adje in Ndl. nie samestellinge kan vorm met Subst<sup>ie</sup> nie, en dat dus ook in Afrikaans die eerste lid van hierdie verbindings Selfst. Nwde moet wees.<sup>1)</sup>

Soos hierbo aangetoon onderskei die taal self duidelik tussen die woordgroep en die samestelling. Alleen by spesiale klemtoon kan die twee sameval. As ek b.v. sê: *jy moet die ysterpaal bring en nie die houtpaal nie*, dan bring die nadruk gewoonlik 'n langsaam tempo mee, waardeur die twee betrokke woorde nie te onderskei is van woordgroepe waarin stof. Byw. Ndw. wat met klem uitgespreek word, voorkom nie, i. c. *yster paal* en *hout paal*. In sulke gevalle is die gevoel van die spreker die enigste leidraad.

**79. Geskiedkundig.** Die vorm waarin Afrikaans die Adjektief of Adjektiewiese woord by voorplaatsing gebruik is een van die vernaamste punte van verskil met Nederlands. In kort gesê kom die verskil hierop neer, dat in Nederlands die adjektiewiese vorme dien óf om die kongruensie met 'n Substantief uit te druk óf om die kasus-vorme van die Substantief-self te vorm of te help vorm, maar in Afrikaans het die adjektief 'n eie vorm wat daarvan onafhanklik is met watter ander woorde in die sin hy in betrekking staan. By die bespreking van hierdie verskil laat ons vireers buiten beskouing die Genitief en Datief; ook in Nederlands het die Substantief hierdie twee kasus so goed as geheel verloor — en dit was reeds in die sewentiende eeu die geval — en dus die Adjektiewiese woorde van die moontlikheid beroof om by die vorming daarvan behulpsaam te wees of om daarmee te kongrueer. Hierdie verskynsel kan dus beste bespreek word by die behandeling van die Substantief. Dan bly oor die Nominatief en Akkusatief en wel vir Enkel- en Meervoud en vir al drie geslagte. In Nederlands moet ons goed onderskei tussen die offisiële skryftaal en die Algemeen

---

<sup>1)</sup> Huisgenoot, Maart en Nov. 1920; Brandwag, 25 Aug. 1920.

Beskaafde gesproke taal. In die offisiële skryftaal<sup>1)</sup> word twee deklinasies onderskei, die sterke en die swakke. *Sterk*: (Nom.) een goed of goede man, een(e) goede vrouw, een goed kind; (Akk.) een(en) goeden man, een(e) goede vrouw, een goed kind; *Meervd.* (Nom. en Akk.): goede mannen, vrouwen, kinderen. *Swak*: (Nom.) de goede man; de goede vrouw; het goede kind; (Akk.) den goeden man; de goede vrouw; het goede kind; *Meervd.*: de goede mannen, vrouwen, kinderen. Die Beskaafde Spreektaal het egter orals 'n vorm op *-e* waar die Skryftaal 'n vorm op *-en* het. In die ontbreek van vorme op *-n* kom Afrikaans dus ooreen met die Algemeen Beskaafde Nederlandse spreektaal. In verskillende Noord- en Suid-Nederlandse dialekte bestaan die vorme op *-n* egter nog, maar word dan volgens 'n ander beginsel gebruik. Die *-n*-vorme kom naamlik by Man. Substantiewe voor, en wel voor bepaalde klanke, sowel in die Nom. as in die Akk. In Nederlands bestaan daar dus drieërlei gebruik, in Afrikaans maar een. Laat ons nou nagaan, waaruit hierdie verskille in die twee tale ontwikkel het. Die kardinale verskil in hulle ontwikkelingsgang is, dat met die ontstaan van Afrikaans gepaard gegaan het die samevloeiing van verskillende dialekte in een sentrum en dat terselfdertyd verskillende vreemde rasse die taal moes aanleer. In Nederlands daarenteen kon iedere dialek kalmpjes sy gang gaan en hom byna ongestoord ontwikkel. Die dialekte van die Provinsie Holland, soos deur die mees ontwikkelde gepraat, het mettertyd die gesag van „Algemeen Beskaafd” gekry, maar in die offisiële skryftaal het die verouderde Suid-Nederlandse vorme bewaard gebly. Die vroeëre toestand was dan as volg: In die middeleeue het die gebruik van die adjektiewiese vorme in die Suidelike Nederlandse baie ooreenkoms vertoon met die wat

---

<sup>1)</sup> Behalwe die voorstanders van die Vereenvoudigde Spelling, wat sedert 1892 in die buiging die Algemeen Beskaafd volg, erken ook ander geleerdes en skryvers van naam, soos Albert Verwey, Jac. van Looy, J. de Meester, op hierdie punt nie meer die gesag van die offisiële skryftaal nie.

nou in die offisiële skryftaal heers. Die vernaamste verskille was (behalwe dat *de* toe nog dikwels die vorm *die* gehad het), dat by die sterk deklinasie orals 'n vorm sonder *-e* kon staan, waar nou 'n vorm op *-e* of *-en* gebruik word, en ook by die Neutr. (soos nog *soms*) 'n vorm op *-e* kon voorkom [*groot sterfte, een verre stic, langhe leven, stom dieren*], en dat by die swak deklinasie soms 'n ongeflekterde vorm naas die op *-e* kon staan [*die edel ridder, die edel joncfrouwen, die bitter doot*] <sup>1)</sup>. In die sewentiende eeu is in die Suidelike Nederlande en in baie ander dialekte reeds die *-n* in die Man. Enk., sowel Nom. as Akk., gebruik. Maar sowel vir die Nederlandse Algemeen Beskaafd as vir Afrikaans is vir ons veral van belang die Provinsie Holland. Om 'n insig te kry in die toestand wat daar toe geheers het, is dit nie voldoende om af te gaan op die gegewens van Grammatikas soos die van Spieghel, van Heule en Moonen nie, want die is dikwels misleidend. <sup>2)</sup> Van veel meer waarde is 'n kritiese studie van die geskifte wat in die sewentiende eeu ontstaan het, waarby dit van groot diens kan wees om kennis te neem van die voorskrifte wat die skrywers hulleself opgelê het, soos die van Hooft. <sup>3)</sup> Uit so 'n studie blyk, dat toë reeds in die provinsie Holland die *-n*, nōg in die Nom., nōg in die Akk., in die gesproke taal gebruik geword het (wellig met uitsondering van enkele op sigself staande uitdrukkinge soos: *den heer, den adel*). By die skrywers het egter groot verwarring ontstaan deur die skriftelike tradisie en die omgang met Suidnederlanders. Wat betref die gebruik van die *-e*, het die toestand ongeveer ooreengekom met die wat in die Middeleeue in die Suid-Nederlande bestaan het. Adjektiewe wat op liquidae of nasales uitgaan, kon sonder *-e*

<sup>1)</sup> Franck, *Mnl. Grammatik*, blss. 164-174; Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 126-136.

<sup>2)</sup> De Voys: *De Invloed van de Renaissance-Spraakunst in de Zeventiende Eeuw* (N. Taalg. XII.); Idem: *Uit de Jeugd van onze Spraakkunst* (N. Taalg. XI.); Idem: *Uit en over oude Spraakkunsten* (N. Taalg. XIV.)

<sup>3)</sup> L. ten Kate, *Aenleidinge*, Bylage 8.

gebruik word, selfs voor Vroulike woorde [*geen ander vreucht; nu ist doncker nacht; daer gaet een edel spreuk; schoon vrindin*]. Maar ook in baie ander gevalle was 'n ongeflekterde vorm nog gebruiklik; selfs 'n ongeflekterde en 'n geflekterde vorm naas mekaar was geen uitsondering nie [*myn waerde, lief Margriet; het nutte, voedsaam graan; in 't naare heyллоos rijk; een deuchdrijck, wel gebooren, bescheyde, wyse Vrouw*]. Voor Man. woorde word in die Enkelvoud soms die onverboë en soms die verboë vorm gebruik, sonder betekenisverskil [*ien groot Koninck; een slecht Burger; ien goede Vaar; een goed vriendt; ien hiel rijk, rijk Monsieur*]. Onverboë kon ook voorkom: *goe, qua, snoo, doo, roo, bree, wree, vroe, fray, moy*. Die gevoel vir die vorm van die Adjektief was nie so sterk, dat dit herhaal moes word as 'n tweede Substantief 'n ander vorm daarvan geëis het nie [*in een groot ongeluck en ongena; langs 't waterigh moras en poel; uit den schoot en hand; door onderlingen vrêe en vriendschap*].<sup>1)</sup>

Genoeg om te laat sien, dat ook in Holland die gebruik van die adjektiewiese vorme sedert die sewentiende eeu groot veranderings ondergaan het, en dat dit toe gladnie so streng gereglementeer was as in 'n teenswoordige Grammatika nie.

Met hierdie bontheid wat reeds in een streek bestaan het, het aan die Kaap nog vermeng geword die bonthede van ander streke. Ter vergelyking plaas ons daarnaas een ander groep: die Platduitse. Daar kom in die middeleeue in die sterk deklinasie nog 'n derde vorm by, op *-er* (N. S. Masc. *blinder*). Die Akk. Sing. Masc. gaan op *-en* uit; die Fem. is geflekterd op ongeflekterd [*blint* of *blinde*]; ook hier het ons stamme op *-e* en sonder *-e*. Die swak deklinasie het *blinde* in die Nom. Sing. van alle geslagte; die Akk S. Masc. en Fem. is egter *blinden* maar die Neutr. *blinde*; die Meervd. het *blinden* vir alle geslagte, teenoor *blinde* in die sterk deklinasie. Dog reeds in die middeleeue begin die proses wat die

<sup>1)</sup> Van der Veen, *Taaleigen*, blss. 29-59.; Van Helten, *Vondel's Taal* §§ 84-106; § 242.

Akkusatiefsvorm van die sterk dekl. (Man. Enk.) in die plek van die Nom. laat tree; op die oomblik word gesê: *Niklas weer en lütten, dummen Jung*. In die sewentiende eeu was die oorgang hard aan die gang. In ander gevalle val die historiese -e soms weg, soms nie. Naas mekaar kom teenswoordig voor: *de gode Mann; de god' Mann; de lütt Deern*.<sup>1)</sup>

Dus ook in Platduits grote verskeidenheid, ook daar telkens nuwe groeperinge! In Suid-Afrika het nog baie ander dialekte ook verteenwoordigers gehad. Ook die Hoogduitse dialekte kan invloed gehad het en die skryftaaltorme is gedurig gehoor. Lê dit nie voor die hand dat die nuwe, kleine gemeenskap ook binne enkele geslagte in hierdie gaos orde sou skep deur 'n nuwe groepering nie? Dit het geskied en die resultaat is 'n vereenvoudiging, wat noueliks as 'n defleksie beskrywe kan word. Wel het die vorme op -n verlore gegaan, maar vir 'n deel het hulle oorgegaan in 'n fleksievorm op -e, wat in die sewentiende eeu reeds in Holland, die streek wat die meeste Afrikaanse stamouers gelewer en toengewend gebly het,<sup>2)</sup> gebeur was; maar in Holland was die fleksielose vorme, soos hierbo aangetoon, in die sewentiende eeu baie meer verbreid as nou, in *Holland het die geflekteerde vorme sedert die sewentiende eeu veld gewen*. En bowendien gebruik Afrikaans in baie gevalle 'n geflekteerde vorm waar Nederlands dit nie het nie, vgl. b.v.: *'n goeie begin, ons nasionale gevoel*, ens. Met die Adjektief het in Suid-Afrika dus in hoofsaak gebeur wat ook in die koloniale gebied in Duitsland plaasgevind het; dâar het in sommige gevalle die vorme van die een dialek, in ander gevalle die van die ander dialek die oorhand behou,<sup>3)</sup> dws. daar het 'n nuwe groepering gekom. Maar wat in Suid-Afrika gebeur het beantwoord

---

<sup>1)</sup> A. Lasch: *Mnd. Grammatik*, blss. 203-5.; H. Grimme: *Plattdeutsche Mundarten*; G. F. Meyer: *Unsere Plattdeutsche Muttersprache*, blss. 63-64.

<sup>2)</sup> Vgl. Bosman: *Afrikaanse Taaltoestande tydens Jan van Riebeeck* (N. Taalg. XVI).

<sup>3)</sup> Mededeling van Frl. Dr. Lasch te Hamburg.

ook aan wat Bradley sê, as ons nie met Dr. Boshoff "simplification" vir noodwendig identiek hou met "defleksie" nie: "We see, therefore, that the simplification of the inflexional machinery of a language is powerfully stimulated by the absorption of large bodies of foreigners into the population and by the mixture of different dialects." <sup>1)</sup>

Watter invloed kan die "large bodies of foreigners" op die fleksie van die Adjektief in Afrikaans gehad het? Dr. Boshoff het tereg aangetoon, <sup>2)</sup> dat die geadapteerde vorm van 'n aangeleerde taal nie juis korter vorme hoef te vertoon nie. Die kenmerkende verskynsel is veeleer dat die uitgangte verwar word, d.w.s. dat nuwe analogieë gevorm word. Ons wil hierby alleen opmerk, dat die vorming van nuwe analogieë in wese beteken, dat die vreemdelinge kategorieë vorm, wat vir hulle altans eenvoudiger is, en dat deur hulle onvolmaakte kennis van die aangeleerde taal die aantal kategorieë tog ook kleiner sal wees. Ons hoef vir bevestiging van hierdie stelling van Dr. Boshoff nie uitsluitend af te gaan op wat 'n mens gedurig kan opmerk by mense wat 'n vreemde taal leer praat nie, want vir Afrikaans self bestaan daar gegewens. Bekend is hoe Duitsers en Franse die uitgangte (veral van die werkwoorde) verwar het <sup>3)</sup> en dat die Hottentotte veral 'n voorliefde gekoester het vir die uitgang *um* ( $< \text{ən}$ , ə) en dus vorme soos *siekum* gemaak het. Maar ook van die taal van die Negerslawe kan ons ons in dié opsig 'n taamlik goeie idee vorm. Dis aan haas iedere Afrikaner bekend, dat 'n rou Kaffer gedurig sinne maak soos: *Ekke hette vir jou gesê, jy moete nie so make nie*. En nou skrywe Prof. Hesseling met betrekking tot die negers in Amerika en op die West-Indië: „Het Kreools door negers gesproken toont neiging om de woorden te doen eindigen op klinkers, in overeenstemming met de aard van vele Bantu-talen en van

---

<sup>1)</sup> Gesiteer deur Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 79.

<sup>2)</sup> *Volk en Taal*, blss. 78-81.

<sup>3)</sup> Vgl. Hesseling, *Het Afrikaansch*, bls. 13.

de talen der negers aan de Goudkust, die geen eigenlike medeklinkers als slotklank dulden. Het sterkst vertoont zich dit verschijnsel in het Negerengels van Suriname". Vandaar vorme soos *grooto vir groot*.<sup>1)</sup> Ons moet dus aanneem, dat ook die negerslawe in die sewentiende en die begin van die agtiende eeu aan die Kaap iets soortgelyks gedoen het, al het hulle ook 'n mondjie vol Portugees geken. Oor hoe die Maleise stamouders hulle ten opsigte van die fleksievorme gedra het, het ons geen gegewens nie, maar dis ook nie nodig nie. Die vorm wat Algemeen Afrikaans tenslotte aangeneem het, wys ten duidelikste uit, *dat geen van al die geadapteerde vorme daarin bestendig geword het nie*. Die stelling van Dr. Boshoff geld dan ook alleen vir die eerste stadium, dws. vir diegene wat as totale vreemdelinge Hollands geleer het. Die latere ontwikkeling toon aan, dat hulle nakomelinge nie dieselfde taal as hulle ouers en voorouers gepraat het nie, maar die onnederlandse vorme mettertyd deur ander vervang het. Daar moet dus 'n tyd gewees het, dat die opgroeiende geslag, naas die verskillende dialektiese en min of meer beskaafde vorme, 'n groot getal brabbelvorme uit die mond van verskillende klasse vreemdelinge gehoor het. Dië brabbelvorme het — vir so ver hulle merkbaar onnederlands was — nie sterk genoeg gewees om in Algemeen Afrikaans opgeneem te word nie, maar hulle moet tog bygedra het tot die algemene verwarring, en dit gaan nie om die kinders van die vreemdelinge alle aandeel aan die nuwe groepering te ontsê nie. En die aard van die nuwe groepering, d.i. dat die sintaktiese verskille wat met geen betekenis-verskil gepaard gegaan het nie, verlore geraak het en die klassifisering voortaan bepaal geword het deur wat vir die spraakorgane die maklikste was om uit te spreek, wys m.i. juis daarop dat die vreemdelinge daar 'n groot aandeel aan gehad het, ook al neem ons 'n geleidelike toenadering van die verskillende taalgroepe tot mekaar aan. Om te bepaal watter groep vreemdelinge die

---

<sup>1)</sup> Vgl. Hesseling, *Het Negerhollands der Deense Antillen*, bls. 74.

grootste aandeel gehad het, daarvoor het ons geen voldoende gegewens nie en vas staan, dat die Nederlanders gesamentlik altyd die toongewende groep gewees het teenoor die vreemdelinge, soos blyk uit die feit dat alles wat opvallend onnederlands was, stelselmatig uit die algemene taal geweerd is en maar in kleinere mate in die taal van die groepe vreemdelinge self bly bestaan het. Maar juis by dié veranderinge wat 'n vereenvoudiging beteken het, waartoe ook behoort die sameval van *de*, *die* en *het* tot *die*, van *deze*, *dit* en *hierdie* tot *hierdie*, en van die Betrekl. Vnwde *die*, *wie*, *dat*, *wat* tot *wat*, moet hulle 'n belangrike rol gespeel het.

In die geval van agtergeplaaste en predikatief gebruikte Adj. het die latere vereenvoudiging in Afrikaans en Ndl. in dieselfde rigting gegaan, dws. in albei tale het die ongeflekterde vorm bly voortbestaan, waar vroeër sowel die geflekterde as die ongeflekterde moontlik was.

### *Substantief + Partisiepiem.*

80. Die Deelwoorde kan op presies dieselfde manier as die Adjektiewe verbind word met 'n Substantief. Voorplaatsing van die Deelwoord is die reël, maar ook hier kom agterplaatsing in die literêre taal voor in dieselfde gevalle as by die Adjektief. Ook van die Deelwoord word die vorm al naas agter- of voorplaatsing onderskei.

81. Die Teenwoordige Deelwoord gaan by voorplaatsing op *-de* of *-te* uit, by agterplaatsing op 'n *t*-klank (geskrewe *d* of *t*), soos kan blyk uit die volgende voorbeelde:

Voorplaatsing: *'n sukkelende ou span*, *'n werkende lid*, *'n oplettende leerling*, *'n bykomende omstandigheid*.

Agterplaatsing: *Onderwyl die maanhaar en sy wyfie hulself lui uitstrek en omrol in die sand, gapend en kreunend van weelde en genot* (Oerwoud, bls. 75).

*'n Gebed eenvoudig en waar, maar 'n gebed van gebroke taal, meer woorde los samehangend, sonder sinbou of bewuste skikking* (Vergeet Nie, bls. 47).

*Sy hoor nie die droomwekkende musiek van duisende en duisende paddatjies nie, heengalmend in die duister nag* (Vergeet Nie, bls. 107).

*En sy kyk hom aan met groot oë ernstig en smekend* (Vergeet Nie, bls. 109).

*En nog gaan dit vorentoe, die stil stoet van Boerruiters, geduldig volgend die een ry agter die ander, of dit nou eenmaal so moet wees* (Vergeet Nie, bls. 135).

82. Die Verlede Deelwoord van Werkwoorde wat oorspronklik sterk was, kan in die swak of sterk vorm of in albei voorkom. Die verskil is egter alleen in sover 'n sintaktiese, as die sterk vorm — met uitsondering van 'n paar geykte gevalle — nooit gebruik word om 'n tydvorm van 'n werkwoord te help vorm nie. In adjektiewiese funksie berus die verskillende gebruik van die twee vorme enkel op onderskeid van betekenis of op stilistiese eise. Die sterk vorm het naamlik in 'n taamlik groot aantal geykte uitdrukkings bewaar gebly en kom daar gewoonlik in 'n oordragtelike betekenis voor, terwyl die swak vorm in die letterlike betekenis gebruik word. So ontstaan doeblette soos: 'n omgeklinte spyker en 'n beklonke saak; gebreekte mielies en 'n gebroke taal; en word uitdrukkings bewaar soos: 'n opgeskote meisie, 'n geslote boek, 'n halfwas kalf. Daarby kom, dat die literatuur- en deftige taal veel meer Verlede Deelwoorde gebruik as die daaglikse spreektaal, en dan onder Nederlandse invloed die voorkeur gee aan die sterk vorm, b.v. *die gegewe voorbeelde, die ingenome standpunt*.<sup>1)</sup> Die sterk vorm vertoon geen verskil by voor- of by agterplaatsing nie. Daarenteen differensiëer die swak vorm wêl. By voorplaatsing gaan dit, net soos die Teenwoordige Deelwoord, uit op *-de* of *-te*; by agterplaatsing kry die stam geen toevoegsel nie of enkel 'n *t*-klank: die uitgangsllose vorme is naamlik reël by stamme wat op 'n skerp konsonant uitgaan maar kom ook heel veel voor in ander gevalle. Vergelyk:

<sup>1)</sup> Malherbe, *Afr. Taalboek*, blss. 76-78; Boshoff, *Volk en Taal*, blss. 294-5.

*Die osse, verseker ... van die mag van hulle beskermers* (Oerwoud, bls. 30).

*Nog 'n skoot val, deur .. die maanhaar uitgelok* (Oerwoud, bls. 31).

*Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande* (Vergeet Nie, bls. 5).

*Vreedsame Steenburg, langsaam opgegroeï in jou klein kring van sukkel-werksaamheid* (Vergeet Nie, bls. 5).

*'n Goewernementskool aan die Dal, deur die regering op die £ vir £ stelsel tot op sekere hoogte ondersteund en soms geïnspekteerd* (S. J. du Toit, bls. 5).

*Want Oom Willem, hoewel innerlik opgewonde, is 'n man ....* (Vergeet Nie, bls. 26).

*Die korrespondensie week op week ontvang en beantwoord, was altyd die groot gebeurtenis* (Vergeet Nie, bls. 47).

*En die les vroeër geleer, sou hy vandag nie veronagsaam nie* (Vergeet Nie, bls. 93).

*Die name aan wild gegee is ewe toepaslik* (E. Skrywers, bls. 77).

83. Agterplaatsing van die Deelwd. in sinne soos: *Hy is 'n leidsman gebore*, (Getrou bls. 78) kom alleen voor by skrywers wat baie sterk onder Engelse invloed staan.

*Opm. by §§ 82-83. Deur 'n gewaande verafrikaansing of onbekendheid met die literêre gebruik, kom by die skrywer Leon Maré wanhorme soos die volgende voor: die oorgeblyfde stukkie (Malkop, bls. 22); 'n opgeheefde sabel (Malkop, bls. 43); met verlaagde oë (Malkop, bls. 53); in 'n verre afwykte land (?) (Malkop, bls. 133).*

#### *Pronomen + Adjektief of Partisiepiem.*

84. Voorplaatsing van die Adjektief is nie moontlik nie. Agterplaatsing kan by die Pronomen onder dieselfde omstandighede voorkom as by die Substantief, en dan kom die verbinding ook origens ooreen met die van 'n Substantief met 'n Adjektief. In die reël word die Adjektief of Pronomen egter deur middel van 'n Bysin met 'n Pronomen verbind, soos in: *Ja, ek, wat nooit van siekte afwis, het plotseling*

*geheelenal my gesondheid verloor* (Getrou, bls. 188), waarnaas : *Ja, ek, nog altyd onkundig van siekte, het toe plotseling... verloor*, boeketaal is.

(3) *Substantief + ou.*

85. Daar bestaan in Afrikaans twee woorde *ou*. Die eerste is 'n Adjektief wat dieselfde betekenis het as Ndl. *oud*. Die verbindings van hierdie woord met Substantiewe kom ooreen met die van alle andere Adjektiewe en Substantiewe; by samestelling val die aksent op *ou*, b.v. *die oukêrel, oumense*, ens. Hierdie woord verdien dus geen besondere aandag nie. Die tweede is 'n gevoelswoord, wat toegenegenheid, minagting, kameraderie ens. kan uitdruk. Die verbindings van hierdie woord met 'n Subst. vorm 'n besonder tiepe. Die aksent van *ou* is ondergeskik aan die van die Subst., tensy daar spesiale nadruk op val. Adj. en Subst. vorm saam 'n noue eenheid, maar *ou* word nie van sy Subst. geskei soos die ander adjektiewiese woorde wat daar so 'n eenheid mee vorm nie. Intendeel, wanneer *ou* en nog 'n Adj. voor 'n Subst. staan moet *ou* byna altyd sy plek tussen die ander Adj. en die Subst. inneem, m.a.w. daar bestaan 'n sterke adhesie tussen *ou* en sy Subst. Vgl.: *met die eenvoudigste ou gewassies* (Ons Weg, bls. 110); *ik sou lag kry vir die nietige ou mensies* (Ons Weg, bls. 108).

86. Die twee betekenis kan in mekaar vloei. As Leipoldt praat van die *ou meul* en die *ou wiel* (Oom Gert Vertel, bls. 37), dink hy aan hulle ouderdom, maar laat hy tewens 'n gevoel van intimiteit uitkom; praat hy egter in dieselfde gedig van die *ou popliere*, dan tree die gevoelswaarde van die woord heeltemal op die voorgrond en hoef 'n mens gladnie eens aan hulle ouderdom te dink nie.

87. As die ander Adjektief tussen *ou* en die Substantief staan, dan het dit 'n sterk neiging om 'n nouer eenheid met die Subst. te vorm. So sou in die volgende sitate: *toe dan, my liewe ou goeie oompie* (Malkop, bls. 22); *so'n klein huis-*

aptekie knap ons ou vaal burger net gou-gou weer op (Malkop, bls. 24); die ou wit huisies en boompies en kraaltjies en wingerdjies lyk soos die popgoedjies van kinders (Ons Weg, bls. 107) 'n beter skryfwyse wees: goeie-oompie, vaal-burger, wit-huisies. As so 'n nouer eenheid nie bedoeld is nie, kan ou herhaal word na die Adjektief. Dus: *my ou goeie ou oompie* ens. Vgl.: *Tingerige ou papperige ou nare ou dingetjie*, maar daarom 'n plesier om hier in die huis te hê (Ons Weg, bls. 30). Waar twee Adjektiewe tussen die Subst. en ou staan, vorm die laaste 'n nouer eenheid met die Subst., b.v. in: *met hulle ou tere jonge blaartjies*, waar *jonge-blaartjies* so 'n nouer eenheid is.

Opm. by §§ 85-87. *Ou* as gevoelswoord word deur Dr. Boshoff<sup>1)</sup> uit die Noordhollandse volkstaal afgelei. Net soos *lütt* het *old* egter dieselfde gebruik in Platduits. Vgl.: *min ol god' Jung; do mell sik dat ol lütt Hart; Büst 'n oln goden Hund; Büst en ol Gos!; Ik hadd wedder so 'n oln snakschen Drom.*<sup>2)</sup> Ook in Engels kan *old* al die gevoelsnuanses weergee wat die woord in Afrikaans het. Vgl.: *Gode olde fygtyng was there* (1590); *the lawyers in the House have had what . . . we may be allowed to call a high old time* (Westm. Gaz. 1898); in die daaglikse omgang is seer gebruikelik uitdrukkinge soos: *old boy, old chap, old fellow, old man, good old Scotland, a good old spree*, en min-agtend word b.v. gebruik: *old bloke.*<sup>3)</sup> Hierdie gebruik van die woord is dus algemeen Saksies-Fries en het ook in Algemeen Nederlands deurgedring. In Algemeen Nederlands is uitdrukkinge, soos: *Mensch, wat kreeg ik een oud pak; ik heb een ouwen hekel aan dat ongezellig zitten in een cirkel tans verouderd*, maar *oude jongen* ens. kom nog in die gemeensame taal voor. Die enigste wat tiepies Noordhollands is, is die vorm *oud* (met -d) as Selfst. Nwd. gebruik en dit is nie Afrikaans nie.<sup>4)</sup>

88. In 'n uitroep soos *groot man!* (veral teenoor kinders) word die Adjektief, hoewel draer van die aksent, op dieselfde manier deur die Substantief geattraher. Dieselfde attraksie

<sup>1)</sup> *Volk en Taal*, bls. 258.

<sup>2)</sup> Meyer, *Unsere Plattdeutsche Mutterspache*, blss. 75-6.

<sup>3)</sup> Murray, *A New English Dictionary* VII, blss. 96-99.

<sup>4)</sup> *Ndl. Wdb.* XI, 1522-46.

bestaan in party uitdrukkinge met *lief*. Vgl.: *Ag, die liewe geldjies tog* (Pers). Vir Engels meld Sweet <sup>1)</sup> dat „very frequent collocations such as *old man, young man (= youth)* have become so fixed that na other adjective, even if more special in meaning, is allowed to come between the two words: *a conceited young man*.” In Afrikaans word in sulke gevalle samestellinge gevorm. Vgl.: *julle wakker jóngkêrels*. Ook in Nederlands word sulke verbindings tot samestellinge, dog as twee woorde kan op gevat word: *jong mens, jonge heer, jonge dochter, jonge juffrou* met aksent op die Adjektief.

*Leungroep: Substantief (of Pronomen) + Adjektief.*

89. In sinne soos: *sy het 'n nuwe hoed, 'n vale; daar was twee lemoene, 'n grote en 'n kleintjie vorm hoed + 'n vale en lemoene + 'n grote* 'n woordgroep, waarin die verbinding van die Subst. en die Adjektief losser is as bevoorbeeld in: *'n arme student of bande, sterk en heg*. Die lede van die verbinding het dan ook ieder 'n eie aksent en die Lidwoord word voor die Adj. herhaal. Verder is op te merk, dat alleen agterplaatsing van die Adjektief moontlik is en dat die Lidwoord by albei lede kan ontbreek as die Subst. meervoudig is, soos in: *hy het baie bewonderaars, vurige en halfslagtige*. Die losse geaardheid van die verbinding blyk daaruit, dat in die tevore behandelde groepe die Adjektief direk saamgegaan het met die Substantief, maar dat dit in hierdie geval 'n pregnante betekenis kry, wat sowel die inhoud (of 'n deel van die inhoud, soos in die tweede voorbeeld) van die Substantief as sy eie verteenwoordig. Tussen sulke Adjektiewe en Substantiewe is dan ook geen skerp grens te trek nie. Die gevoel, dat ons hier geheel Substantiewies gebruikte Adjektiewe het, word dan ook alleen teëgewerk deur die proksimiteit van die Substantief. Maar tog is hierdie teenwerking nie baie sterk nie, want ook in vorm

---

<sup>1)</sup> *New English Grammar* II, § 1790.

gaan die Adjektiewe hier dikwels oor tot Substantiewe. In die tweede voorbeeld hierbo staan 'n *kleintjie*, met verkleinings-uitgang, b.v. volkome parallel met 'n *grote*. Verder kan by die Enkelvoud *een* of *ene* en by die Meervoud die uitgang *-s* toegevoeg word. Vergelyk: *hy het twee hoede, 'n swarte en 'n gryse naas hy het my twee hoede gewys, die eerste een te groot en die tweede een te klein*; en vir die Meervoud: *alle Afrikaners, Engels- sowel as Hollandssprekende(s)*, waar die *-s* fakultatief is, en (na Telwoorde en *die*): *hy het drie hoede, een vale en twee swartes; hy neem al die lemoene, die grootes en die kleintjes*, waar die *-s* noodsaaklik is. By name soos *Karel die Grote, Hendrik die Vierde* ens. is die verbinding daarenteen samegesmelt tot 'n enge eenheid, waarin die Adjektief ondergeskikte aksent het.

90. *Geskiedkundig.* In die Nederlandse omgangstaal het die Adjektief in sulke gevalle dieselfde vorm as in Afrikaans; in die Nederlandse skryftaal word dit net so verbuig as wanneer dit voor die Substantief staan, behalwe dat dit nooit sonder *-e* voorkom nie. Die skryftaal kom ooreen met die ouer vorme van die taal, vermoedelik ook wat betref die onmoontlikheid van 'n vorm sonder *-e*, hoewel Dr. Stoett daar geen melding van maak nie.<sup>1)</sup>

91. Die toegevoegde *een* (*ene*) is beskrywe geword as 'n stut (Eng. prop-word) van die Adjektief. In essensie beteken dit dat die verbinding anders so los is, dat die samegaan van die Adjektief met die voorafgaande Subst. nie sterk genoeg gevoel word nie. Daar 'n Adj. nie sonder 'n Subst. kan voorkom nie, word dus óf die Adj. self as Subst. gevoel óf word daar 'n substantiewiese woord aan toegevoeg, waarvoor *een* (*ene*) kan diens doen, sonder om 'n hinderlike herhaling te veroorsaak. Hierdie gebruik van *een* kom voor in Mnl., in later tyd (die Bybel, Bredero ens.), in Fries, Stadfries, Engels en Middelenegels en is dus goed beskrywe as 'n Anglo-Friese

---

<sup>1)</sup> Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 129.

eienaardigheid.<sup>1)</sup> In Afrikaans is die gebruik van *een* as stut egter beperk. Dit kom veral voor na rangtelwoorde en ander aanwysende woorde en na die vergrotende of oortreffende trap. In: *jy lyk 'n mooi ene (een)* beteken *ene* of *een* 'iemand', en het ons dus 'n ander geval. Alleen as Anglisisme kom uitdrukkinge voor soos: *hy het twee koeie, 'n rooie en 'n swartbont ene*.

*Substantief + Adjektief (of Partisiepiem) met Verbum as bindwoord.*

92. 'n Adjektief kan ook deur middel van 'n Werkwoord met 'n Subst. verbind worde. Daar die Adj. dan tewens óf dien om die begrip van die Ww. te vul (vgl. *die man is goed*) óf as bepaling van die Ww. (b.v. *sidderend herhaal sy dit; hy het gesond aangekom*), kan ons hierdie manier van verbinde beste onder die Ww. behandel.

*Opm.* Sütterlin, wat aan die Adjektief in hierdie verbinding die naam *Aussagebeifügung* gee, beskrywe dit as „sozusagen eine Nebenaussage zu der Subjekts- (oder Objekts-) und zu der Verbalvorstellung zugleich“ en meld van sy betekenis: „Sie bezeichnet dann meist auch keine dauernde Eigenschaft des Trägers dieses Hauptwortbegriffes, sondern nur eine *zufällige, vorübergehende Erscheinung*, welche an die in dem Zeitwort angegebene Tätigkeit geknüpft ist.“<sup>2)</sup> Die „*praedictive attribut*“ van H Paul<sup>3)</sup> hoef nie deur 'n Ww. met die Subst. verbind te word nie, maar is iets tussenin tussen die psigologiese Subjek en die psigologiese Predikaat. „Dieses charakterisiert sich dadurch, dass die eigenschaft nicht als schon dem subst. anhaftend gedacht, sondern ihm erst in dem augenblicke wo man den satz ausspricht, beigelegt wird. Wegen seiner grösseren selbständigkeit kann es von dem zugehörigen subst. getrennt werden.“<sup>4)</sup>

<sup>1)</sup> Sweet: *New English Grammar* I, bls. 87; II, bls. 66; C. de V.: *Verwarring van klank en teken in het „Wdb. der Ndl. Taal“* (N. Taalg. X.)

<sup>2)</sup> *Deutsche Sprache der Gegenwart*, bls. 366.

<sup>3)</sup> *Mhd. Grammatik*, blss. 96-7.

<sup>4)</sup> Vgl. ook Paul, *Prinzipien*, blss. 142-3.

### B. Substantief + Adverbium.

Van die verbindings van Subst. met Bywoorde bestaan daar drie vormtipes:

93. (1) Die Bywoord staan agter die Subst. en wel met of sonder bindwoord. Tensy die betekenis 'n spesiale nadruk op een van beide woorde eis, is die aksent gelykmatig. Die Bywoorde wat in hierdie verbinding voorkom dui tyd of plaas aan.

*Plaas: Is Jan dáár jouw seun?* (Grootvader, bls. 30.)

*Wie? Hy daar?* (Grootvader, bls. 30.)

*Op die bank links* (A. B. C., bls. 32.)

*'n Jakhals skree in 'n randjie naby, en 'n tier brul 'n entjie verder* (Getrou, bls. 174.)

*Die bewerings daarin is bekend als onwaar* (Boer-vrouw, bls. 29.)

*Hy ken die wêreld hierlangs gladnie* (Duimpie I, bls. 11.)

In sommige gevalle kan die bindwoord van gebruik word, soos in: *Die man van daar; die gewoonte van hier; die blommetjes van daaronder(kant).*

*Tyd: Die gebeurtenis gister;*

*Die onenigheid toe.*

Hier is dit egter veel gebruikliker om die bindwoord te besig: *Die rusie van onlangs; die opgewondenheid van toe; die maghebbers van gister; die grootpraters van vandag en die lafaards van môre.*

94. *Geskiedkundig.* Hierdie verbinding is baie verbreid in Germaanse tale. Dit het ontstaan uit die deiktiese gebruik van die Bywoorde, wat nog voorkom, en gekenmerk word deur die langsaam tempo waarmee die verbinding uitgespreek word: *die vasie / dáár; die bordjie / onder; die gesprek / gister.* Hier is die verbinding nog baie losser.

Hoewel alleen hierdie volgorde van die woorde teenswoordig gebruiklik is, is dit tog ook moontlik om eers die

aanwysing te doen en dan die Selfst. Nwd. te laat volg, en uit hierdie laaste volgorde het die samesmelting van daar en hier met die Lidwd. (Aanw. Vnwd.) tot daardie, hierdie ontstaan. Dit kom dan ook nog voor in die taal van Nederlandse kinders. Ook Schiller gebruik sinne soos: *Dort der Holunderstrauch verbirgt mich ihm; Hier der Feldmarschall weiss um meinen Willen*; <sup>1)</sup> *Da der Slawata und der Martinitz... die und Ihresgleichen lasst den Krieg bezahlen*. <sup>2)</sup> Maar reeds Huygens het geskrywe: *Sie je daer die Monseur wel kuy're* (Trijntje Cornelis, vs. 1426) en ook in Negerhollands kom *da die* voor. <sup>3)</sup>

95. (2) Die Bywoord kan voor of agter die Subst. staan, of as daar meer as een Bywoord is wat mekaar versterk, kan hulle gedeeltelik agter en gedeeltelik voor die Subst. staan. Die neiging is om die aksent van die Bywd. ondergeskik te maak aan die van die Subst. Die verbinding word gebruik om die inhoud van 'n bepaalde Subst. te isoleer en soms daarby te negeer. Vbb.:

*Selfs hy het gekom;*

*Die Afrikaners veral;*

*En nog die kinders ook;*

*Al ken hy maar net Engels alleen* (E. Skywers, bls. 90).

Aandag verdien, dat die woorde deur hierdie verbinding dikwels 'n pregnante betekenis kry. So beteken '*dit was nie hy nie*' nie alleen wat iedere woord op sigself inhou nie, maar daarby nog '*maar wel iemand anders*'. By *Die Afrikaners veral*, verstaan ons '*maar ook ander mense*'. Daarenteen is, *ek ook het hom lief* (Misdade, bls. 224), tw. '*sowel as hy my*', 'n Anglisisme. In Afrikaans beteken *ek* ook, '*ek sowel as ander mense*'.

---

<sup>1)</sup> Gesiteer deur Sütterlin, *Deu. Sprache der G.*, bls. 334.

<sup>2)</sup> Gesiteer deur Wunderlich, *Unsere Umgangssprache*, bls. 178.

<sup>3)</sup> Vgl. Hesseling, *Het Negerhollands*, bls. 100.

„ *Het Afrikaansch*, blss. 139-40.

96. (3) Die Bywoord staan soms voor, soms agter, die Substantief. 'n Bindwoord is enkel moontlik waar die Bywd. die Subst. deur middel van 'n werkwoord beheers. In hierdie verbinding bepaal die Bywoord die adjektiewiese inhoud van die Substantief. Hier bestaan die neiging om die aksent op die Bywoord te laat val.

*Hy is heeltemaal man, een-en-al ore;*

*Ons is ook maar sondaars;*

*Hy is psigoloog genoeg om dit te weet.*

*Opm. by §§ 93-96. In toe oë, 'n oop deur, 'n reguit kêrel* ens. moet *toe, oop, reguit* ens. in Afrikaans beskou word as Adjektiewe.

Dieselfde geld van *nou* in *nou Vrydag, Maandag* ens., uitdrukkinge wat waarskynlik ontstaan het uit die teenstellende gebruik met *ander Vrydag* ens. Dan het *nou* onder invloed van die tydsbegrip wat volg, die plek van *hierdie*, afstands aanduidend, geusurpeer. Dieselfde konstruksie kom in Nederlands voor.

Ook in die behandelde gevalle het die Adverbium 'n adjektiewiese funksie, maar daar dit nie deur 'n Lidwoord voorafgegaan kan word nie, lyk dit wensliker om hier die historiese benaming van die betrokke woorde te behou. Daarby kom dat in verbindings van tiepe (3) die Adverbium die hoedanigheid wat die Substantief uitdruk, dus die adjektiewiese inhoud van die Subst., bepaal. In *sy toe oë, 'n oop deur, die reguit kêrel* ens. gee die moontlikheid om 'n Lidwoord of Besitlike Vnwd. voor die verbinding te gebruik 'n duideliker adjektiewiese karakter aan die bepaling. In die Nederlandse literatuurtaal kry dit boonop nog 'n buigingsuitgang: *de nabije zon*. Om die duidelike parallellisme met 'hierdie' en 'ander' noem ons *nou* ook 'n Adjektief in die bowestaande geval.

---

### C. Substantief + Substantief.

97. Die verbinding van 'n Subst. met 'n Subst. kan op 'n groot aantal maniere tot stand kom en die mees verskillende

verhoudinge uitdruk. Opmerklik is die voortdurende verskuiwinge in die vorm waarin die verhoudinge uitgedruk kan word, en dat dieselfde verhouding dikwels gelyktydig op meer as een manier kan weergegee word. Ons voeg dus by die onderstaande groepering naar die vorm, telkens die ander maniere waarop dieselfde verhouding tot uiting kan kom.

98. (1) *Leungroep*. Die losste verbinding ontstaan deurdat twee Substantiewe, ieder met 'n eie aksent en met 'n pouse daartussen, op mekaar volg, natuurlik sonder dat die groep waarvan hulle toevallig die kern mag wees daardeur versteur word. Die agtergeplaaste Substantief (-groep) kan tweërlei diens bewys :

99. a) Dit kan 'n eienskap of eienaardigheid van die inhoud van die eerste Subst. agteraf vermeld, soos in :

*Dr. Piet Marais, geneesheer op die dorp en verloofde van Bettie* (Vergeet Nie, bls. 22).

*Annette 'n meisie van omtrent agtien* (Getrou, bls. 2);

*Regter, die wag hond* (Misdade, bls. 49).

100. Tot hierdie klas het oorspronklik baie famieliename behoort maar hulle het almal oorgegaan tot die tiepe met eenheidsaksent op die laaste woord; en gepaard daarmee het die verskynsel gegaan, dat die voornaam nou as die bepalende woord gevoel kan word en die 'van' as die bepaalde. Die oorspronklike opvatting blyk nog duidelik uit name soos:

*Jan de Smid, Piet Mulder, Dirk Schoeman.*

101. Dieselfde verhouding kan deur die bindwoord as uitgedruk word. Vgl.: *In 1834 sien ons die vrouw van J. J. Uys, met haar man en ander kommissielede, als die enigste vrouw waag om die vreemde wildernis in te gaan* (Boervrouw, bls. 72.)

102. b) Die tweede Substantief kan 'n korrektiewe nagedagte weergee. Gewoonlik beperk die tweede Subst. die begrip van die eerste; die twee begrippe kan in 'n oorsaaklike verhouding staan of by mekaar behoort wat ruimte of tyd betref. Voorbeelde is:

*En toe ontspoor die trein, die lokomotief.*

*Dit is helder dag — die oggend van 'n nuwe dag* (Misdade, bls. 3).

103. Ook met bindwoord kom die verbinding voor, b.v. in: *Manne, meestal rebelle, wat vir die grootste deel met geen vooruitsig nie die wisselvallige oorlogswerk of hul geneem het* (Vergeet Nie, bls. 69).

104. Die volgende sin is 'n letterlike vertaling van 'n konstruksie wat in Engels usueel geword het: *Daar agter die berge is haar tehuis — helaas, haar tehuis nie meer nie* (Misdade bls. 26).

105. Baie dikwels staan 'n Werkwoord of 'n deel van 'n samegestelde Ww. egter tussen die twee Selfst. Naamwoorde:

*Maak my assemblief toe, my voete.*

*Ons dak is beskadig, die voorste gedeelte.*

106. In: *die botter kos twee sielings die pond; die kissies kos 'n sikspens die stuk*, ens., is die tempo versnel, sodat die maat plus die prys nou opgevat word as 'n bepaling van die Werkwoord en die maat as 'n bepaling van den prys.

107. Dieselfde verhouding kan ook by die tussengevoegde Werkwoord deur middel van 'n Voorsetsel uitgedruk word: *Ons huis is beskadig aan die voorste gedeelte; dit kos twee sieling vir 'n pond, 'n sikspens per stuk* ens. As die eerste Subst. reeds deur 'n Voorsetsel beheers word, word dit voor die tweede herhaal: *Hy was argitek van die skool, van die nuwe gebou.*

108. Konstruksies van hierdie aard het 'n uitgebreide lewe in iedere omgangstaal, waar sulke korreksies uiteraard dikwels voorkom. In die literatuurtaal, waar die uitdrukkingswyse vooraf oorweeg word, is die skrywers gewoonlik meer terughoudend teenoor sulke konstruksies, dog van tyd tot tyd dring hulle ook daar deur.<sup>1)</sup> Dit verdien aanbeveling om die pouse deur 'n komma aan te dui.

---

<sup>1)</sup> Vir 'n uitvoerige behandeling van hierdie konstruksie sien Blümel, *Verbindung von Ganzem und Teil* (Idg. Forschungen, XXXIV).

109. (2) *Gelykmatige aksent* maar met 'n sneller tempo as by die vorige soort groepe het die twee substantiewe in die volgende gevalle:

110. a) Die eerste Subst. gee 'n voorwerp aan en die tweede wat daardeur gemeet moet word: 'n *māndjie āppels*; 'n *bōttel mēlk*; 'n *stūkvat wĳn*. Met hierdie aksentuasie word albei woorde in hulle volle betekenis gevoel. Gewoonlik kry sulke verbindings egter eenheidsaksent met klemtoon op die laatste woord: 'n *māndjie āppels*, 'n *bōttel mēlk*, 'n *stūkvat wĳn*. Dān is die betekenis van die eerste woord verswak, sodat dit nie 'n voorwerp aangee nie, maar enkel die maat.

111. Dieselfde verhouding kan deur middel van die bindwoord met uitgedruk word: 'n *mandjie met appels*, 'n *bottel met melk*, 'n *stukvat met wyn*.

112. *Geskiedkundig*. Oorspronklik het die hoeveelheidswoord 'n Genitief beheers. Daarvan is nog oorblyfsels te sien in verbindings met *wat*, *iets*, *niks* (*niets*), *weinig* en in die uitdrukkinge *vol soeten wyne* en *mans genoeg* (Vgl. § § 139-40). Ook *veels geluk* het ontstaan uit *veel geluks*. *Niks*, *weinig*, *genoeg* en *veel* (*baie*) word teenswoordig as Adjektiewe gevoel. Vgl.: *niks suiker*, *weinig troos*, *mense genoeg*, *genoeg praatjies*, *veel* (*baie*) *gevalle*, ens. Vol het verbleek tot 'n bindwoord wat ongeveer dieselfde funksie het as *met*. Vgl.: 'n *mandjie vol appels*, 'n *stukvat vol wyn*, ens. Daarnaas bestaan dit as Adjektief: *met volle teue drink*, ens.

113. b) Die eerste Subst. is 'n pleknaam wat die tweede beheers: *Rosebank Tentoonstelling*; *Bloemfontein Kongres*; *Ceres Skoolraad*. Hierdie konstruksie word nog gevoel as 'n indringer in Afrikaans. Veral via die Engelse telegramme het dit as letterlike vertaling 'n posiesie verower, aanvanklik in die Hooghollandse koerante, maar ook in koerante wat in Afrikaans geskrywe word kom dit veelvuldig voor. Hierdie geskiedenis bring mee, dat die aksent enigsins onseker is. As 'n bepaalde verbinding vir die eerste keer gebruik word het die twee

woorde gelyke aksent, maar by mondelikse gebruik — wat tot nog toe maar selde voorkom — is die neiging om daarvan 'n samestelling met eenheidsaksent te maak. Soortgelyke samestellinge kom in Nederlands ook voor, nie alleen by plekname op *-er* soos in *Deventer-koek* waar die pleknaam as Adj. gevoel word nie, maar ook in taal wat onder vreemde invloede staan. Vgl. *Gouda-kaarsen*, *Sabang-haven*. Maar gelet op hulle geringe getal en die feit dat hulle in die gewone Afrikaanse spreektaal onbekend is, kan 'n mens hier gerus van Anglismes praat. Die egte Afrikaanse manier van verbinding in sulke gevalle is: pleknaam + *se* + Subst., (dus: *Rosebank se tentoonstelling*) of *die* + Adj. op *-se* + Subst., (dus: *die Rosebankse tentoonstelling*). In die geval van eiename waarin reeds *die* voorkom, is die enigste onderskeiding wat dan tussen die twee tiepes oorbly, dat daar in die eerste geval 'n pouse is tussen die eienaam en *se* (b.v. *die Pêrel se boere*), en in die tweede geval nie (b.v. *die Pêrelse boere*), wat dan ook dikwels aanleiding gee tot 'n verkeerde skryfwyse, sodat 'n mens b.v. lees: *Pretoriase mense* i.p.v. *Pretoria se mense* of *die Pretoriase mense*.

Sporadies kan 'n mens ander soortgelyke indringers uit Engels in Afrikaanse geskifte teëkom. Vgl.: *Als krygsgevangene in die 1899-1902 oorlog* (E. Skrywers, bls. 146); *van die sendeling kant* (Boervrouw, bls. 15).

114. c) Twee Substantiewe, waarvan die een 'n algemene en die ander 'n besondere naam is, dien gesamentlik as geografiese naam: *die distrik Swellendam*; *die rivier, die Nyl*; *die land Gosen*. Ook hier bestaan sterke neiging om eenheidsaksent te vorm. In die naam *Kaap die Goede Hoop* (< Ndl. *Kaap de Goede Hoop*) sien ek egter nie 'n oorspronklike samestelling van hierdie tiepe nie, maar 'n onsuivere vertaling van Port. *Cabo da boa Esperança* (= *Kaap van die Goeie Hoop*.)

115. Sulke verbindings ontstaan veral in offisiële taal; in die gewone omgangstaal word 'distrik', 'afdeling' ens.

deur middel van se met die eienaam verbind: *Swellendam se distrik*.

116. Verbindinge met die omgekeerde volgorde, soos: *Kaap Provinsie, Transvaal Provinsie, Betsjoenaland Protektoraat* ontstaan onder Engelse invloed maar word deur die analogie van samestellinge soos: *Nylstroom, Bergrivier, Sneekop* ens. maklik opgeneem.

117. Reeds uit die Middeleeue dateer verbindinge met *van*, soos: *Die poort van Vyanden, Dat lant van Persen, Die rivier van Nylus*<sup>1)</sup> en later het hulle ook nog ontstaan deur vertaling uit Romaanse tale (Vgl. die ouer vorm *Het land van Natal* = Port. *terra de* of *do Natal*<sup>2)</sup>), maar tog kan daar weinig twyfel bestaan dat uitdrukkinge soos *die distrik van Clanwilliam* (E. Skrywers, bls. 74) onder Engelse invloed gevorm word. In suiwer Afrikaans word *van* alleen gebruik as daar 'n teenstelling is — die 'distrik' en nie die 'dorp' nie — en word 'distrik' gevoel as iets byhorends, as 'n soort van besit.

118. d) 'n Kompositum met 'n Substantief as laaste lid bepaal 'n ander Substantief: *'n blou-oog nóointjie, 'n kaalkop vors, 'n kromneus kereel, 'n dubbeleverdieping huis*. Sodra sulke verbindinge as vaste naam van iets gevoel word, dus tot samestellinge ontwikkel, kry hulle 'n eenheidsaksent. Die aantal sulke samestellinge is dan ook baie groot. Veral as name van diere, voëls en plante doen hulle diens. Enige voorbeelde is: *taaipitperske, lospitperske, swartwitpensbok, swartmaanhaarleeu, poenskopolifant, maanhaarjakhals, kommetjiesgatmuishond, waaierstertmierkat, witborskraai, bloukopklipsalmander, bakkopslang, langasemvoel* ens.<sup>3)</sup>

---

<sup>1)</sup> Stoett, *Mnl. Syntaxis*, bls. 137.

<sup>2)</sup> Sie b.v. *Nieuwe en Beknopte Hand-Atlas* van de L' Isle (A'dam by Isaak Térión), Kaart van Afrika deur D'Anville, 1763; en Kaart van "het Zuidelykste Gedeelte van Afrika" (34).

<sup>3)</sup> Meer vbb. is te kry hy Boshoff, *Volk en Taal*, blss. 301-333, alwaar 'n ryke versameling samestellinge byeengebring is.

119. *Geskiedkundig*. Hierdie verbindingstiepe is in ander Germaanse tale seldsaam en in hoofsaak beperk tot gevalle, waar die eerste lid 'n Telwoord is. In Duits kom b.v. voor: *Siebenzimmerwohnung*, *Zweipfunddose*<sup>1)</sup>; in Nederlands: *tienstuiverstuk*; in Engels: *two-shilling piece*. In Engels kom egter ook verbindings- soos: *clingstone* en *freestone peach*,<sup>2)</sup> maar in Afrikaans was sulke samestellinge lank voor die Engelse besetting bekend, sodat hier nie aan Engelse invloed te denke is nie. Waar Nederlands geen samestelling met verbindings-*s* gebruik nie, tree gewoonlik, in plaas van twee Substantiewe, 'n Adjektief, wat dikwels die vorm van 'n Partisiepium aanneem, met 'n Substantief op: *de rozevingerige morgenstond*, *de blauwogige deerne*, *de witgetande reus*; en ook in Engels word hierdie konstruksie gewoonlik gebruik: *rosy-fingered dawn*, *a blue-eyed lassie*. Daarnaas het Ndl. b.v. *kaalrughaai*, *kromstevenschip*, *zwartkopmees* ens., maar die getal van dergelike verbindings- is beperk, sodat die analogiese invloed daarvan en van die samestellinge met 'n Telword as eerste lid nouliks voldoende lyk om die grote uitbreiding wat die klas in Afrikaans gekry het te verklaar. En ander verklaringe is dan ook moontlik. In die eerste plek is die ontstaan van sulke uitdrukkinge langs suiwer fonetiese weg nie onmoontlik nie. In Saksiese en Friese dialekte word die Partisiepium gevorm sonder *ge-* [soms egter met *e-*]. Ook die possessief-kompositum kry dus 'n ooreenkomstige vorm, sodat *ruimschotteld*, *witdopt*, *rooddopt* ens. in dié dialekte ooreenkom met *goedgeluimd*, *grijsgevekt*, *scherpgetand* ens. in algemeen Nederlands. *Blue-eyed* in Engels kom natuurlik ooreen met die eerste en nie met die laaste groep nie. Die dialektiese vorm was in die sewentiende eeu die algemene in Amsterdam, 'n stad wat baie invloed op die Afrikaanse taal gehad het<sup>3)</sup>. As 'n mens nou onthou dat eind-*t* na

<sup>1)</sup> Blümel, *Einführung*, § 212.

<sup>2)</sup> Vermeld deur Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 305.

<sup>3)</sup> Vgl. aant. v. Leendertz op *ruimschottelde* in Hoofts *Warenar*, vs. 5 (Zw. Herdrukken IX-XI, bls. 102).

skerp konsonante in Afr. wegval, en by die Part. ook nog na ander konsonante, dan is dit bes moontlik om te besluit dat *kaalkop* b.v. uit *kaalkopt* ontstaan het. By *lospit* is selfs geen verandering van vorm nodig nie. Maar met so 'n verklaring is die attributiewe vorm van die komposita nog nie duidelik gemaak nie, want in attributiewe gebruik gaan die Partisiepie op *-te* uit. 'n Mens sou dan moet aanneem dat die predikatiewe vorm analogies gewerk het op die attributiewe, dat: *die man is kaalkop* dus ook: *die kaalkopte man* verander het in: *die kaalkop man*, iets wat anders nie gebeur nie. Ons moet dus konkludeer dat hierdie analogie hoogstens 'n bykomstige faktor kan gewees het en dat die uitbreiding van die Afrikaanse vorm 'n psigologiese uitgangspunt gehad het. So 'n psigologiese uitgangspunt lewer die feit dat in sinne soos: *dis 'n kaalkop*, *'n gryshaar*, *'n blou-oog*, *'n langlys*, 'n verduidelikende toevoegsel soos: *kêrel*, *man*, *vrou*, *meisie*, *peer*, dikwels nodig is. Soortgelyke verduidelikinge het ons b.v. in: *sailor-blouse baadjies*, *sailor-hat hoede*, *safety-pin spelde*<sup>1)</sup> en is te vergelyk met *pain-de-luxe broodjes* en voorgevoegde Adjektiewe soos *Keulsche en Amerikaansche eau de Cologne*, wat in Nederlandse winkelétalages te sien is. Deur die beskrywende funksie van die woorde *kaalkop*, *blou-oog* ens. in die verbindings *kaalkop kêrel*, *blou-oog meisie* ens. kan die eerste woord dan later as Adjektief gevoel geword het, terwyl dit oorspronklik deel uitgemaak het van 'n apposisionele verbinding en dus die vorm van 'n Substantief behou het.<sup>2)</sup>

*Opm.* by §§ 118-9. Heel wat is reeds geskrywe oor die Adjektiewiese funksie, wat die possessief-komposita ook in Predikatiewe gebruik in Afrikaans aangeneem het. Prof. Hesselings sien in die uitdrukking *ek is droëlewer* Maleis-Portugese invloed want "precies op dezelfde wijze worden in het Maleisch-Portugeesch nomina gebruikt als adjektieven en als substantieven."<sup>3)</sup>

<sup>1)</sup> *Volk en Taal*, bls. 293.

<sup>2)</sup> Vgl. Paul, *Prinzipien*, § 250; Behaghel, *Deutsche Syntax I*, § 3.

<sup>3)</sup> *Het Afrikaansch*, blss. 112-3.

Dr. du Toit gaan dan ook nog verder en plaas daarnaas: *Hulle is hoenderkop en ons is lekkerlyf*.<sup>1)</sup> Dr. Bosman het aangetoon, dat Ndl. *Hij is platzak* daar presies parallel mee is.<sup>2)</sup> Waarop Prof. Hesseling geantwoord het, dat die laaste uitdrukking in Nederlands 'n 'unicum' is en dus nie voldoende om 'n reeks uitdrukkinge in Afrikaans te verklaar nie.<sup>3)</sup> Nou is die uitgangspunt van Prof. Hesseling se verklaring dat *ek is droëlewer* gelyk staan met „ik heb een droge lever”, wat dan ooreenkom met Mal. *sahāja āda suka* = Mal.Port. *ijo teng kontenti*, wat vertaal kan word „ich bin zufrieden” of „ich habe Zufriedenheit”<sup>4)</sup> en dus beteken dat dieselfde woord die funksie van 'n Adj. of 'n Subst. kan hê. Hierdie argument sou seker waarde gehad het as *tevrede* of *tevredenheid* in Afrikaans ook so 'n dubbele funksie gehad het; maar dit is in Afrikaans net so min die geval as in Nederlands. Die woorde wat in Afrikaans so 'n dubbele funksie het, behoort tot 'n klas wat in Nederlands dieselfde verskynsel vertoon, al bly hulle daar na die vorm Substantiewe. 'n Mens kan in Nederlands tog net so goed (of veel beter?) sê: *Hij is 'n domkop* as *Hij heeft 'n domkop*. Vgl. ook: *jij bent zo 'n bol*. Welnu, in die tweede geval word 'domkop' voorgestel as 'n besit en in die eerste geval as 'n eienskap. En *domkop* is g'n unikum nie, want 'n mens kan ook sê: *Hij of zij is 'n langtong, lekkerbek, roodhuid, spitsneus, spitskin, zwartkop, zwartoog, blauwbaard, blauwjjas, blauwkous, zwartrok* ens. Die enigste opsig waarin Afrikaans van Nederlands verskil, is dat Afrikaans soms 'n weglaat, sodat ook die substantiewiese vorm van die samestelling verdwyn, en daarvoor is die voor-die-hand liggende verklaring, dat die funksie reeds (soos ook in Nederlands) adjektiewies was. Daarby kom dat die attributiewe gebruik ook maar een vorm ken, waarin Adjektief nie van Substantief te onderskei is nie, b.v. *'n domkop kêrel*, en die analogie van verbindingses soos: *Mnr. Drooglewer*. Sulke eiename kan ook predikatief sonder 'n gebruik word. Vgl.: *Hy is Maljan onder die hoenders*. 'n Simpleks kom in dergelike gevalle in Ndl. dikwels sonder 'n voor. Vgl.: *Hij is rechter maar tevens mens; Hij blijft Fransman* ens.

Wil 'n mens die proses wat in Afrikaans plaasgevind het met Maleis-Portugees vergelyk, dan kom daarvoor in aanmerking

<sup>1)</sup> *Afrikaansche Studies*, bls. 82.

<sup>2)</sup> *Afrikaans en Maleis-Portugees*, blss. 78-9.

Vgl. ook Boshoff, *Volk en Taal*, bls. 288.

<sup>3)</sup> *Nieuwe Taalgids* X; en Brandwag, Des. 1916.

<sup>4)</sup> Schuchardt, *Kreolische Studien* IX, bls. 203.

uitdrukkinge soos: *fika danu*, *fika medu*, *fika reiba*, *fika saudi* ('geschädigt, furchtsam, zornig, gesund werden'), waar 'n oorspronklike Subst. ook 'n Adj. geword het.<sup>1)</sup> Maar die vergelyking gaat nie op nie, want *danu*, *medu*, *reiba*, *saudi* gee oorspronklik abstrakte begrippe weer (verlies, vrees, toorn, gesondheid), terwyl *domkop lekkerbek*, *roodhuid* ens. name van lewende wesens is. Met hierdie woorde het in Afrikaans dus net die omgekeerde gebeur van wat die geval was met woorde soos: *toe*, *oop*, *naby* ens. wat, deur hulle adjektiewiese funksie in predikatiewe gebruik, tot attributiewe Adjektiewe geword het — iets waartoe ook in Nederlands telkens 'n aanloop geneem word, hoewel die gebruik daar nog nooit gevestig geword het nie. Wat is nou waarskynliker, dat die kleurlinge hierdie konstruksie uitgebrei het tot die gevalle: *droëlewier*, *lekkerlyf* en *hoenderkop* onder invloed van die groot analogie-klas in Afrikaans of onder invloed van sinne soos: *ijo teng kontenti*?

In Ndl. *Hy is bek-af* (Afr. ook nog: *been-af*, *pootuit*, *kopsku* ens.) het die samestelling wel 'n ander vorm, maar ook hier word as 'n eienskap voorgestel die bepaalde gesteldheid van 'n liggaamsdeel, wat net so goed vir 'n besit kan aangesien word as 'n droë lewer. Ook hier wys die vorm geen Substantief aan nie.

120. e) Uit die literêre taal en taal wat onder vreemde invloede staan is ons bekend met 'n aantal samekoppeling, wat ook by veel gebruik lig oorgaan tot samestelling met eenheidsaksent. Daaronder is twee gevalle te noem:

121. (α) Samekoppeling wat 'n verhouding uitdruk, wat anders deur Voorsetsels weergegee word. Die tweede woord kan die bepaling wees soos in: *die sisteem-Müller* (= van M.), *die ministerie-Smuts* (= van S.), 'n *kaartjie-tweede klas* (= vir die t. k.), of die tweede woord kan deur die eerste bepaal word, soos in: *die Vlake-bundel* (Poësie, bls. 169); *Unie-Kantate* (tietel van 'n digbundel van J. Celliers).

122. (β).<sup>6</sup> Onafrikaans is 'n paar vreemde maniere van naamgewing. Met die draers kom hulle name egter ook Suid-Afrika binne. Ons bedoel gevalle waar die van van die vrou agter die van die man staan, soos in Nederlands: *Scharten-Antink* of daarvoor, soos soms in Engels: *Murray*

<sup>1)</sup> Schuchart, *Kreolische Studien* IX, blss. 204-5.

*Bisset.* Heeltemal onbekend in Afrikaans is die agterplaatsing van die woonplek agter die van van die persoon, iets wat gebruiklik is in Duits: *Mensing-Kiel*. In Afrikaanse name waar die voornaam van die vrou agter die van die man staan, is daar wel altyd eenheidsaksent: *Särie Stóffel*.

*Opm.* by §§ 20-22. Ook Substantief-reekse kan op dieselfde manier samegekoppel word, as hulle op dieselfde persoon, saak ens. slaan: *Prins-Gemaal, Sekretaris-Penningmeester, Advokaat-joernalis, Kristen-Patriot* (Poësie, bls. 180), en ook hier bestaan die neiging om hulle by veelvuldige gebruik onder 'n eenheidsaksent te verenig. Tot sulke reekse hoort ook die taalnaam *Maleis-Portugees*, wat naar die mening van Dr. R. van der Meulen en wylen Prof. Verdam 'n moderne soort woordverbinding is.<sup>1)</sup>

**123.** (3) *Eenheidsaksent.* Die verbinding van Substantiewe onder eenheidsaksent is histories ontwikkel uit leungroepe of verbindinge met gelykmatige aksent — met of sonder bindwoord of fleksie-uitgange. In die reël val die aksent op die tweede Subst. maar deur sy belangrikheid in die verband kan die eerste dit partykeer kry. By enkele verbindinge het die laaste manier van aksentueer selfs usueel geword. Ons kan die volgende betekenis-kategorieë onderskei:

**124.** a) Twee of meer Substantiewe vorm same een naam. Hierdie verbinding staan min of meer gelyk met 'n samestelling. Vier gevalle kom voor:

**125.** (α) Die algemene naam staan voor en bepaal die besondere: *Die land Gosen, die stad Johannesburg* (Sie 2. c.); *Neef Jan, Oom Piet, Mnr. Terblanche, Dr. van Niekerk*, ens.

**126.** (β) 'n Voornaam en 'n van. Die voornaam kan die van bepaal en kry dan die aksent: *Ján de Vries* (nie 'Piet' nie), of die van kan die voornaam bepaal en die aksent dra: *Jan de Vriés* (nie 'Jan Vermeulen' nie). Die vanne dank hulle ontstaan aan die behoefte aan so 'n bepaling van die voorname.

---

<sup>1)</sup> Hesseling, *Africana* III (Tijdschrift XLI).

As geen teenstelling bedoel is nie, word die bepalende krag van die van teenswoordig egter nie meer gevoel nie. Vir my gevoel is die voornaam dan niks meer as 'n besonderheid wat terloops genoem word nie, en kan dit gelyk gestel word met die terloopse bepalinge *land, stad, Neef, Dr.* ens. onder  $\alpha$ , wat ook oorspronklik algemene name was.

127. *Geskiedkundig.* Vir 'n deel het hierdie tiepe ontwikkel uit die leungroep. (Sie §§ 99—100). In ander gevalle is die groepering verskuiwe, sodat die oorspronklike bindwoord nou deel uitmaak van die tweede Substantief. Die oorspronklike groepering was b.v.: *Willem /van/ der Merwe[de], Pierre /de/ la Harpe*, ens.

128. ( $\gamma$ ). Twee voorname word verbind, waarvan die tweede die aksent dra en die eerste bepaal: *Sarie Stoffel* (Veld, bls. 80); *Lenie Koos*, ens. (*Sarie*, die vrou van *Stoffel*; *Lenie*, die vrou van *Koos*).

129. *Geskiedkundig.* Verbindinge van hierdie tiepe het hulle ontstaan te danke aan 'n teenstelling. *Sarie*, die vrou van *Stoffel Burger*, en *Sarie*, die dogter van *Jan Burger* en suster van *Stoffel Burger*, heet b.v. albei *Sarie Burger*. Vandaar dat hulle onderskei word as *Sarie Stoffel* en *Sarie van Jan*. Deur die teenstelling word die eenheidsaksent verklaar en ook dat die gevoel vir die bepalende krag van die tweede naam lewendig bly.

130. As 'n meerledige eienaam 'n algemene bepaling kry, hoort die dele van die eienaam enger same. Vergelyk: *Tant / Sannie Jan*; *Oom / Willem van Rooyen*; *Generaal / Wessel Wessels*; *Advokaat / Dirk Kleynhans*.

131. ( $\delta$ ). 'n Pronomen Personale word gevolg en bepaal deur 'n klasnaam, wat die aksent dra:

*Julle Boesmans, ons witmense, hulle kinders.*

132. *Geskiedkundig.* Hierdie verbinding het ontstaan uit leungroepe, waarin die Substantief 'n eienskap van die persone (persoon) deur die Pronomen aangewys, na vore bring of die inhoud van die Pronomen voltooi. Vergelyk:

*Ek, arme drommel.*

*Hoe beval die Kaap u, juffrouw?* (Misdade, bls. 16).

*So staan hy daar, Adonis* (Vergeet Nie, bls. 7).

*Julle, Boesmans.*

133. b) Die verbinding gee 'n maat, omvang of hoeveelheid aan (Sic 2. a.): 'n *mandje áppels*; 'n *uur loop*; 'n *oulap klontjies*; 'n *ons peper*; 'n *koppie koffie*; 'n *paar mense*; *sy getal boeke*; 'n *trop skape*; *twee koletjies vuur*; 'n *swerm bye*. Menigte kry reëlmstig die aksent; 'n *ménigte mense*. So ook *party* in samestellinge: *partykeer*, *partymal*.

134. Behalwe van *vol* en *met* (§ § 111-2) kan ook nog van die bindwoord *van* gebruik gemaak word om dieselfde verhouding uit te druk. Vergelyk: *die getal van sy boeke*; in 'n *reeks van gevalle*. By tydmaat of prys maak Afrikaans graag gebruik van die bindwoord *se*: 'n *uur se loop*; 'n *oulap se klontjies*.

135. *Geskiedkundig*. In baie gevalle het die tweede Substantief vroeër 'n genitiëfs-*s* gehad, soos nog blyk uit uitdrukkinge soos; 'n *eind weegs*, 'n *uur gaans*, 'n *bete broods*. Na *iets*, *weinig*, *niks* en *wat* kry die gesubstantiveerde Adjektief nog steeds *-s*; *iets goeds*, *kwaads*; *weinig aantrekliks*. (Sic § § 139-40).

#### *Samestelling.*

136. Ons het reeds by die vorige verbindingstiepe gewys op die samestellinge met eenheidsaksent wat deur die juxta-posiesie van twee Substantiewe ontstaan. Samestellinge soos *Céres-skoolraad* gaan terug op 2. b.; soos *die land Gósen* op 2. c.; soos *witborskraai* op 2. d., terwyl ook samekoppeling soos *sisteem-Müller* en *Murray-Bisset* (2. e.) tot egte samestellinge word.

137. Ons hoef hier nog enkel te wys op 'n manier van samestelling wat ontstaan het uit die juxta-posiesie van 'n Subst. en 'n Pronomen, n.l. die verbinding van 'n Subst. met *hulle*, soos in: *Oom Johannes-hulle*; *Pa-hulle*; *die oumense-hulle*. In sulke verbindings het *hulle* in algemeen Afrikaans die krag gekry van 'n fleksie-uitgang wat 'n meervouds- of 'n kollektiewe begrip by lewende wesens uitdruk. Oor die oor-

sprong van hierdie samestelling kan weinig twyfel bestaan. In die Negerhollands van die Deense Antille is die meervoudstoevoegsel: *sender of sellie*. So is *die radies sender* = die radyse, *mie twee kint sender* = my twee kinders, *mie meester sie skuen sender* = my meester se skoene ens. *Sender (sellie)* is die Pers. Vnwd. van die derde Pers. Mvd. en Prof. Hesseling het aangetoon dat die Meervoud op dieselfde manier gevorm word „in velerlei Kreools.” So is „die huise” in Papiements: *e casnan* (< *cas* = huis; *nan* = hulle) en in die Negerfrans van Haiti en Louisiana: *kaj layo* en *kay layé* (< *cage-lâ* + *eux*). In die Negertale van die Slawekus word die Mvd. op dieselfde manier gevorm. „De pluralis van *ame* (mens) en *ape* (huis) is *amewo*, *apewo* (*wo* is 't persoonl. voornaamw. van de derde pers. meerv.)” Seer tereg konkludeer Prof. Hesseling dan: „Ik meen dan ook dat het Kreoolse meervoud niet uit algemene oorzaken te verklaren is, maar door de invloed van de oorspronkelijke taal der negers.<sup>1)</sup> In 't Franskreools van Mauritius en het Portugeeskreools van Ceylon, waar de Europese talen niet in aanraking kwamen met Afrikaanse talen, vindt men deze meervoudsvorming niet.”<sup>2)</sup> Ook Afrikaans sal dus hierdie Meervd. uit die oorspronklike taal van die Negers gekry het. 'n Bevestiging daarvan lewer die manier waarop Kaffers nog Afrikaans oorneem. Hulle plaas na iedere Subst. wat as onderwerp van 'n Ww. moet dien, 'n Pers. Vnwd. en dit geld nie alleen van die Mvd. nie, maar ook van die Enkelvd. As voorbeeld kan dien die „Kafferlied” van Totius:

Die kaffer eerste kom, die witmens hy  
kom later.

Die kaffer vat die land, die witmens hy  
vat later.

Die kaffer hy woon eers, die witmens hy  
woon later.

---

<sup>1)</sup> Ons kursiveer.

<sup>2)</sup> Hesseling, *Het Negerhollands*, blss. 93-94; Du Toit, *Afrikaansche Studies*, blss. 86-87.

Die kaffer hy gooi eers, die witmens hy  
gooi later.

Die kaffer eerste lê, die witmens hy  
lê later.

Want assegaai van kaffer hy  
loop later.                      Ens.

(Verse van Potgieter's Trek, bls. 21.)

Algemeen Afrikaans verskil van hierdie soort Kaffer-afrikaans in dié opsig dat *hulle* 'n ondergeskikte aksent kry en die Subst. + *hulle* met 'n snelle tempo uitgespreek word, terwyl daar in Kaffer-afrikaans 'n pouse tussen *hy* of *hulle* en die Subst. is en ieder woord sy eie aksent behou. Met hierdie gebruik van *hy* en *hulle* kan vergelyk word die Nederlandse en Afrikaanse gebruik van *die*: *die man*, *die sê dat* . . . . Ook die Persoonlike Vnwd. word in Ndl. gebruik om op dieselfde manier die inhoud van die Subst. te herhaal: *De Katholieken — zy zeggen, dat* . . . , maar die konstruksie is vry seldsaam en die pouse baie lank, sodat daar weinig rede bestaan om te vermoed dat dit invloed gehad het op die Afrikaanse uitdrukking.

138. Die vraag lê voor die hand of 'n spreekwyse wat so algemeen onder die Kaffers is, nie ook by die Hottentotte voorgekom het nie. En inderdaad bied die taal van die Hottentotte inwendige gegewens wat so 'n onderstelling sou regvaardig, maar dan moet dit beperk gewees het tot die Hottentotte in die onmiddellike omgewing van die Kaap, want in die Hottentotte-Afrikaans van die Noordwestelike streke van die Kaap-provinsie word die uitgang *-goed* gebruik om die Meervd. of 'n kollektief te vorm, b.v.: *Pa-goed*, *Ma-goed*; *die baas-goed*. Hierdie uitgang het dáár selfs onder witmense deurgedring. „Waar die Bolander sê:, Piet hulle was hier', sê die mense van Clanwilliam: Piet-goed was hier'', getuie Mnr. von Wielligh.<sup>1)</sup> Nou is die gebruik van samestellinge met *goed* om 'n kollektiewe begrip uit te druk in algemeen

---

<sup>1)</sup> *Eerste Skrywers*, bls. 115.

Afrikaans wel wat uitgebreider as in Nederlands en ek is dit met Dr. Du Toit eens dat woorde soos: *rookgoed*, *vuurmaakgoed*, *suurgoed*, *rygoed*, *trekgoed*, *skottelgoed*, *drinkgoed*, vir samestellinge naar die model van *wasgoed*, *speelgoed*, *teegoed* ens. aangesien moet word, en waarskynlik hoort hiertoe ook die Hottentotse vraagwoord *wagoed* (= wat of waarom), wat in Negerhollands 'n parallel het.<sup>1)</sup> Maar die uitbreiding van die gebruik van hierdie uitgang *-goed* om 'n meervoud of kollektief te vorm by lewende wesens, is waarskynlik te danke aan kontaminasie met 'n Hottentotse suffiks. Hierdie suffiks is *gu* (*g* is klapper en „hart, fast wie *k* zu sprechen”<sup>2)</sup> (*u* is die Duitse skryfwyse, dus = Holl. *oe*), en word gebruik om die Meervd. van Man. Subst<sup>e</sup> te vorm, b.v. Enk. *khoib* = die man; Mvd. *khoigu* = die manne.<sup>3)</sup> Maar die uitgang *gu* wat hierdie diens moet doen by die Substantiewe, is eintlik die enklietiese vorm van die Man. derde Persoon Meervd. van die persoonlike Vnwd. en beteken dus *hulle*.<sup>4)</sup> Ons kan dus tot die slotsom kom dat die Negerslawe, miskien daarin gesterk deur die Hottentotte in die omgewing van die Kaap, hulle eie konstruksie letterlik vertaal het en daardeur vorme soos *Pa-hulle* gekry het, maar dat die ander Hottentotte hulle woord vir *hulle* verwar het met die Afrikaanse woord *goed* en op die manier tot *Pa-goed* gekom het.

(4) *Verbinding deur middel van 'n buigingsuitgang.*

139. Van die ryke verskeidenheid van geflekteerde kasusvorme wat die Germaanse tale vroeër gehad het, het die Afrikaanse Substantiewe, behalwe in vaste uitdrukkinge, nog maar net die Genitief bewaar en ook dit alleen in vereensaamde oorblyfsels. In die gewone omgangstaal is, naas

<sup>1)</sup> Du Toit, *Afrikaansche Studies*, blss. 90-91; Hesseling, *Het Negerhollands*, bls. 100.

<sup>2)</sup> Planert, *Handbuch der Nama-sprache*, bls. 3 en bls. 13.

<sup>3)</sup> Meinhof, *Lehrbuch der Nama-sprache*, bls. 49.

<sup>4)</sup> Planert, *Handbuch*, bls. 9.

die uitdrukkinge: (hy is) *mans genoeg* en *tyds genoeg*, die enigste kategorie wat nog lewe, verbindings van *wat*; *iets* en *niks* met 'n volgende Genitief van 'n gesubstantiveerde Adjektief: *wat fraais*, *iets moois*, *iets lekkers*, *niks goeds*; en ook by *wat* en *iets* het die tweede woord van dié verbindings sy oorspronklike partitiewe krag verloor; die gesubstantiveerde Adjektief vul hier enkel die betekenisinhoud van *wat* of *iets* deurdat dit dien tot karakterisering van die voorwerpe ens. deur hierdie woorde aangedui. Ook die genitiëfsuitgang van *iets* self word nie meer as sodanig gevoel nie. Daarenteen het die genitief na *weinig* nog wel sy partitiewe krag behou, maar hierdie verbindings staan dan ook onder invloed van die literêre en deftige taal. In die daaglikse omgangstaal sê 'n mens nie (*Sy het*) *weinig aanlokliks* nie maar *min aanloklikheid*. As *iets* sy ondergeskikte aksent verwissel vir 'n nadruksaksent, dan kan die volgende Genitief egter, net soos na *niks* en die beklemtoonde *weinig*, nog 'n partitiewe betekenis uitdruk. (Vgl. § 112).

140. 'n Aantal geykte uitdrukkinge met genitiëfsvorme by die vooropgaande of volgende woord het hulle lewe veral aan Bybel-, kansel- en ander deftige taal te danke. Die neiging om by sommige die oorspronklike gelykmatige aksent in eenheidsaksent te verander, toon aan hoe sulke uitdrukkinge tot samestellinge oorgaan. Vbb.: *brood der smarte*, *kind des doods*, *die Psalme Davids*, *'n steen des aanstoots*, *sweet syns aanskyns*, *kwelling des geestes*, *soon des mensen*, *(s)werelds loon*, *eind weegs*, *vol soeten wyns*, *boek der boeke*.

141. Die genitiëfs-*s* is ook nog te sien in 'n aantal heeltemal vaste samestellinge, soos: *staatsinmenging*, *sabbatsontheiliging*, *gewetensvryheid*, *lewensloop*, ens., hoewel nie iedere samestelling met 'n verbindings-*s* ook 'n oorspronklike genitiëfs-verhouding uitdruk nie, soos blyk uit *manspersoon*, *waarheidsliefde*, *maansverduistering* en ander woorde.

142. As literêre vorm is die Genitief ook by Afrikaanse skrywers goed bekend, in baie gevalle deur die behoefte aan 'n deftiger vorm as in die daaglikse omgang gebruik

word. Dit kom veral voor by eiename en by verwantskapsname wat as daarmee gelykstaande gevoel word, die enigste gevalle waar dit ook nog in die Ndl. omgangstaal leef. Vgl.: *Verse van Potgieter's Trek* (Tietel van 'n digbundel van Totius); *Jehowas prag en heerlikheid* (Potg. Trek, bls. 38); *Adams Droom* (Tietel van 'n gedig van Wassenaar, bls. 9); *Moeder's skat* (Tietel van 'n gedig van Joubert, Dichters, bls. 82), *Mammie's skatlam* (Dichters, bls. 82). In Afrikaanse gedigte is die Genitief selfs op taamlik uitgebreide skaal gebruik. Behalwe in gevalle wat tot die pasgenoemde rubriek behoort, is dit veral by gepersonifiëerde abstrakte begrippe dat die Genitief te voorskyn kom. Van hierdie soort personifikasies maak Jan Celliers, onder invloed van Engelse digters, 'n veelvuldige gebruik, maar ook in ander gevalle hou hy van die Genitief. Dr. E. C. Pienaar het reeds opgemerk<sup>1)</sup>: „Hy het 'n besondere voorliefde vir die genitiëfs-s, waarskynlik onder Engelse invloed, soos uit die apostroof blyk: *genade's guns, misteries's* [?] *wonderwege, vergetelheid's kust, vyand's lood, arbeid's sorg* e.d.” en in 'n noot wys hy daarop, dat hierdie -s vroeër ook dikwels in Nederland voorgekom het en sedert 1880 daar onder Engelse invloed herleef het. Hierdie voorliefde van Celliers is egter nie beperk tot -s-Genitiewe nie. Vgl.: *die yl-blouwe bande der ver-verre rande; op die boesem der grote see* (Die Vlakte, bls. 21 en bls. 23). Ook in sy later werke gebruik hy nog die Genitief. In „Die Saaier” (1918) kom b.v. voor: *Amor's konfetti, Boek der Eeuwe, hebsug's hand*. By Totius is dit veral die invloed van die Bybeltaal wat die Genitief te voorskyn laat kom. So b.v. in „Trekterswee”: *Naboths erf* (bls. 46), *Sodoms vrugbare vallei* (bls. 46), *Jakobs stemme* (bls. 46), *Esaus haar* (bls. 46), maar ook *Skotlands berge* (bls. 78). By H. H. Joubert kom selfs voor: *hulle skoon kasteels behoud* (Dichters, bls. 79).

143. Die gewone omgangstaal gee egter alle verhoudinge wat vroeër deur 'n genitiëfsuitgang uitgedruk kon word,

<sup>1)</sup> *Taal en Poësie*, bls. 32.

deur middel van die tot bindwoord verswakte Besitlike Voornaamwoord (*sy, haar* ens.) of deur middel van 'n Voorsetel (*van, vir, ens.*) weer.

144. Van die velerlei verhoudinge wat sulke genitiëfsverbindings vroeër kon uitgedruk het, en dus nog in die digtertaal kan uitdruk, noem ons die volgende<sup>1)</sup>:

Die genitiëfsuitgang gee by woorde wat verbind word met verhoudingsbegrippe aan tot watter voorwerp ens. hulle in verhouding staan: *Heer des Huises*; by verbindings met eienskappe die voorwerp ens. waaraan die eienskap kleef: *Reinheid des gemoeds*. Hier kan die voorwerp egter dien om die eienskap te karakteriseer: *Geduld eens lams*. Die woord met genitiëfsuitgang kan die persoon of saak aangee, wat iets voortbring: *Adams droom*.

Naas Substantiewe wat 'n werking uitdruk kan die Genitief die persoon of saak aangee wat die werking verrig (Genitivus Subjectivus): *Van der Stels landtog*, of wat die werking ondergaan of deur die handeling tot stand kom (Genitivus Objectivus): *vrese Gods, regering des lands, die stigter der kolonie*. Soms val Gen. Subjectivus en Gen. Objectivus saam: *kwelling des geestes*.

Die Genitief kan die besitter van iets aangee (Genitivus Possessivus): *Naboths erf*, of die persoon of saak ens. waarby iets behoort: *die diere des velds, Skotlands berge, 'n skrywer der agtiende eeu*, of 'n eienskap wat aan 'n persoon of saak toekom: *'n man des gebeds*. Hier kan die eienskap egter ook dien om 'n begrip, saak ens. te karakteriseer (Genetivus Expletivus): *die deug der Beskeidenheid, die fakkel der twedrag*. As 'n woord met sy eie Genitief verbind word, word daardeur die volmaakste in sy soort uitgedruk: *die boek der boeke* (Genitivus Hebraïcus).

Verder kan die woorde met genitiëfsuitgang wat met hoeveelheidswoorde verbind word, aangee watter voorwerpe ens. naar maat of omvang bepaal word: *'n uur gaans* (Genitivus

<sup>1)</sup> Naar Paul, *Deu. Grammatik* III, blss. 284-329; en Den Hertog, *Nederlandsche Spraakkunst* I, blss. 84-86.

Partitivus), of soos reeds aangetoon, enkel die betekenis van sulke woorde aanvul: *wat fraais*.

145. *Geskiedkundig*. In die Nederlandse spreektaal kom alleen nog maar die *-s*-Genitief voor, en wel by eiename of as sodanig gebruikte algemene name, en ook dan nie as daar Byvoeglike Naamwoorde mee samegaan nie. Byvoeglike Voornaamwoorde of Lidwoorde wat in betrekking tot sulke Selfstandige Naamwoorde staan, word nie verbuig nie. Dit het ongeveer ook die toestand gewees wat reeds in die sewentiende eeu in Holland geheers het. Onder invloed van die ouere taal en die Suidnederlandse dialekte het die skrywers toe en later egter 'n ruime gebruik gemaak van die Genitief. Daarby is dan dikwels geprobeer om 'n geslagsonderskeiding te handhaaf en aan Adjektiewe en ander adjektiewiese woorde 'n Genitiëfsvorm toe te ken wat van die Nominatief verskil. Die ongebruiklikheid van hierdie Naamval in die spreektaal en die kunsmatige vorme wat sommige skrywers probeer invoer het, het egter aanleiding gegee tot groot verwarring wat betref die vorm van die Genitief. So meld Spieghel as enigste vorm van die vroulike Genitief: *des vrouws*<sup>1)</sup> en skrywe ook Marnix: *des maagds*. Bredero, en ook Hooft in sy jonge jare, probeer om gehoorsaam te wees aan die gesag van die Twe-Spraack, maar ook hier is die natuur sterker as die leer, sodat ons b.v. by Bredero vind: *Hier is mijn Vaders poort naas Meester van Syns Vyands macht; om 't geldts-wil naas des menschen bloed; der Minnen blinde God naas des Hels droeve leer*.<sup>2)</sup>

Reeds in die wordingsperiode van Afrikaans het die enkele byvoeglike woorde (veral Aanw. en Besit. Vnwdd. en een) wat met so 'n Genitief kon samegaan, dus onverboë gebly. Ook van die Bepalende Lidwoord was die verboë vorme reeds seldsaam en met die uitsterwe van die Genitief by die Substantiewe moes ook dié vorme heeltemal verdwyn. Die-

<sup>1)</sup> *Twe-Spraack*, bls. 78.

<sup>2)</sup> Vgl. Van der Veen, *Taaleigen*, § 79, § 90; Van Helten, *Vondel's Taal*, §§ 87-90, § 93, § 126, § 128.

selfde geld ook van die genitiëfsvorme van ander Adjektiewe vir so ver hulle nog in die spreektaal voorgekom het. Skryfpraktyk en lektuur was nie in staat om die Genitief by Substantiewe en gevolglik ook by hulle hele aanhang van die ondergang te red nie.

(5) *Verbindinge met Pronominale vorme vir Bindwoorde.*

146. Om die genitiëfsverhoudinge uit te druk word teenswoordig veel gebruik gemaak van vorme van die Besitlike Voornaamwoord, wat met swakke klemtoon tussen die gelykmatig geaksentueerde Substantiewe (Pronomina) staan.

*Opm.* Naas sy word 'n vorm met verswakte vokaal: *se*, gebruik. Dit lyk of hierdie laaste vorm die enigste is wat in die Vrystaat voorkom en ook in die 'Woordelys' van die S. A. Akademie word dit alleen genoem. In die Boland word egter ook sy gebruik. *Haar* kom alleen met volle vokaal voor. Naas *hulle* staan *hul*.

147. Tog kan hierdie bindwoorde nie iedere genitiëfsbetrekking weergee nie. Die betekenis van die Hebreuse Genitief: *boek der boeke*, kan daar nie deur uitgedruk word nie. En ook vir die verhoudingsgenitief, die eienskapsgenitief, die Genitivus Objectivus en die Genitivus Partitivus is daar geen konstruksie met Voornaamwoord moontlik nie. Hier moet preposisionele of adjektiewiese konstruksies gebesig word.

*Histories* is dit so te verklaar, dat die pronominale vorme in die plek gekom het van die voorgeplaaste Genitief maar nie die agtergeplaaste Genitief kan vervang nie. Vergelyk b.v. *des lands regering* (Gen. Possessivus) = *die land se regering*, met *die regering des lands* (Gen. Objectivus) = *die regeer van die land*. Die eerste Substantief is dan ook altyd die bepaling en die tweede die kern van die groep.

148. Besondere aandag verdien die verbinding: Subst. + *se* + *kind*, waardeur dieselfde betekenis weergegee word as deur die eerste Subst. alleen: *Hotnot se kind*; *Witmens se kind*, ens.

149. Op verbindinge met *se* om prys uit te druk, wat

uit die eenvoudige bystelling ontstaan is, is hierbo (§ 134) reeds gewys: *'n sieling se suiker*.

Opm. by §§ 146-9. Hoewel die vorme: *haar*, na woorde wat vroulike wesens benoem, en *hul(le)*, na meervoudige woorde, bekend en gebruiklik is, moet hierdie vorme meer en meer plek maak vir die alleenheerskappy van *se (sy)*. Dit kom deurdat by die gebruik as bindwoorde, die oorspronklike pronominale krag van hierdie woorde verlore gegaan het: die bindwoorde druk alleen 'n verhouding en geen begrip uit nie. By die Besitlike Voornaamwoorde neem Afrikaans daarenteen die (natuurlike) geslag en getal in ag — behalwe in die mond van inboorlinge, wat die geslagte anders voel.<sup>1)</sup> In die Noordelike provinsies word *se* onder alle omstandighede gebruik. „Waar *haar* nog in die Vrystaat gebruik word, is dit meestal onder ouere mense.”<sup>2)</sup> In die Boland is *sy (se)* ook besig om algemeen te word, maar 'n moeder wat daarop gesteld is om haar kinders beskaaf te laat praat, verbeter *Ma sy boek* uit hulle mond nog tot *Ma haar boek*. *Sy* of *se* kan, naas *hulle*, nie alleen na meervoudige Substantiewe soos: *die kinders se speelgoed* staan nie, maar ook — soos Prof. Bouman aangetoon het<sup>3)</sup> — na woordreekse soos: *Jan en Piet se boeke*.

150. In Afrikaans het hierdie bindwoorde 'n veel uitgebreider gebruiksfeer as in Nederlands, waar *z'n* of *d'r* in die reël enkel na woorde wat lewende wesens aandui, kan staan. In Afrikaans kan 'n mens ook sê: *die tafel se poot*, *die huis se dak* en selfs: *op moederverloor se vlak* (Vergeet Nie, bls. 143). Maar Afrikaans gaan nog verder en gebruik *sy* of *se* ook na woorde wat tyd of plaas aandui. Met tydswoorde as eerste lid is verbindingsse soos: *Die kinders van nou se dae* (Boervrouw, bls. 65); *“ek is nie vandag se kind nie”*; *“en hulle loop nie tweemaal nie as eenmaal se loop voldoende is”* en die reeds deur Prof. Hesseling gesiteerde: *vanmelewe se mense*; *slawetyd se mense*, heel gewoon. By outyse mense (< *ou tye* of *ou tyd se mense*) is die oorgang van Subst. + *se* tot Adj. op *se* (vgl. § 113) heeltemal vol-

<sup>1)</sup> Vgl. Ie Roux, *Handleiding in het Afrikaans*, bls. 45, Opm. V; bls. 43, Opm. IX en X.

<sup>2)</sup> Bosman, *Afr. en Mal. Port.*, bls. 95.

<sup>3)</sup> *Syntaktiese Groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).

trokke. Na die oorspronklike Bywoorde van plaas, soos *hier*, *daar* ens. is se nie moontlik nie, maar wel na substantiewiese samestellinge wat 'n adverbiale funksie aangeneem het. Vergelyk: *duskant se een*; *oorkant se mense*; „*anderkant se kant*“, ens. Dat die tyds- en plaasadverbialia ook in ander tale in sulke gevalle dieselfde verbindings as Substantiewe kan aangaan, blyk uit uitdrukkinge soos Ndl. *'t Is dezelfde man van gisteren*; *de bezwaren van toen*; *de mensen van hier*; Fr. *les potentats d' aujourd' hui*; *hors du village*; Eng. *yesterday's discussion*, ens. In Engels kan sulke Adverbialia selfs deur Adjektiewe beheers word. 'n Letterlike vertaling van so 'n Engelse konstruksie is: *terwyl 'n koue, ongevoelige stem elke nou en dan 'n jaartal uitroep* (Getrou, bls. 142).

151. Eindelik kan sy of se ook dien as bindwoord na alle soorte substantiewiese Pronomina, behalwe die persoonlike. Naar die model van Ndl. *wie z'n boek is 't?* het Afrikaans ook by die Vraende Voornaamwoorde: *wie se, wattereen se boek?* By Wederkerige Vnwde word verbindings gevorm soos: *om mekaar se moeilikhede te verstaan* (Pers); *hulle het die een die ander se lekkers geëet*. By Aanwysende Vnwde gebruik ons verbindings soos: *hierdie een se, daardie een se, dié se, dié een se, duskant se een se, die anderkant se een se skuld*, waarmee parallel is Ndl. *die zijn kwaal betert*<sup>1)</sup> en Negerhollands: *die sie moeder*.<sup>2)</sup> Die uitdrukking *die een se dood is die ander se brood* het ons uit Nederlands geërf. Die Betreklike Vnwd. kan dieselfde vorm aanneem as die Vraende, en dus aanleiding gee tot verbindings soos: *die man, wie sy[n] faderland hom nie dierbaar is nie*; *die man, wie sy[n] frou siek is* (Afr. Studies, bls. 90), waarvoor Negerhollands ook 'n parallel bied in: *Johannes wie sie kop hem ha ka lastaen kap af*.<sup>3)</sup> Min of meer parallel is ook: *de man die z'n vrouw gestorven is* in die Ndl. omgangstaal. In Afrikaans kan dieselfde verhouding by

<sup>1)</sup> De Vries, *Dymelie*, bls. 64.

<sup>2)</sup> Hesseling, *Het Negerhollands*, § 49.

<sup>3)</sup> *Negerhollands*, § 50.

Betreklike Vnwde egter ook op verskeie ander maniere uitgedruk word.<sup>1)</sup> „Plat en afkeurenswaardig”, noem Prof. Malherbe *wat se*, in plaas van *wie se*, *van wie* ens., b.v. „*Nee, jy meen die een wat se kind dood is.*” Eindelik kan selfs die Uitroepende Vnwd. *wat* in Afr. deur middel van *se* met 'n Subst. verbind word: „*wat se lawaai is dit hier*”,<sup>2)</sup> en ook die nominale vorme wat dikwels Onbepaalde Voor-naamde genoem word, word deur dieselfde bindwoord gevolg: [*n*] *mens se gewete*; *iemand se kwellinge*; *dis anderman se goed wat jy daar het* ('n bekende liedjie).

152. Ons het reeds daarop gewys, dat *se* in hoë mate die karakter van 'n suffiks aangeneem en in sommige gevalle ook werklik 'n suffiks geword het (§ 113 en § 150). Die voltrekking van hierdie proses word egter teëgehou deur enige selfstandiger gebruikswyses van die woord. 'n Suffiks maak in die reël deel uit van 'n bepalende of bepaalde woord; by groepsformasie kry die woorde wat om 'n kern gekonsentreer is, dan kongruerende suffikse. Met selfstandige verhoudingswoorde is dit anders gesteld: hulle dui dikwels die verhouding aan waarin 'n ander eenheid met 'n hele reeks of groep woorde staan wat dan nie verder in vorm hoef te kongrueer nie. Die grondverskil tussen sintetiese en analitiese tale is dan ook, dat die eerste die neiging het om deur middel van fleksievorme die verhoudinge tussen kern- en ander afsonderlike woorde aan te wys en die laaste baie meer vormwoorde gebruik wat op hele groepe slaan, waarvan die samehorigheid dan deur musikale middele en woordskikking aangetoon word. Vergelyk b.v.: Lat. *in nomine Patris et Filii et Spiritus Sancti*, Ndl. *in den naam des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes*, met Afr. *in die naam van die Vader en die Soon en die Heilige Gees*, waar die aksent aantoon, dat 'van' vir die hele reeks geldig is, en die woordskikking dat 'die Heilige' by 'Gees' hoort.

---

<sup>1)</sup> Vgl. *Handleiding in het Afr.*, bls. 47.

<sup>2)</sup> Malherbe, *Afr. Taalboek*, bls. 98-9.

Hierdie neiging om groepe te vorm waarvan die samehorigheid enkel deur die aksent aangewys word, ontwikkel die analitiese tale selfs daar waar nog fleksievorme aanwesig is. Ter illustrasie kan ons aanvoer die Engelse „puzzle”: *Moses was Pharaoh's daughter's son; therefore Moses was the daughter of Pharaoh's son*. Hier word in die eerste sin gepouseer na 'Pharaoh's, en 'daughter's', maar die tweede sin kan verskillend geaksentueer word. Pouseer 'n mens na 'daughter' en spreek dan wat daarop volg met snelle tempo uit, dan word beweer dat Moses die dogter is, wat dus 'n absurditeit gee. Om die regte betekenis weer te gee moet 'daughter of Pharaoh's' met snelle tempo en eenheidsaksent uitgespreek word, en moet 'n mens dan voor 'son'ouseer. Hierdie sin kan letterlik vertaal word in Afrikaans: *Moses was Pharaoh se dogter se seun; daarom was Moses die dogter van Pharaoh se seun*, waarby dan blyk dat Afrikaans 'n ander groepering en 'n ander aksentuasie het. Pouseer 'n mens na 'dogter', dan gee die tweede sin, net soos in Engels, onsin. Die pouses val na 'Moses' en 'Pharaoh', en wat tussen die pouses staan word vinnig uitgespreek. Engels, wat die -s vas aan die Substantief het, het in hierdie geval dus eenheidsaksent ontwikkel, sodat die -s feitelik 'n kasusuitgang van die hele woordgroep word; in Afrikaans het die Substantiewe ieder sy eie aksent behou, maar die groepsformasie word afgesluit voor se, wat deur 'n pouse van die groep geskei word. Daardeur behou se groter selfstandigheid en ontstaan 'n teenwerkende krag, wat dit daarvan weerhou om saam te groei met afsonderlike Selfst. Naamwoorde. Dit blyk ook mooi uit die eerste van die twee sinne, waar die sneller tempo in 'Pharaoh se dogter' dit moontlik maak om die eerste se as buigingsuitgang van 'Pharaoh' op te vat, maar die pouse na 'dogter' dit tot 'n onmoontlikheid maak om die tweede se vir 'n fleksievorm aan te sien. Trouens by gemiddelde spreektempo (d.w.s. waar groepeformasies die tempo nie vinniger of stadiger maak nie) word se ook nie by die eerste Subst. gegroepeer nie, maar by die tweede en word dus gesê: *Pharaoh / se dogter* met 'n (relatiewe) pouse tussen 'Pharaoh' en 'se'.

153. Behalwe op opsigselfstaande woorde, kan se dus betrekking hê op woordreekse as eenheid, of op 'n nader bepaalde groeps-kern wat met die bepalinge same ten opsigte van se 'n afsonderlike eenheid vorm. In albei gevalle word die groepering aangetoon deur die pouse voor se. Die bepaling hoef ook nie, soos in die tot nog toe genoemde gevalle, voor die kern te staan nie — dit kan ook daarna staan, maar daardeur word die noodsaaklikheid van 'n pouse voor se nie opgehef nie. Die mees voorkomende geval is dat die agtergeplaaste bepaling 'n byvoeglike bysin is, soos in die deur Prof. Bouman aangehaalde voorbeeld <sup>1)</sup>: *Persone wat nie wil aansluit, se sake sal nie deur die lede van die organisasie behandel word nie.* Die „schroomvallige komma” na 'aansluit' is egter nie 'n „teken dat de konstruktie ietwat ver is gegaan” nie, maar 'n teken dat die skrywer heel goed gehoor het hoe hy die sin uitspreek, en toe die pouse aangedui het met 'n komma. Die enigste fout in die sin is dat *nie* vergeet is na 'aansluit'.

#### *Samestelling.*

154. Vir 'n samestelling moet ons aansien die verbinding van 'n Substantief of Pronomen met die vormwoord, soos in: *Pa-s'n, die koei-s'n, wie-s'n, dié-s'n* ens., waar die eenheidsaksent op die eerste lid val. Die verbinding is ook moontlik by die Besitlike Vnwde: *myne, jouwe (joune), hare, ons, julle, hulle, haarlie en sulle. Myne-s'n, jouwe-(joune-)s'n en hare-s'n* klink egter plat en *haarlie en sulle* word enkel gewestelik gebruik. Sulke verbindings het 'n pregnante betekenis deurdat in hulle tewens opgeslote lê die inhoud van 'n reeds genoemde Substantief, en kom dan ook alleen maar in die nabyheid van sulke ander Substantiewe voor, b.v.: *Wie sy pyp is dit? — Pa-s'n.* Alleen waar die pregnante betekenis 'n heel onbepaalde karakter dra, hoef so 'n ander Substantief nie vermeld te wees nie. Vergelyk: *Kan sy nie*

---

<sup>1)</sup> *Syntaktiese Groepen in Afrikaans.*

*agterna kom grens nie oor wat nie meer hare s'n is nie* (Na Olikheid, bls. 19), waarmee vergelyk kan word die gebruik van *van* + Subst. in Nederlands: *wat niet van haar is*. As tussentrap kan ons ons voorstel gevalle waar die Subst. nie genoem word nie, maar 'n mens iets aanwys soos: *Wiesyn is dit?* — *Dis Piet-s'n*.

*Opm.* By hierdie samestellinge het geslags- en getalsonderskeiding heeltemal verdwyn en is alleen die uitgang *syn, s'n, s'ne* gebruiklik. Opmerklik is ook die lang vorm van hierdie uitgang, vergeleke by die bindwoorde. Die bestaan van die lang vorm hang same met die feit, dat die samestellinge altyd predikatief of selfstandig gebruik word, want in sulke gevalle weerstreef die Pronomen 'n vormverdunding. Ook as simpleks het die Besitlike Vnwd. in predikatiewe en selfstandige gebruik altyd 'n lang vorm (Vgl.: *my hoed met dis myne; myne is groter as jouwe*) en die feit dat ook die Besitlike Vnwde so 'n versterking nodig het, wys daarop dat die vormwoord in hierdie gevalle as 'n stut beskou kan word, wat dieselfde diens doen as *een* in ander gevalle (Sie § 91). In teenswoordige Nederlands dien *de* voor die Pron. Possessivum in sekere mate as so 'n stut (*'t Is de mijne; de mijne is groter als de jouwe*), sodat die verbindings met *s'n* daar nié tot ontwikkeling kom nie. In sewentiende-eeuse Nederlands kon 'n mens sowel sê: *'t Is de myne* as *'t Is myne*. Dat in die teenswoordige Algemeen Nederlands steeds *de* gesê word en Afrikaans, waar die Lidwoord nie gebruik word nie, dikwels *s'n* gebruik, is seker verskynsels wat parallel loop.

**155. Geskiedkundig.** Die gebruik van die pronominale vorme as bindwoord het ontwikkel uit die gebruik as Besitlike Vnwde en wel deur verskuiwing van die sintaktiese groepering. In sinne soos: *der Sarrasine haer rike; den enen zijn penninc — beter is*, het die Substantief nog 'n kasusvorm wat deur die Lidwoord aangegee word. Met die verswakking van die gevoel vir die vorm van die Lidwoord het die opvatting dat die Voornaamwoord die kasus aangee, gepaard gegaan.<sup>1)</sup> Vandaar dat in moderne Nederlands in sinne soos: *Zij hebben de(n) man zijn geld gestolen* 'de(n) man' gewoonlik opgevat word as 'n bepaling van 'geld,' terwyl sowel 'de(n) man' as

<sup>1)</sup> Van Helten, *Vondel's Taal*, § 271.

'zijn geld' vroeër objekte was van 'gestolen.' Vgl. vir Afrikaans : *'n tragedie wat vyf Afrikaners hul lewe gekos 't aan die galg* (Piet Retief, bls. 10). Sulke sinne het ook voorgekom by Substantiewe wat lewenslose voorwerpe aandui. Vgl. : *En stoppen toe den Tems met lycken synen kil* (Geeraert van Velsen); *'t Ryck sijn see* (Sophompaneas). Tog is die konstruksie met pronominale vorm as bindwoord in moderne Nederlands beperk tot lewendige wesens. In die sewentiende eeu was dit anders. Huygens skrywe b.v. :

*Gelyck de siecke mann het eene Bedd verveelt  
Tot dat hy 't ander proeft, en dat het niet en scheelt  
Van 't eerste sijn gemack. soo ruylick Berck voor Eicken  
En Elst voor Bercken-bosch.* (Hofwijck vss. 335-8) en Hooft : *Wat raet om 't hol zijn deur te vinden ?* (Geeraert van Velsen).

Hierdie konstruksie, wat die grammatisie veroordeel het, verdwyn na 1625 uit die werk van Hooft, Vondel en aanhang. Huygens het dit egter sy hele lewe deur blygebruik, en die onverswakte lewenskrag wat dit in die gesproke taal behou het met die eervolle plaas wat dit na 1880 in die Nederlandse literatuurtaal herower, bewys andermaal dat die lewende taal hom weinig steur aan die voorskrifte van taaldepote.

Ons het reeds aangetoon hoe *z'n* ook in Ndl. na Vraende en Aanwysende Vnwde gebruik word, en by die s.g. Onbepaalde Vnwde wat uit Substantiewe ontstaan het, is die gebruik van *sy* haas vanselfsprekend. Vir die gebruik van die woord na 'n Betreklike Vnwd. siteer Van Helten reeds uit W. van Hildegasberch 'n voorbeeld <sup>1)</sup> : *Wies sijn viande*. In sommige Saksiese dialekte in Nederland word *z'n* teenswoordig ook na vroulike persoonsname gebruik. <sup>2)</sup> Ook in Platduits word die pronominale vormwoorde op uitgebreide skaal gebruik na substantiewiese Pronomina. Voorbeelde daarvan is : *Wen' sin Hoff is dat ? Wokeen sin Köh hest du vunnacht wat andan ? Een sin Dod is den annern sin Brot. Dat is de Bur, den' sin Fru dod*

---

<sup>1)</sup> *Vondel's Taal*, § 271.

<sup>2)</sup> Mededeling van Prof. de Vooy.

*blēben* is en „im Scherz wird wohl auch *min* singesagt.“ Platduits gaat selfs verder as Afrikaans, want ook die Persoonlike Vnwd. word deur so 'n vormwoord met 'n Subst. verbind: *Is dat Se ęr Hund?*, waaruit in Angelen die samegetrokke vorm *sirs* ontstaan het: *Se . . feswunnen fōr sirs Oogen.*<sup>1)</sup>

Die samestelling moet ontstaan het uit die substantiewiese gebruik van die Besitlike Voornwd., waarin dus die betekenis van 'n voorafgaande Subst. opgeslote gelē het. In Hoogduits was sulke konstruksies voeër baie in trek. Vergelyk: *kein geringer Heldenmuth als Carls des Grossen seiner; dieses Schloss wäre Lord Eduards seinem gleich; dass seine Werke sehr nahe an des Moliere seine kämen.*<sup>2)</sup> ens. Of die samestelling ook in Platduits voorkom is nie duidelik uit die voorbeelde nie, maar in 'n ander Saksiese dialek, die Groningse, is dit wél bekend. Op die vraag *Wies boek is dat?* antwoord die Groninger: *Jan zienent.*<sup>3)</sup> (Let ook hier op die lang vorm).

Is dit nou nodig om nog ander invloede ook aan te neem vir die uitgebreidheid van die konstruksies met *se*, ens. in Afrikaans? — Teoreties is dit seker nie nodig nie, want dis duidelik dat in die vorme van Nederlands en Duits wat aan die Kaap gepraat is, die pronominale bindwoorde tussen soveel soorte substantiewiese woorde gebruik geword het, dat die analogiese uitbreiding tot iedere soort substantiewies gebruikte woord moontlik was. En op die vraag wat die stoot gegee het tot diē uitbreiding kan die antwoord, soos in soveel ander gevalle, wees, dat die vermenging van dialekte en die aanleer van die taal deur vreemdelinge sulke analogie-werkinge sterk moet bevorder het. Maar ons moet rekening hou met die historiese feite en dan moet erken word, dat in hierdie geval nog 'n besondere invloed aanwesig was. Prof. Hesseling, wat die uitbreiding van die „omschrijving van den genitivus door middel van 't bezittelijk voornaamwoord“ onder die vormleer behandel — iets wat maar vir

<sup>1)</sup> Meyer, *Unsere Plattd. Muttersprache*, bls. 69.

<sup>2)</sup> Paul, *Deu. Grammatik* III, bls. 325.

<sup>3)</sup> W. de Vries, *Dysmelie*, bls. 64.

'n baie klein gedeeltetjie geregvaardig is — het vermoedelik ook hier aan Maleis-Portugese invloed gedink. <sup>1)</sup> Dr. Bosman het hom vergenoeg met daarop te wys, dat reeds van Riebeek sulke vorme soos: *de hoenders hare nesten* en *'t schip den Olifant syn touw* gebruik en sonder nadere verklaring te sê, dat die uitbreiding van die gebruik van sulke analietiese vorme in Afrikaans net is wat ons sou verwag. Uit die feit dat *haar* [en *hulle!*] soms nog voorkom, konkludeer hy, dat die uitgebreide gebruik van se 'n vereenvoudiging van betreklik jonge datum is. <sup>2)</sup> Daarby verloor hy egter uit die oog, dat die voltrekking van so 'n proses 'n lang tyd in beslag kan neem, en die feit dat die ander vorme in sommige dele van die land nog nie heeltemal deur se verdring is nie, dus niks hoef te bewys vir die tyd van oorsprong nie. Die afwykende gevoel vir die woordgeslag by die inboorlinge kom nouliks is aanmerking, daar Afrikaans 'n onderskeid maak tussen die gebruik van die bindwoord en die Besitlike Vnwd.

Inderdaad was ook in Mal. Port. die gebruik van *suwa* = Mal. *punja* seer verbreid. Net soos Platduits gaan Mal. Port. by die gebruik van *suwa* na Voornaamwoorde selfs verder as Afrikaans en dieselfde vorm kom by alle geslagte en albei getalle voor, sodat ons daar vorme kry soos: *minja suwa* = my; *eli suwa* = sy; *ijo iste suwa rekadu* = my groete; *me suwa subrinja* = my niggie; *esta alber alber suwa fruta* = hierdie bome se vrugte. Die aanwesigheid van sulke vorme in Mal. Port. en in Platduits kan baie goed meegehelp het om Afrikaans iets verder dieselfde rigting op te drywe as dit anders sou gegaan het. Veral die gebruik van *suwa* na temporale Bywoorde, soos in: *agora suwa tempu* = Afr. *nou se dae* = Port. *o tempo de agora*, toon 'n merkwaardige ooreenkoms met Afrikaans, wat in Europese tale onbekend is. <sup>3)</sup> Vir inwerking van Mal. Port. in hierdie geval pleit ook die

<sup>1)</sup> *Het Afrikaansch*, blss. 134-6.

<sup>2)</sup> *Afr. en Mal. Port.*, bls. 95.

<sup>3)</sup> Schuchardt, *Kreol. Studien* IX, blss. 216 vlgg.

feit, dat 'n soortgelyke gebruik van *se* nie deurgevoer is by die lokale Bywoorde nie. Sulke uitdrukkinge kan ook meegewerk het om die gevoel vir die onderskeiding naar geslag en getal af te stomp.

Volledigheidshalwe moet ons op nog 'n ander taal wys wat die uitbreiding van die konstruksie in Afrikaans kan bevorder het. In „Die Huisgenoot” van Febr. 1923 (blss. 452 vlgg.) lê Adam Boshoff die volgende woorde in die mond van Jakob Wag-'n-Bietjie, 'n baster Boesman-Griekwa van Gensboklaagte aan die soom van die Kalaharie: *hy ge-seet nou by hyse vrou*. Gemelde Jakob Wag-'n-Bietjie praat verder van: *hyse stoel; hyse geseg; hyse mamma se melk; hyse name; hyse ou viool*, ens. Nou bestaan daar in Hottentots <sup>1)</sup> twee partikels wat kan gebruik word om Besitlike Vnwde van Persoonlike Vnwde te vorm, n.l. *ā* en *di*. Die woordorde (Subst. + Part. + Pron. Pers.) toon aan dat die Griekwa-afrikaanse konstruksie nie op 'n vertaling van sinne met die eerste partikel kan berus nie. Dit moet dus teruggaan op uitdrukkinge soos: *tī di khōin; sa di hāb; //ēib di ōmi* wat ons woordelik kan vertaal: *ek se vrinde; jy se perd; hy se huis*. Maar hierdie *di* is ook die gewone genitiefspartikel by Substantiewe en staan na die geregeerde en voor die regerende Subst., sodat ons ook *khoib di hāb* Woordelik kan vertaal: *die man se perd*. Wie sal ontken dat ook Hottentots kan meegehelp het om die uitbreiding van *se*-konstruksies in Afrikaans te bevorder?

(6) *Verbinding deur middel van Preposiesies.* <sup>2)</sup>

156. Substantiewe (Pronomina) kan ook deur middel van Preposiesies met mekaar verbind word. Die Substantiewe behou dan ieder sy eie aksent, en as geen spesiale klem bedoel word nie, het die Preposiesie ondergeskikte aksent.

<sup>1)</sup> Ons gee natuurlik die Nama-vorme.

<sup>2)</sup> Bewerk naar: Paul, *Deu. Grammatik*, § 311; Den Hertog, *Nederl. Spraakkunst* I, bls. 86; III, §§ 116-8.

Hoewel die naam Preposiesie (Voorsetsel) te kenne gee dat die bindwoord voor die (tweede) Subst. staan, kom dit ook dikwels voor dat dit daarna staan of dat meer as een Prep. gebruik word wat gesamentlik die tweede Subst. omring.

157. Deur middel van die Voorsetsels kan teenswoordig seer verskillende verhoudinge uitgedruk word en van hierdie verhoudingswoorde word dan ook 'n seer ruime gebruik gemaak. Histories word die ontstaan van die hele woordsoort verklaar uit 'n verskuiwing van die sintaktiese geleding, waardeur oorspronklike Bywoorde as samegaande met Substantiewe opgevat is. Soos ons nou nog in sinne soos: *Hy loop die rivier langs; hy loop die brug oor*, ens. 'rivier' en 'brug' kan opvat as 'n plaasbepaling by 'loop', en 'langs' en 'oor' as 'n tweede bepaling, of anders 'langs' en 'oor' as verbindingswoorde tussen 'loop' en 'rivier', en 'loop' en 'brug' — so sou die Ww. oorspronklik 'n bepaalde kasus van die Subst. geregeer het en daar dan nog 'n Bywoord naas gestaan het. Later het die opvatting dan ontstaan, dat die woord wat oorspronklik 'n Bywoord was, die kasus van die Subst. regeer. Uit die gebruik as bindwoord tussen Ww. en Subst. het dan ook die gebruik as bindwoord tussen Subst. en Subst. (en ook tussen Adj. en Subst.) ontstaan, en wel langs die weg van Substantiewe met werbaalstam tot Substantiewe in die algemeen. By die verhoudinge wat op hierdie manier tot stand kom, kan ons onderskei tussen twee groot betekenis-klasse: I. Verbindinge waarin die tweede Subst. dien om die betekenis van die eerste te vul. In sulke gevalle kan die eerste Subst. parallel gestel word met Ww. en Adje. waarvan die inhoud deur 'n Objek voltooi word. II. Verbindinge waarin die tweede Subst. dien as bepaling van die eerste.

#### I. Voltooiinge:

158. (a) Ter voltooiing van die betekenis van 'n Subst. word in die reël dieselfde Preposiesies gebruik as by die voltooiinge en bepalinge van ooreenkomstige of analogies daarmee gelyk gestelde Werkwoorde. Daardeur kan lokale verhoudinge uitgedruk word, n.l.: ( $\alpha$ ) rigting na: *die reis na*

*Kaapstad; die geroep om hulp; (β) rus of beweging binne bepaalde perke: 'n wandeling op straat; die sittery op die bank; (γ) rigting waarvandaan: die val van die stoep af; 'n slukkie uit die emmer.* Dit is almal gevalle waar die betekenis van 'n Subst. wat 'n handeling (of wat as handeling gedag word) uitdruk, voltooi word. Op dieselfde manier kan 'n mens die betekenis van 'n Subst. wat die verrigter van 'n handeling noem, voltooi: (α) rigting na: *die reisiger na Kaapstad*; (β) rus of beweging binne bepaalde perke: *'n helper in die nood*; (γ) rigting waarvandaan: *'n redder uit die nood*.

159. 'n Besondere betekenis het konstruksies, waarin twee gelykluidende Substantiewe deur middel van 'n Preposiesie verbind word, soos in: *hand in hand, skouer aan skouer, kop om kop* wat beteken: die een sy hand in die ander-s'n; die een sy skouer by die ander-s'n; die een sy kop by die ander-s'n.

160. (b) Substantiewe wat gevorm word van Adjektiefstamme, en analogies daarmee gelykgestelde Subste., word deur middel van dieselfde Preposiesies as die betrokke Adjektiewe voltooi: *sy roodheid in die gesig; sy lompeheid van uiterlik*.

161. (c) Voltooiinge wat ooreenkom met die direkte Objek by die ooreenkomstige of analogies daarmee gelykgestelde transitiewe Ww., word deur middel van *van* met die Subst. verbind. [N.B. Hier word transitief genoem ook dié Ww. wat onder sekere omstandighede deur middel van *vir* met hulle Objek verbind word (Sie § 274)]. Op hierdie manier word dus dieselfde uitgedruk as deur die Genitivus Objectivus: *die bevryding van die land; die beleëring van die stad; die doodskiet van die rebel*.

162. (d) Ander oorspronklike genitiefsbetrekkinge waarin die betekenis voltooi word en wat deur middel van *van* kan uitgedruk word, is: (α) die betrekking van verhoudingsbegrippe tot hulle voltooiing: *die vader van die huisgesin; die president van die republiek*. (β) dat 'n eienskap aan 'n voorwerp ens. kleef: *sy helderheid van gees; die opregtheid*

van sy gemoed. Die voorwerp kan egter ook dien om die eienskap te karakteriseer: *die geduld van 'n lam; die liefde van 'n moeder.* (γ) dat iemand die vervaardiger of verrigter van 'n werk of werksaamheid is: *die gedigte van Celliers; die metode van Pestalozzi; die landtog van Van der Stel.* (δ) dat iemand of iets die volmaakste in sy soort is: *die boek van alle boeke.* (ε) dat persone, sake, eienskappe, ens. 'n geheel vorm waartoe 'n deelbegrip hoort: *iets van haar aantreklikheid; drie van haar seuns; party van ons.* Hierby hoort ook die Anglisisme: *die hele van die ander dag* (Nuwejaarsfees, bls. 190).

163. (e) Deur middel van *deur* word die verrigter van 'n werk uitgedruk: *die beskrywing deur Plinius.* Gewronge word die konstruksie as daardeur uitgedruk word dat 'n toestand ondergaan word, soos in: *die verblyf deur hom aan die strand.* Die verhouding kom dus ooreen met die van die grammatiese Subjek tot die Ww. en kan ook uitgedruk word deur middel van *van*. (Sie d, γ.)

164. (f) Dat die geldigheid van 'n begrip beperk word tot 'n bepaalde ander begrip kan deur middel van verskillende Preposiesies uitgedruk word: *sy oordeel omtrent (aangaande) die saak; 'n indeling naar die vorm; (literêr): in verband met die moeilikhede wat daar toen ontstaan is, nopens die uitvoering van syn bouw-kontrakte* (Piet Retief, bls. 14).

165. (g) 'n Eienaardige soort betekenisvoltooing is gelykstelling, waarin die tweede Subst. te kenne gee waaroor gepraat word en die eerste Subst. uitdruk waarmee dit geïdentifiseer word. As bindwoord dien *van*. *Die snuiter van 'n jong seun in Kakie* (Vergeet Nie, bls. 81); *dieselfde klein bog van 'n seun* (Vergeet Nie, bls. 118); *'n niksnuts van 'n vent; 'n boom van 'n kêrel; 'n reus van 'n man*, ens., ens. Ongeveer dieselfde verhouding kan in sommige gevalle uitgedruk word met die vergelykingswoord soos: *'n kêrel soos 'n boom; 'n man soos 'n reus.* Die verskil is, dat in die laaste geval iets voorgestel word as 'n vergelyking maar by vooropplaatsing van die gelykende begrip as 'n identiteit. (Vgl. § 181.)

166. *Geskiedkundig.* Konstruksies van hierdie aard kom

in Nederlands reeds in die Middeleeue voor: *een leeuw van een man*, en is ook in ander tale goed bekend. Vgl.: Hd. *ein Teufel von einem Weibe*; Fr. *c'est un diable d' homme*; Eng. *a devil of a fellow*.<sup>1)</sup>

## II Bepalinge:

167. (a) *Van* word gebruik om die volgende genitiewiese bepalinge uit te druk: (α) die besitter van iets: *die erf van Naboth*. (β) die persoon of saak ens. waarby iets hoort: *die diere van die veld*; *die berge van Skotland*; *Lenie van Tant Sannie*. (γ) die eienskap, werksaamheid ens. wat aan 'n persoon, saak, ens. toekom: *'n man van gebed*; *'n man van betekenis*; *'n man van die pen*; *'n daad van barmhartigheid*. Die eienskap kan ook dien om iets te karakteriseer: *die misdaad van hoogverraad*; *die ondeug van dronkenskap*.

168. (b) Die maat, gewig, omvang of hoeveelheid van iets kan ook deur middel van *van* uitgedruk word: *'n baal kaf van 50 pond*; *'n pakkie kerse van 6 stuks*; *'n stukvat van 6 lêer*.

169. (c) 'n Prys kan aangegee word deur middel van *vir*: *lekkers vir 'n oulap*; *lemoene vir 'n halfkroon*.

170. (d) Bepalinge van herkoms en plaas word deur middel van verskillende Voorsetsels uitgedruk: *Mnr. X. van Kaapstad*; *'n wind uit die Noorde*; *die brug oor die rivier*; *Ladismith in die Kolonie*; *'n skip op see*.

171. (e) Ook om bepalinge van tyd uit te druk doen verskillende Voorsetsels diens: *die aand voor die geveg*; *die dag na die gebeurtenis*; *'n verhaal uit die verlede*; *'n wandeling in die maanskyn*.

172. (f) By bepalinge van stof word *van* gebruik: *'n huis van klei*; *'n dak van riet*.

173. (g) Bepalinge van begeleiding of samegaan word veral deur middel van *met* uitgedruk: *'n mandjie met vrugte*; *die wa met perde*; *koffie met melk*. By ander Voorsetsels soos in: *'n slang op versterkwater* kan 'n mens die tweede Subst. as 'n bepaling van plaas óf van begeleiding beskou.

<sup>1)</sup> Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 153 Opm. IV.

174. (h) Verder word deur Preposiesies nog 'n groot aantal ander bepalinge uitgedruk wat ooreenkom met adwerbiale bepalinge by Werkwoorde, soos:

Oorsaak: *'n verkouendheid deur onverskilligheid; rusie oor water; (literêr) rusie weens politieke verskille.*

Grond: *'n besluit kragtens Artikel 20.*

Middel: *'n steek met 'n mes (saam).*

Gevolg: *Straf by oortreding van die wet.*

Doel: *'n Middel tot beterskap; 'n poging om te slaag.*

Voorwaarde: *Hulp ingeval van moeilikhede.*

Toegewing: *Sy moed ondanks teenspoed.*

Manier: *'n Protes by wyse van werkstaking.*

#### *Vaste Preposiesies.*

175. By 'n groot aantal Substantiewe word 'n vaste Preposiesie gebruik wat gewoonlik dieselfde is as by die ooreenkomstige Werkwoorde en Adjektiewe gebruik word. Vbb. is: *vol hoop op 'n vergulde toekoms* (Misdade, bls. 58); *vrees vir, verlange na, vertrou op, geskiktheid vir, tevredenheid met, skade aan, iemand of iets.* Dis eienaardig dat, hoewel daar so 'n vaste samehang tussen sulke Subst. en bepaalde Preposiesies bestaan, daar tog geen neiging is om die verbinding tot 'n kompositum te maak nie. Die pouse val altyd voor die Preposiesie, wat dus veel meer neiging vertoon om met die Substantief wat volg same te groei. Daarvan word dit egter gewoonlik weerhou deurdat die volgende Substantiewe so verskillend kan wees. As die Subst. wat die voltooiing uitdruk eerste staan word die Prep. ook gewoonlik daarby gegroepeer. Vgl.: *Vir sulke werk het hy nie die geskiktheid nie.* Dog nie altyd nie. Vgl.: *Die dennebome gee Gert voor pad* (Prosabundel, bls. 142).

176. Gunstiger is die voorwaardes vir samestelling as Substantiewe wat lede is van 'n bepaalde klas, deur dieselfde Preposiesie voorafgegaan word. So 'n klas vorm die Infinitiewe wat same met *om te* dien om die betekenis van 'n ander Substantief te vul. Vgl.: *Jy is nouliks in 'n toestand om te*

*trou* (Getrou, bls. 23); *lus om te gaan*; *moed om te lewe*; *vrees om te beledig*; *gevaar om oorrompel te word*; *hoop om te slaag*; *begeerte om te oorwin*, ens., ens. Hier bestaan werklik rede om van samestelling van *om te* met die volgende Infinitief te praat. Net soos na Ww. kom in die geskrewe taal, onder Nederlandse invloed, egter ook dikwels sinne voor met enkel *te*, wat dus nog met *om te* mededing om 'n plek as eerste lid van die samestelling.

*Opm.* In Suidnederlands word ook *om* sonder *te* gebruik: *om sien*, *om doen*, ens.

177. Ook 'n groot aantal bepalinge wat deur middel van 'n Preposiesie met die bepaalde woord verbonde was het deur verskuiwing van die sintaktiese geleding samegegroeï met die Preposiesie, sodat Prep. + Subst. same nou dien tot bepaling van die eerste Substantief. Analogies kan ook nuwe samestellinge naar dieselfde model gevorm word. Dikwels is die geleding so vlottend, dat altwee opvattinge moontlik is, t.w. dat die Preposiesie dien as bindwoord, of dat die Preposiesie deel uitmaak van die bepaling. Sulke samestellinge ontstaan veral uit samekoppeling wat dikwels in 'n bepaalde vorm voorkom of geïsoleer raak, of wat as geheel, of in een van sy lede, figuurlik moet opgevat word. Vbb.: 'n *komplot in die geheim*; 'n *belofte buite medewete van sy kollega*; 'n *weldoener met milde hand*; 'n *tog per rytuig, te voet, met die trein* (oorspronklik instrumentale bepalinge); *trane met tuite* (oorspronklik 'n bepaling van begeleiding); 'n *hoed sonder rand* (oorspronklik 'n genegeerde begeleiding).

178. By partitiewe verhoudinge kan die bindwoord ook nog die betekenis van die eerste Substantief absorbeer, sodat die verbinding Subst. + Prep. + Subst. word tot Prep. + Subst., b.v. *party van hulle* word *van hulle*. Hierdeur ontstaan egter geen samestelling nie, maar 'n nuwe verbindingstiepe. (Sie § 376).

*Opm.* bij §§ 157-178. Vir die gebruik van die voorsetsels in ander tale moet ons verwys na die groot woordeboeke, soos: die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* deur De Vries e.a.;

*Grimms Deutsches Wörterbuch; Murray's New English Dictionary; die Dictionnaire de l'Académie Française; ens., maar veral ook na die meesterlike behandeling in H. Paul se Deutsches Wörterbuch.* Dis te hope, dat die toekomstige groot Afrikaanse Woordeboek net so 'n deeglike behandeling van die gebruik van die Preposiesies in Afrikaans sal bevat! Deur hulle enigins vae betekenisinhoud is veral die lede van hierdie woordsoort in hulle gebruik onderhewig aan gedurige wisselinge en oorgange. Daarom is dit opmerklik dat Afrikaans in die gebruik van hierdie woordjies so weinig verskil van Nederlands. Vir die vernaamste verskille tussen sewentiende-eeuse en hedendaagse Nederlands kan ons ook verwys na die studies van Van Helten<sup>1)</sup> en Van der Veen<sup>2)</sup>. By 'n kritiese studie is die werk van die laaste veral leersaam, omdat daarin die voorsetselgebruik — egter sonder skifting — van twee afsonderlike dialekte, die Brabantse en die Noordhollandse, behandel is. In veel gevalle waar die Algemeen Beskaafde Nederlands vandag afwyk van die sewentiende-eeuse konstruksies, het Afrikaans die ouer toestand bewaar. Om herhaling te voorkom noem ons ter illustrasie hier voorbeelde van sulke gevalle na Ww. en Adje., sowel as na Subste., uit die dialek van Noord-Holland, meer bepaaldelik Amsterdam, in die sewentiende eeu<sup>3)</sup>: *mannen met de naam; by sich selven komen; leven op iets; praten van iets; met iemand spreken van iets; aen brant steken; wel vaeren van iets; vatten na iets; wonen op een plaats; geboren van; sieck van; vriendelijck met; arm van; rijck van; verlooft aen.*

Die mees opvallende nuwe ontwikkeling in Afrikaans is die veelvuldige gebruik van *vir*, dikwels ten koste van ander Preposiesies<sup>4)</sup>. (Sie ook § 271 en § 274).

Dis alweer die vae inhoud van die Preposiesies wat daarvoor verantwoordelik is, dat juis hierdie woordsoort die Engelse invloed so moeilik kan weerstaan. Onder die Anglisismes in 'Johannes van Wyk' noem Dr. E. C. Pienaar<sup>5)</sup>: *di dorpi van Stellenbosch; fluister aan [Afr. vir] hom; buiging aan [Afr. voor] haar; op één geleentheid; en in 'Stompies': in die maand van*

<sup>1)</sup> *Vondel's Taal*, §§ 238-240.

<sup>2)</sup> *Taaleigen van Bredero*, §§ 112-114; 144-162.

<sup>3)</sup> Uit van Helten, *Vondel's Taal*; Van der Veen, *Taaleigen*; Boekennoogen, *De Zaaansche Volkstaal*.

<sup>4)</sup> Vgl. *Handleiding*, bls. 63 en bls. 78. Vir die ontstaan van die Preps. *bokant, onderkant* ens. vgl. *Handleiding*, bls. 60; en Bosman, *Ontstaan van Afr.*, bls. 116.

<sup>5)</sup> *Taal en Poësie*, bls. 122 en bls. 128.

*April; vir die kortste van oomblikke; vir 'n volle jaar.* Dr. P. C. Schoonees<sup>1)</sup> noem as voorbeelde van Anglisismes o.a. by von Wielligh: *die naaste van drome; in vatbare wyse opgestel; by de Waal: voorsien met; vermorsel aan 'n rots; hy roep op die sangpaar; vervang met; gedagtes in die saak vorm; om jou naamtekening aan hierdie getuigskrif te verkry; om hom met die nou gang te begewe na sy kompartement; hy spring met 'n skrik in sy sitplaas op; 'n kelkie tot mekaar se gesondheid drink; „kom!” roep die boer aan die pêrde; duskant van Paardeberg; ryk in bobbiaan....*; by J. H. Malan: *Uit die gang uit gaan 'n mens by 'n rei trappe op na bo; student in 'n Neerlandse Uniwersiteit; sakdoeke aan die vertrekkende gewaai.*

In geskrewe Afrikaans tree ook Nederlandse invloede sterk op die voorgrond. Vergelyk b.v.: *Om te wag op die jong mannetjie* (Oerwoud, bls. 75); *en veg op lewe en dood* (Vergeet Nie, bls. 26); *maar wat sal hy aan haar sê* (Vergeet Nie, bls. 35); *sê die een teen die ander* (Getrou, bls. 17).

Twee inwendige oorsake werk mee tot onvastheid in die gebruik van die voorsetsels. Die eerste is die onbeholpenheid wat aan die dag kom as skrywers 'n deftige taal probeer gebruik wat hulle nie beheers nie. Vergelyk b.v.: *die kroon was ..deur mak-roosmaryn ... versier* (Prosa, bls. 219). Maar veral kontaminasies kan hier hoogty vier<sup>2)</sup>. Vgl.:

*Sekere voorstanders vir 'n Bybelvertaling* (E. Skrywers, bls. 19) [*< voorvegters vir*].

*Dat Engels 'n gevaarlike mededinger teen Hollands en Afrikaans is* (E. Skrywers, bls. 90) [*< vegter, stryker ens. teen*].

*Onder ons mense hier aan Kaapstad* (E. Skrywers, bls. 159) [*< hier aan die Kaap*].

*En bedien hom met die hotnot- of griekwabenaming* (E. Skrywers, bls. 115) [*< bedien hom met kos, = voorsien van*].

*Eindelik eis die oseaan die landstreke terug wat sedert eeue van hom ontleen is* (Getrou, bls. 19) [*< van hom geleen*].

Uit ou wisselvorme soos *bekommeren om en bekommeren over, schamen om en schamen over* het in Afrikaans 'n gelykstelling van *om en oor* op veel uitgebreider skaal ontstaan, waarby *oor* die winnende party is. Vgl.: *Gaan jy nou werklik daarheen oor die ou noointjie* (Na Olikheid, bls. 27). Deur bemiddeling van sinne soos: *daar staan 'n boom langs die weg,*

<sup>1)</sup> Die Prosa van die Tweede Afr. Beweging, bls. 99, blss. 129-130, bls. 219.

<sup>2)</sup> Vgl. ook Bouman, *Syntaktiese groepen in Afrikaans* (N. Taalg. XVII).

het by *langs* in Afrikaans elke gedagte aan lengte of beweging verdwyn, sodat 'n mens kan sê: *die man staan langs die ashopie*. Eindelik vertoon partisipiale uitdrukkinge 'n kontaminasie wat beïnvloed is deur die verbindingsstiepes van Substantiewe. Soos die passiewe Verbum Finitum kry die adjektiewiese passiewe Part. Preteriti 'n instrumentale bepaling wat ingelei word met die bindwoord *deur*. Vergelyk:

*Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande* (Vergeet Nie, bls. 5).

'n Groot dam, omgroeï deur breedspreidende wilgerbome (Vergeet Nie, bls. 12).

Nog 'n skoot val, deur die ... maanhaar uitgelok (Oerwoud, bls. 31).

Naar die model van die dubbele manier, deur middel van *deur* en *van*, om die verhouding van Gen. Subjectivus by Substantiewe uit te druk (§ 163), dring, versterk deur die analogie van die talryke Adj<sup>e</sup>. met *van* (vgl. *bewus van, siek van, moeg van, treurig van* ens.), en deur die *van* nomina agentis, soos: *die maker van, die beoordelaar van*, ens., die Preposiesie *van* hom egter ook op as bindwoord by sulke Part<sup>a</sup>. Vgl.:

*Wat nog onbeskadig van asvoëls daar lê* (Oerwoud, bls. 71).

*En dan gewaag ons nie eers van die lyding van die voorste voortrekkers in stille verduur* (Boervrouw, bls. 115).

*Vervolgens werd van die landdros die bouw-plan goedgekeur vir 'n drosdy* (Piet Retief, bls. 14).

**179. Geskiedkundig.** In die middeleeue kon die meeste voorsetsels sowel die Datief as die Akkusatief regeer. Enkele kon, veral by 'n Aanwysende Vnwd., ook die Genitief regeer, en daar was ook nog reste van die ou Instrumentalis na 'n Voorsetsel. 'n Paar Voorsetsels het egter byna uitsluitend 'n Akkusatief verlang.<sup>1)</sup>

In sewentiende-eeuse Nederlands kon deur gelykheid van vorm gewoonlik nie meer uitgemaak word of die geregeerde kasus 'n Datief of Akkusatief was nie.<sup>2)</sup>

In Afrikaans het die verdwyn van alle vormverskil om kasus uit te druk by Subst<sup>e</sup>, teweeggebring dat die Preposiesies die een gemeensame vorm regeer. By sommige Pronomina

<sup>1)</sup> Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 118-120.

<sup>2)</sup> Van der Veen, *Taaleigen*, § 147.

bestaan egter nog 'n verboë vorm wat te onderskei is van die Nominatief en deur die Preps. geregeer word (*die woorde van hom; die beroep op my*, ens.), en ook by Subste. bestaan nog verstarde reste van die ouer kasus-reksie. Vgl.: *te allen tyde; in den beginne; mettertyd; ten dele; in der daad* ens. Daarteenoor staan dat in die Noorde *ek en jy* as 'n eenheid gevoel word wat onverboë bly. Vgl.: *Maar vir Duimpie was dit so veel soos 'n hele bottel vol sou wees vir ek en jy* (Duimpie II, bls. 32).

(7) *Verbinding deur middel van Konjunksies.*

180. As twee Substantiewe (Pronomina) waarvan die een die ander bepaal, deur middel van 'n Konjunksie met mekaar verbind word, behou by gewone betoning ieder sy eie aksent en is die aksent van die Konjunksie ondergeskik. Drie Konjunksies kan hierdie enigsins preposisionele funksie vervul: *soos (net soos)* [*< Ndl. zo als*], *nes* [*< Ndl. net als*] en *as*. Ndl. *gelijk*, Vlaams *lijk*, kom nie meer voor in gesproke Afrikaans nie.

181. *Soos* en *nes* word gebruik om 'n vergelyking uit te druk. Vgl.: *'n kêrel soos (nes) 'n boom; 'n voet soos 'n poot; met 'n geluid net soos 'n snik* (Misdade, bls. 97). *Soos* by die verbindings met *van* (Sie § 165.) kan die woord wat aangee waarmee vergelyk word, as die belangrikste, voorop gestel word. Dan is dit egter beter om van 'n identiteit as van 'n vergelyking te praat. Vgl.: *'n Niksnuts soos jy?* (Na Olikheid, bls. 29). Die uitbreiding met *is* — vgl.: *Om vir jou, so 'n basterd soos jy is, te laat vang* (Na Olikheid, bls. 36) — is my in die spreektaal nie bekend nie. Dit kan 'n vertaling wees van Ndl. *die je bent* of Eng. *you are*; of is dit 'n spontane ontwikkeling?

182. Deur verbindings met *as* word 'n beperkende hoedanigheid agteraf vermeld. Vgl.:

*Hulle het hom as kind goed laat skoolgaan* (Veld, bls. 112).

*In 1834 sien ons die vrouw van J. J. Uys met haar man en ander kommissieleden als die enigste vrouw waag om die vreemde wildernis in te gaan* (Boervrouw, bls. 72).

183. In literêre Afrikaans kom egter dikwels onder Nederlandse invloed ook as by vergelykinge voor, waar suiwer Afrikaans soos of *nes* eis. Vgl. :

*Dat 'n taal as Engels, wat algemeen as 'n tiepiese mengeltaal beskou word, daarin verskil . . .* (Ontstaan van Afr., bls. 14).

*Die verlies van die slot-t in woorde as herfs.* (Idem, bls. 95).

*Opm.* by §§ 180-3. Die vorm *als* is in die gesproke taal onbekend en sedert enige jare ook in die geskrewe taal verouderd.